

614244949



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA  
UNIVERSITY OF PRETORIA  
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**BUITELANDSE LASTE EN BATES VAN SUID-AFRIKA**

deur

**PIETER HENDRIK SWART**

Voorgelê ter vervulling van die vereistes  
vir die graad

**MAGISTER COMMERCII (EKONOMIE)**

in die

**FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE**

aan die

**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

**PRETORIA**

**JANUARIE 2000**

657.452

114525896

SWART

© University of Pretoria

## DANKBETUIGINGS

My opregte dank en waardering teenoor die volgende persone vir hul bydrae, aanmoediging en ondersteuning met die voltooiing van hierdie verhandeling:

- my Heer en Hemelse Vader, vir die krag waarsonder hierdie studie nie moontlik sou gewees het nie;
- my vrou, Charmain, vir haar emosionele ondersteuning;
- my ouers wat my deurgaans gemotiveer het om hierdie studie te voltooi;
- die Suid-Afrikaanse Reserwebank wat deur die beskikbaarstelling van statistiese en ander fasiliteite hierdie studie moontlik gemaak het;
- Prof. C. Harmse wat as studieleier opgetree het.

## INHOUDSOPGAWE

### DEEL I

#### INLEIDING EN DIE TEORETIESE ONDERBOU VAN BUITELANDSE LASTE EN BATES

#### HOOFSTUK 1

##### INLEIDING, PROBLEEMSTELLING, DOEL EN BESTEK VAN DIE STUDIE EN METODE VAN ONDERSOEK

1.1	Inleiding.....	2
1.2	Die probleemstelling, doel en bestek van die studie.....	3
1.2.1	Die probleemstelling.....	3
1.2.2	Die doel van die studie en hipotese stelling.....	3
1.2.3	Die bestek van die studie.....	4
1.3	Die metode van ondersoek en die indeling van die verhandeling.....	4
1.3.1	Die metode van ondersoek.....	4
1.3.2	Die indeling van die verhandeling.....	4

#### HOOFSTUK 2

##### TEORETIESE ONDERBOU VAN BUITELANDSE LASTE EN BATES

2.1	Inleiding.....	7
2.2	Begrippe en definisies.....	9
2.2.1	Binnelandse gebied.....	9
2.2.2	Inwoner van Suid-Afrika.....	9

2.2.3	Buitelandse bates.....	10
2.2.4	Buitelandse laste.....	11
2.2.5	Regstreekse belegging.....	11
2.2.6	Onregstreekse belegging.....	13
2.2.7	Openbare owerhede.....	13
2.2.8	Openbare korporasies.....	14
2.2.9	Monetêre sektor.....	14
2.2.10	Nie-monetêre privaat sektor.....	14
2.2.11	Langtermynkapitaal.....	14
2.2.12	Korttermynkapitaal.....	15
2.2.13	Nywerheidsklassifikasie.....	15
2.2.14	Waardasie- en tydaansuiwering.....	16
2.3	Die kodestelsel van die Standaardnywerheidsklassifikasie volgens die Vyfde Uitgawe.....	17
2.3.1	Hoofverskille tussen die Vyfde en die Vierde Uitgawe van die Standaardnywerheidsklassifikasie.....	17
2.4	Internasionale Monetêre Fonds standarde.....	19
2.4.1	Inleiding.....	19
2.4.2	Eenheid van verrekening.....	19
2.4.3	Verwantskap tussen die Internasionale Beleggingsposisie en Buitelandse Skuld.....	21
2.4.4	Beleggingsinkomste, Opbrengskoerse en die Internasionale Beleggingsposisie.....	21
2.4.5	Geografiese rapportering.....	22
2.4.6	Direkte beleggingsinstellings.....	23
2.4.7	Direkte beleggers.....	24
2.4.8	Direkte beleggingskapitaal.....	25
2.4.9	Waardasie van voorrade.....	25
2.4.10	Portefeulje beleggings.....	26
2.4.11	Langtermyn en korttermyn beleggings.....	26
2.5	Historiese oorsig van die vyf sensusprojekte.....	27

2.5.1	Die eerste sensus van buitelandse bates en laste in die Unie van Suid-Afrika - 1956.....	27
2.5.2	Die tweede sensus van Suid-Afrika se buitelandse transaksies, laste en bates - 1973.....	28
2.5.3	Die derde sensus van Suid-Afrika se buitelandse transaksies, laste en bates - 1980.....	29
2.5.4	Die vierde sensus van Suid-Afrika se buitelandse transaksies, laste en bates - 1989.....	32
2.5.5	Die vyfde sensus van Suid-Afrika se buitelandse transaksies, laste en bates - 1995.....	33
2.6	Sensusmetodiek.....	35
2.6.1	Inleiding.....	35
2.6.2	Die bepaling van 'n teikengroep.....	35
2.6.3	Stappe in die ontwerp van vraelyste en vorms.....	36
2.6.4	Vraelyste en vorms.....	38
2.6.4.1	Vorm 1: Die bepaling van individuele instellings se toepaslike inligting.....	38
2.6.4.2	Vorm 2: Die verkryging van volledige balansstaat-inligting.....	40
2.6.4.3	Vorm 3: Die meting van indirekte buitelandse belang in Suid-Afrikaanse maatskappye.....	44
2.6.4.4	Vorm 4: Die meting van die besit van Suid-Afrikaanse eiendom deur nie-inwoners.....	46
2.6.4.5	Vorm 5: Die meting van die buitelandse laste en bates van die monetêre sektor.....	47
2.6.5	Voorraad teenoor verandering begrip.....	48
2.6.6	Die belangrikheid van groot instansies.....	50
2.7	Die verwantskap tussen die betalingsbalans en buitelandse laste en bates.....	52
2.7.1	Lopende rekening van die betalingsbalans.....	52
2.7.2	Kapitaalrekening van die betalingsbalans.....	53
2.7.3	Goud- en ander buitelandse reserwes.....	53

2.8	Samevatting.....	53
-----	------------------	----

## DEEL II

### SUID-AFRIKA SE BUITELANDSE LASTE EN BATES VIR DIE PERIODE 1956 - 1988

#### HOOFSTUK 3

##### SUID-AFRIKA SE BUITELANDSE LASTE VIR DIE PERIODE 1956 - 1988

3.1	Inleiding.....	56
3.2	Groei in buitelandse belegging.....	57
3.3	Regstreekse en onregstreekse belegging.....	62
3.4	Buitelandse belegging volgens ekonomiese sektor.....	67
3.5	Buitelandse belegging volgens instrument en termyn.....	69
3.6	Geografiese verdeling van buitelandse laste.....	77
3.7	Samevatting.....	88

#### HOOFSTUK 4

##### SUID-AFRIKA SE BUITELANDSE BATES VIR DIE PERIODE 1956 - 1988

4.1	Inleiding.....	90
4.2	Groei in buitelandse belegging.....	91
4.3	Regstreekse en onregstreekse belegging.....	94
4.4	Buitelandse belegging volgens ekonomiese sektor.....	101



4.5	Buitelandse belegging volgens instrument en termyn.....	103
4.6	Geografiese verdeling van buitelandse bates.....	105
4.7	Netto internasionale verpligtinge van Suid-Afrika.....	116
4.8	Samevatting.....	118

### DEEL III

## SUID-AFRIKA SE BUITELANDSE LASTE EN BATES VIR DIE PERIODE 1989 - 1996

### HOOFSTUK 5

#### SUID-AFRIKA SE BUITELANDSE LASTE VIR DIE PERIODE 1989 - 1996

5.1	Inleiding.....	121
5.2	Groei in buitelandse belegging.....	122
5.3	Regstreekse en onregstreekse belegging.....	124
5.4	Buitelandse belegging volgens ekonomiese sektor.....	126
5.5	Buitelandse belegging volgens instrument en termyn.....	129
5.6	Geografiese verdeling van buitelandse laste.....	132
5.7	Buitelandse laste volgens die Vyfde Uitgawe van die Standaardnywerheidsklassifikasie.....	134
5.8	Samevatting.....	143

### HOOFSTUK 6

#### SUID-AFRIKA SE BUITELANDSE BATES VIR DIE PERIODE 1989 - 1996

7.1	Inleiding.....	145
7.2	Groei in buitelandse belegging.....	146
7.3	Regstreekse en onregstreekse belegging.....	150
7.4	Buitelandse belegging volgens ekonomiese sektor.....	151
7.5	Buitelandse belegging volgens instrument en termyn.....	153
7.6	Geografiese verdeling van buitelandse bates.....	154
7.7	Netto internasionale verpligtinge van Suid-Afrika.....	158
7.8	Samevatting.....	160

## HOOFSTUK 7

### SAMEVATTING EN BEVINDINGE

7.1	Samevatting.....	162
7.1.1	Buitelandse laste van Suid-Afrika.....	162
7.1.2	Buitelandse bates van Suid-Afrika.....	165
7.2	Bevindinge.....	168

### ADDENDUM 1

Hoofafdelings, Afdelings en Hoofgroepe van die Kodestelsel van die Standaardnywerheidsklassifikasie.....	174
---	-----



## LYS VAN TABELLE

<b>Tabel 1</b>	Fiktiewe voorstelling van vorm 2 data.....	41
<b>Tabel 2</b>	Fiktiewe voorstelling van vorm 3 data.....	45
<b>Tabel 3</b>	Voorbeeld van die veranderingbegrip - sensusjaar.....	49
<b>Tabel 4</b>	Voorbeeld van die veranderingbegrip - jaar na die sensus.....	49
<b>Tabel 5</b>	Voorbeeld van die veranderingbegrip - totaal.....	50
<b>Tabel 6</b>	Instellings wat bygedra het tot items vir die sensusjaar 1995.....	51
<b>Tabel 7</b>	Persentasie groei in buitelandse belegging in Suid-Afrika op jaar- eindes en saldo op die lopende rekening van die betalingsbalans.....	59
<b>Tabel 8</b>	Verhouding van regstreekse en onregstreekse buitelandse laste tot totale buitelandse laste soos op jaareindes (persentasie).....	64
<b>Tabel 9</b>	Verspreiding van buitelandse laste volgens ekonomiese sektor soos op jaareindes (persentasie).....	66
<b>Tabel 10</b>	Buitelandse laste van Suid-Afrika - 1956 - 1962.....	70
<b>Tabel 11</b>	Buitelandse laste van Suid-Afrika - 1963 - 1969.....	71
<b>Tabel 12</b>	Buitelandse laste van Suid-Afrika - 1970 - 1976.....	72
<b>Tabel 13</b>	Buitelandse laste van Suid-Afrika - 1977 - 1983.....	73
<b>Tabel 14</b>	Buitelandse laste van Suid-Afrika - 1984 - 1988.....	74
<b>Tabel 15</b>	Verspreiding van buitelandse laste volgens termyn soos op jaareindes (persentasie).....	76
<b>Tabel 16</b>	Buitelandse laste van Suid-Afrika volgens geografiese gebied - 1956.....	78
<b>Tabel 17</b>	Buitelandse laste van Suid-Afrika volgens geografiese gebied - 1960.....	79
<b>Tabel 18</b>	Buitelandse laste van Suid-Afrika volgens geografiese gebied - 1964.....	80
<b>Tabel 19</b>	Buitelandse laste van Suid-Afrika volgens geografiese gebied - 1968.....	81
<b>Tabel 20</b>	Buitelandse laste van Suid-Afrika volgens geografiese	

	gebied - 1972.....	82
<b>Tabel 21</b>	Buitelandse laste van Suid-Afrika volgens geografiese gebied - 1976.....	83
<b>Tabel 22</b>	Buitelandse laste van Suid-Afrika volgens geografiese gebied - 1980.....	84
<b>Tabel 23</b>	Buitelandse laste van Suid-Afrika volgens geografiese gebied - 1984.....	85
<b>Tabel 24</b>	Buitelandse laste van Suid-Afrika volgens geografiese gebied - 1988.....	86
<b>Tabel 25</b>	Verspreiding van buitelandse laste van Suid-Afrika volgens geografiese gebied soos op uitgesoekte jaareindes (persentasie).....	87
<b>Tabel 26</b>	Persentasie groei in die buitelandse bates van Suid-Afrika op jaareindes en persentasie verandering van die jaareind Rand/VSA-dollar wisselkoers.....	92
<b>Tabel 27</b>	Buitelandse bates van Suid-Afrika - 1956 - 1962.....	95
<b>Tabel 28</b>	Buitelandse bates van Suid-Afrika - 1963 - 1969.....	96
<b>Tabel 29</b>	Buitelandse bates van Suid-Afrika - 1970 - 1976.....	97
<b>Tabel 30</b>	Buitelandse bates van Suid-Afrika - 1977 - 1983.....	98
<b>Tabel 31</b>	Buitelandse bates van Suid-Afrika - 1984 - 1988.....	99
<b>Tabel 32</b>	Verhouding van regstreekse en onregstreekse buitelandse bates tot totale buitelandse bates soos op jaareindes (persentasie).....	100
<b>Tabel 33</b>	Verspreiding van buitelandse bates volgens ekonomiese sektor soos op jaareindes (persentasie).....	102
<b>Tabel 34</b>	Verspreiding van buitelandse bates volgens termyn soos op jaareindes (goudreserwes uitgesluit) (persentasie).....	104
<b>Tabel 35</b>	Buitelandse bates van Suid-Afrika volgens geografiese gebied - 1956.....	106
<b>Tabel 36</b>	Buitelandse bates van Suid-Afrika volgens geografiese gebied - 1960.....	107
<b>Tabel 37</b>	Buitelandse bates van Suid-Afrika volgens geografiese gebied - 1964.....	108

<b>Tabel 38</b>	Buitelandse bates van Suid-Afrika volgens geografiese gebied - 1968.....	109
<b>Tabel 39</b>	Buitelandse bates van Suid-Afrika volgens geografiese gebied - 1972.....	110
<b>Tabel 40</b>	Buitelandse bates van Suid-Afrika volgens geografiese gebied - 1976.....	111
<b>Tabel 41</b>	Buitelandse bates van Suid-Afrika volgens geografiese gebied - 1980.....	112
<b>Tabel 42</b>	Buitelandse bates van Suid-Afrika volgens geografiese gebied - 1984.....	113
<b>Tabel 43</b>	Buitelandse bates van Suid-Afrika volgens geografiese gebied - 1988.....	114
<b>Tabel 44</b>	Verspreiding van buitelandse bates van Suid-Afrika volgens geografiese gebied soos op uitgesoekte jaareindes (persentasie).....	115
<b>Tabel 45</b>	Suid-Afrika se netto internasionale verpligtinge en groei in bruto binnelandse produk.....	117
<b>Tabel 46</b>	Persentasie groei in buitelandse belegging in Suid-Afrika op jaareindes en saldo op die lopende rekening van die betalingsbalans. ....	123
<b>Tabel 47</b>	Verhouding van regstreekse en onregstreekse buitelandse laste tot totale buitelandse laste soos op jaareindes (persentasie).....	126
<b>Tabel 48</b>	Verspreiding van buitelandse laste volgens ekonomiese sektor soos op jaareindes (persentasie).....	127
<b>Tabel 49</b>	Verspreiding van buitelandse laste volgens termyn soos op jaareindes (persentasie).....	130
<b>Tabel 50</b>	Buitelandse laste van Suid-Afrika - 1989 - 1996.....	132
<b>Tabel 51</b>	Buitelandse laste van Suid-Afrika volgens geografiese gebied - 1996.....	134
<b>Tabel 52</b>	Verspreiding van buitelandse laste van Suid-Afrika volgens geografiese gebied soos op uitgesoekte jaareindes (persentasie).....	135
<b>Tabel 53</b>	Verspreiding van buitelandse laste van Suid-Afrika volgens die	

	Vyfde Uitgawe van die Standaardnywerheidsklassifikasie soos op uitgesoekte jaareindes (persentasie).....	136
<b>Tabel 54.1</b>	Buitelandse laste van Suid-Afrika volgens tipe ekonomiese bedrywigheid, 31 Desember 1989.....	138
<b>Tabel 54.2</b>	Buitelandse laste van Suid-Afrika volgens tipe ekonomiese bedrywigheid, 31 Desember 1989.....	139
<b>Tabel 55.1</b>	Buitelandse laste van Suid-Afrika volgens tipe ekonomiese bedrywigheid, 31 Desember 1996.....	140
<b>Tabel 55.2</b>	Buitelandse laste van Suid-Afrika volgens tipe ekonomiese bedrywigheid, 31 Desember 1996.....	141
<b>Tabel 56</b>	Persentasie groei in die buitelandse bates van Suid-Afrika op jaareindes en persentasie verandering van die jaareind Rand/VSA-dollar wisselkoers.....	147
<b>Tabel 57</b>	Buitelandse bates van Suid-Afrika - 1989 - 1996.....	175
<b>Tabel 58</b>	Verhouding van regstreekse en onregstreekse buitelandse bates tot totale buitelandse bates soos op jaareindes (persentasie).....	152
<b>Tabel 59</b>	Verspreiding van buitelandse bates volgens ekonomiese sektor soos op jaareindes (persentasie).....	153
<b>Tabel 60</b>	Verspreiding van buitelandse bates volgens termyn soos op jaareindes (goudreserwes uitgesluit) (persentasie).....	155
<b>Tabel 61</b>	Buitelandse bates van Suid-Afrika volgens geografiese gebied - 1996.....	156
<b>Tabel 62</b>	Verspreiding van buitelandse bates van Suid-Afrika volgens geografiese gebied soos op uitgesoekte jaareindes (persentasie).....	157
<b>Tabel 63</b>	Suid-Afrika se netto internasionale verpligtinge en groei in bruto binnelandse produk.....	160



**DEEL I**

**INLEIDING EN DIE TEORETIESE ONDERBOU VAN BUITELANDSE  
LASTE EN BATES**

## HOOFSTUK 1

### INLEIDING, PROBLEEMSTELLING, DOEL EN BESTEK VAN DIE STUDIE EN METODE VAN ONDERSOEK

#### 1.1 Inleiding

Die doel van hierdie hoofstuk is om 'n inleiding tot die studie te verskaf. Die probleemstelling word ook uiteengesit asook die doel en bestek van die studie. Ter afsluiting word die metode van ondersoek bespreek en die indeling van die verhandeling.

Buitelandse kapitaal is van kardinale belang vir 'n ontwikkelende ekonomie soos Suid-Afrika om in sy groei-behoefte te voorsien, veral vanweë Suid-Afrika se reputasie as 'n land met lae binnelandse besparing. Dit is dan veral direkte buitelandse kapitaal wat langtermyn van aard is en in produktiewe plaaslike bates belê word wat 'n bydrae lewer tot 'n land se ekonomiese groei koers. Hierdie kapitaal lei ook tot werkskepping wat in die huidige omstandighede seker die nommer een prioriteit van die regering van die dag moet wees.

Daar is egter 'n verskeidenheid van veranderlikes wat 'n rol speel in die besluit van 'n buitelandse party wat in 'n land wil belê. Soos wat die ontdekking van goud in Suid-Afrika 'n groot rol gespeel het in die aanvanklike invloed van buitelandse kapitaal, moet Suid-Afrika sorg dat die klimaat geskep word wat gunstig is vir die res van die wêreld om langtermyn direkte beleggings in Suid-Afrika te maak.

Suid-Afrikaanse instellings, wat tot vroeg in die negentigerjare deur streng valutabeheermaatreëls beperk is om in die buiteland te belê, het sedert die verslapping in valutabeheer gebruik gemaak van die toegewings en op groot skaal in die buiteland belê. Dit is veral portefeulje (indirekte) beleggings in die buiteland wat die grootste stygings getoon het, omrede dié tipe beleggings nie voorheen toegelaat is deur die valutabeheerowerhede nie.

Vir 'n ontwikkelende land soos Suid-Afrika is die land se buitelandse bates besonder hoog en dui

dit ook op die belangstelling van Suid-Afrikaners om hul portefeuljes te diversifiseer. Die hoë vlak van Suid-Afrika se buitelandse bates kan ook daarop dui dat die effek van die uiteindelijke afskaffing van valutabeheer nie so groot sal wees op die betalingsbalans nie, omrede die versadigingspunt van buitelandse beleggings vir die doeleindes van diversifikasie moontlik reeds bereik is.

## **1.2 Die probleemstelling, doel en bestek van die studie**

### **1.2.1 Die probleemstelling**

Die probleem wat ontstaan, is dat Suid-Afrika nie die verlangde kapitaalvloeie trek wat benodig word om die land se lae besparingsvlakke aan te vul om sodoende die ekonomiese groeikoers te laat styg tot vlakke wat benodig word nie. Sekere veranderlikes moet gunstig wees, alvorens 'n land buitelandse belegging sal aanlok. Die vraag is of 'n land soos Suid-Afrika in staat is om hierdie veranderlikes te manipuleer, binne die raamwerk van die markmeganisme, om sodoende die verlangde buitelandse kapitaal te kan verdien tot voordeel van die breë ekonomie.

### **1.2.2 Die doel van die studie en hipotese stelling**

Die doel van hierdie studie is vierledig van aard, naamlik om:

- (i) 'n Historiese oorsig te verskaf van die projekte wat noodsaaklik was vir die bepaling van Suid-Afrika se buitelandse laste en bates en die teoretiese raamwerk te verduidelik waarvolgens Suid-Afrika se buitelandse laste en bates gemeet en gepubliseer word.
- (ii) Die historiese verloop van Suid-Afrika se buitelandse laste te ontleed vanaf 1956 tot 1996 asook die veranderlikes wat 'n invloed uitgeoefen het op Suid-Afrika se buitelandse laste.
- (iii) Die historiese verloop van Suid-Afrika se buitelandse bates te ontleed vanaf 1956 tot 1996 asook die veranderlikes wat 'n invloed uitgeoefen het op Suid-Afrika se buitelandse bates.

- (iv) Die invloed van die verskeie ekonomiese veranderlikes op Suid-Afrika se buitelandse laste en bates te verduidelik.

### **1.2.3 Die bestek van die studie**

Die studie behels eerstens 'n teoretiese ontleding van Suid-Afrika se buitelandse laste en bates. Verder word die historiese verloop van Suid-Afrika se buitelandse laste en bates verduidelik, met verwysing na veranderlikes wat 'n invloed op die ekonomiese grootheid uitoefen. Daar sal ook nagevors word of die veranderlikes deurentyd dieselfde invloed op Suid-Afrika se buitelandse laste en bates uitoefen, en of die somtotaal van al die veranderlikes lei tot 'n verandering in die buitelandse laste en bates van Suid-Afrika.

## **1.3 Die metode van ondersoek en die indeling van die verhandeling**

### **1.3.1 Die metode van ondersoek**

Daar is deurgaans van die historiese metode van ondersoek as navorsingsmetode gebruik gemaak. Bo en behalwe die publikasies en artikels wat gemeld is, is daar sterk gesteun op die data beskikbaar by die Suid-Afrikaanse Reserwebank en kennis van personeel van die Reserwebank. Verder is gebruik gemaak van kwartaalblaai van die Suid-Afrikaanse Reserwebank sowel as bylae tot hierdie publikasies.

### **1.3.2 Die indeling van die verhandeling**

Hoofstuk 1 bestaan uit 'n inleidende gedeelte waarin die agtergrond van die verhandeling geskets word. Die probleemstelling word ook uiteengesit sowel as die doel en bestek van die studie. Ter afsluiting word die metode van ondersoek bespreek en die indeling van die verhandeling.

Hoofstuk 2 bevat die teoretiese agtergrond met betrekking tot 'n land se buitelandse laste en bates



tesame met begrippe en definisies wat in die verhandeling gebruik word. Verder word die verslagdoeningstandaarde wat gestel word deur die Internasionale Monetêre Fonds bespreek. Daar word ook 'n uiteensetting gegee van die sensusprojekte wat deur die SA Reserwebank gehou is en die metodiek ten opsigte van 'n sensus word bespreek. Laastens word die verwantskap tussen 'n land se betalingsbalans en buitelandse laste en bates bespreek.

Hoofstuk 3 bevat 'n historiese ontleding van Suid-Afrika se buitelandse laste vanaf 1956 tot 1988. Die ontleding word gedoen volgens groei in buitelandse belegging, regstreekse en onregstreekse buitelandse belegging en buitelandse belegging volgens ekonomiese sektor, instrument en termyn sowel as geografiese indeling.

Hoofstuk 4 bestaan uit 'n historiese ontleding van Suid-Afrika se buitelandse bates vanaf 1956 tot 1988. Die ontleding word gedoen volgens groei in buitelandse belegging, regstreekse en onregstreekse buitelandse belegging en buitelandse belegging volgens ekonomiese sektor, instrument en termyn sowel as geografiese indeling. Verder word gekyk na Suid-Afrika se netto internasionale verpligtinge tydens hierdie periode.

Hoofstuk 5 bevat 'n historiese ontleding van Suid-Afrika se buitelandse laste vanaf 1989 tot 1996. Die ontleding word gedoen volgens groei in buitelandse belegging, regstreekse en onregstreekse buitelandse belegging en buitelandse belegging volgens ekonomiese sektor, instrument en termyn sowel as geografiese indeling. Daar word ook gekyk na die verdeling van Suid-Afrika se buitelandse laste volgens die Vyfde Uitgawe van die Standaardnywerheidsklassifikasie.

Hoofstuk 6 bestaan uit 'n historiese ontleding van Suid-Afrika se buitelandse bates vanaf 1989 tot 1996. Die ontleding word gedoen volgens groei in buitelandse belegging, regstreekse en onregstreekse buitelandse belegging en buitelandse belegging volgens ekonomiese sektor, instrument en termyn sowel as geografiese indeling. Daar word ook gekyk na Suid-Afrika se netto internasionale verpligtinge tydens hierdie periode.

Hoofstuk 7 bestaan uit 'n samevatting en bevindinge wat gemaak is met betrekking tot veranderlikes wat 'n invloed op 'n land se buitelandse laste en bates uitoefen en hul onderlinge



verwantskappe.

## HOOFSTUK 2

### TEORETIESE ONDERBOU VAN BUITELANDSE LASTE EN BATES

#### 2.1 Inleiding

Die doel van hierdie hoofstuk is om aan die leser die teoretiese agtergrond te gee om die daaropvolgende hoofstukke te kan verstaan en te interpreteer. Verder word die standaard wat gestel word deur die Internasionale Monetêre Fonds bespreek. Daar word ook 'n uiteensetting gegee van die sensusprojekte wat deur die SA Reserwebank gehou is en die metodiek ten opsigte van 'n sensus word bespreek. Laastens word die verwantskap tussen 'n land se betalingsbalans en buitelandse laste en bates bespreek.

As gevolg van die relatiewe belangrikheid van Suid-Afrika se buitelandse transaksies in vergelyking met sy totale ekonomiese bedrywigheid, het betalingsbalansoorwegings nog altyd 'n belangrike rol in die formulering van ekonomiese beleid gespeel. Noukeurige inligting oor 'n land se buitelandse betrekkinge is net so belangrik omdat dit die owerhede op 'n sistematiese wyse van 'n rekord van buitelandse transaksies en die internasionale beleggingsposisie van die land voorsien. Omdat hierdie rekeninge boonop deel vorm van die breër makro-ekonomiese rekeningkundige stelsel, verklaar hulle die invloed van buitelandse transaksies op die nasionale inkome, besparings en ander belangrike groothede (SARB, 1982:9). (In hierdie studie word die afkorting SARB deurgaans gebruik om die Suid-Afrikaanse Reserwebank aan te dui).

Buitelandse laste en buitelandse bates verteenwoordig die krediteur- en debiteurverhoudinge wat tussen verskillende lande bestaan. Gevolglik is die algemene beginsel wat van toepassing is by die bepaling van krediteur-debiteurverhoudinge binne 'n land, ook van toepassing op sodanige verhoudinge tussen lande. So byvoorbeeld mag 'n Suid-Afrikaanse inwoner wat fondse nodig vir die finansiering van 'n sakeonderneming, 'n beroep doen op óf plaaslike óf buitelandse beleggers om die nodige middele te voorsien, en 'n ooreenkomstige binnelandse of buitelandse las sal dus ontstaan. Op soortgelyke wyse sal die voorsiening van middele deur 'n Suid-Afrikaanse inwoner aan 'n buitelandse tot die ontstaan van 'n buitelandse bate aanleiding gee (SARB, 1962:5).

In die geval van 'n sakeonderneming, word krediteur-debiteurverhoudinge gewoonlik in die vorm van 'n balansstaat weerspieël, en die krediteure of debiteure van so 'n onderneming kan óf plaaslike inwoners óf buitelanders wees, dit wil sê die laste en bates in die balansstaat kan as óf binnelands óf buitelands geklassifiseer word. As alle buitelandse laste en buitelandse bates in die balansstaat van alle plaaslike inwoner-ondernemings en individue in een staat saamgevat of gekonsolideer word, kan so 'n staat as 'n staat van buitelandse laste en bates beskryf word (SARB, 1962:5).

Uit hierdie oorwegings volg dit dat balansstaatgegevens die grondslag vir die bepaling van buitelandse laste en bates vorm. Daar moet gelet word dat die krediteur-debiteurverhoudinge, waarna hierbo verwys is, nie slegs op aflosbare lenings en uitstaande lopende rekenings betrekking het nie, maar ook op uitgereikte aandele en vaste bates soos geboue wat regstreeks aangekoop is (SARB, 1962:5).

Die Suid-Afrikaanse Reserwebank is kragtens Owerheidskennisgewing nrs. 702 en 703 van 1956 amptelik vir die samestelling van Suid-Afrika se betalingsbalansstatistiek en inligting ten opsigte van die land se *internasionale beleggingsposisie* verantwoordelik (SARB, Junie 1993:3). Benewens die belangrikheid van die akkurate meting van die betalingsbalans en *internasionale beleggingsposisie* vir die doeleindes van ekonomiese beleidsformulering, is Suid-Afrika daartoe verbind om met gereelde tussenposes gedetailleerde gegewens aan die Internasionale Monetêre Fonds te voorsien. Kragtens Klousule 5 van Artikel VII van die Akte van Ooreenkoms van die Internasionale Monetêre Fonds, is die land verplig om *betroubare* betalingsbalans- en internasionale beleggingstatistieke aan die Fonds te voorsien (SARB, 1998:11). Bowendien word dit spesifiek in hierdie klousule van die akte vermeld dat: "Lede onderneem, ... om die verlangde inligting so volledig en noukeurig as wat prakties moontlik is, te voorsien en om sover moontlik blote ramings te vermy." (SARB, 1982:9). Hierdie onderneming plaas derhalwe die land onder 'n verpligting om betroubare inligting oor Suid-Afrika se buitelandse betrekkings saam te stel en maak sensusopnames met taamlik gereelde tussenposes noodsaaklik.

## 2.2 Begrippe en definisies

Dit is belangrik dat die leser eers vertrouwd is met al die begrippe en definisies wat gebruik word in hierdie studie voordat daar in meer diepte gekyk word na Suid-Afrika se buitelandse laste en bates. Die begrippe en definisies wat in die sensusse gebruik is, berus op internasionale standaarde wat deur die Internasionale Monetêre Fonds in sy *Betalingsbalanshandleiding* neergelê is, en wat ietwat vir Suid-Afrikaanse omstandighede aangepas is (SARB, 1998:12). Verder word gebruik gemaak van die nuutste beskikbare definisies wat gebruik is vir die opname van die vyfde sensus van buitelandse laste en bates van Suid-Afrika.

### 2.2.1 Binnelandse gebied

Die binnelandse gebied van Suid-Afrika verwys na die Republiek van Suid-Afrika (SARB, 1998:12).

### 2.2.2 Inwoner van Suid-Afrika

'n Inwoner van Suid-Afrika word omskryf as:

- (i) 'n individu wat in Suid-Afrika woon, of van plan is om in Suid-Afrika te woon of sy hoofkwartier in Suid-Afrika te maak vir 'n tydperk van twaalf opeenvolgende maande of langer;
- (ii) 'n organisasie wat in Suid-Afrika sake doen, met die uitsondering van enige buitelandse diplomatieke of militêre sending of verteenwoordiger in Suid-Afrika; en
- (iii) 'n Suid-Afrikaanse ambassade of konsulaat in die buiteland.

In die geval van individue word die begrip "inwoner" omskryf om alle persone in te sluit wat anders as op 'n tydelike grondslag in Suid-Afrika woon. Sulke individue word gesien as persone wat hul "belangegebied" in Suid-Afrika het. In die besonder sluit inwoners van Suid-Afrika alle persone in wat in die binnelandse gebied van Suid-Afrika woon, behalwe trekarbeiders, toeriste, bemanningslede van skepe of vliegtuie en amptelike diplomatieke en konsulêre verteenwoordigers.

Organisasies wat in Suid-Afrika sake doen, sluit in openbare owerhede, openbare korporasies, maatskappye, takke, nie-geïnkorporeerde ondernemings, boedels, trusts en nie-winssoekende organisasies wat met die produksie van goedere en dienste binne die gebied van Suid-Afrika gemoeid is, selfs al word dit deur nie-inwoners besit. Die omskrywing van 'n onderneming ingevolge die gebied waarin dit geleë is, maak dit meermalig nodig om 'n enkele regs persoon (bv. 'n moedermaatskappy wat in een land sake doen en sy nie-geïnkorporeerde tak in 'n ander land) in twee of meer afsonderlike ondernemings te verdeel. Internasionale kontrakteurs wat kontrakwerk in minder as een jaar in Suid-Afrika voltooi, word as nie-inwoners beskou, maar as die konstruksiewerk langer as een jaar duur, word hulle as inwoners van Suid-Afrika beskou. In ooreenstemming met die beginsels wat deur die Internasionale Monetêre Fonds neergelê is, word alle laste en bates van buitelandse prinsipale as buitelandse laste en bates beskou, selfs al sou Suid-Afrikaanse agente transaksies namens die buitelandse prinsipale doen (SARB, 1998:12-13).

### **2.2.3 Buitelandse bates**

Buitelandse bates sluit die volgende bates in wat deur inwoners van Suid-Afrika besit word:

- (i) aandeel- en ander eienaarsbelang in buitelandse organisasies, insluitende kapitaalaandele in die geval van vennootskappe;
- (ii) finansiële en ander eise teen nie-inwoners, insluitende eise teen buitelandse bankinstellings en effekte wat deur buitelandse owerhede uitgereik is;
- (iii) buitelandse papiergeld en munt;
- (iv) vaste eiendom en plase, insluitende verbeterings, wat in die buiteland geleë is;
- (v) voorrade en ander fisiese bates wat in die buiteland geleë is (Suid-Afrikaanse goedere in transito word as binnelandse bates beskou);
- (vi) versekeringspolisse wat deur buitelandse versekeringsorganisasies uitgereik is;
- (vii) huurkontrakte, konsessies en grond- of minerale regte in die buiteland; en
- (viii) patente, handelsmerke en soortgelyke regte wat aan buitelanders toegestaan is (SARB, 1998:13).

#### **2.2.4 Buitelandse laste**

Buitelandse laste sluit die volgende binnelandse bates in wat deur nie-inwoners besit word:

- (i) aandele- en ander eienaarsbelang in Suid-Afrikaanse organisasies, insluitende kapitaalaandele in die geval van vennootskappe;
- (ii) finansiële en ander eise teen inwoners van Suid-Afrika, met inbegrip van eise teen Suid-Afrikaanse banke en sekuriteite wat deur instellings in die openbare en privaat sektore van Suid-Afrika uitgereik is;
- (iii) papiergeld en munt van Suid-Afrika;
- (iv) vaste eiendom en plase, insluitende verbeterings, wat in Suid-Afrika geleë is en deur nie-inwoners besit word;
- (v) versekeringspolisse uitgereik deur versekeringsorganisasies wat inwoners van Suid-Afrika is;
- (vi) huurkontrakte, konsessies en grond- of minerale regte in Suid-Afrika; en
- (vii) patente, handelsmerke en soortgelyke regte wat aan inwoners van Suid-Afrika toegestaan is (SARB, 1998:13).

#### **2.2.5 Regstreekse belegging**

By die opname en ontleding van buitelandse laste en bates is dit belangrik om tussen regstreekse belegging en ander soorte belegging te onderskei vanweë die weselike verskille in die neem van beleggingsbesluite van so 'n uiteenlopende aard. In die geval van regstreekse belegging bestaan daar 'n besondere verwantskap tussen die transakteurs: een instelling is potensieel daartoe in staat om 'n betekenisvolle invloed oor die bedrywighede van 'n ander in 'n ander land uit te oefen. Die voordele wat regstreekse beleggers verwag om uit hul beleggings te verkry, verskil van die verwagtings van ander beleggers. Regstreekse beleggers is in die posisie om nie net inkomste op die kapitaalbelegging te ontvang nie, maar ook ander voordele soos bestuursfooie, die uitbreiding van uitvoermarkte of die beveiliging van grondstofbronne. In teenstelling hiermee word portefeuljebeleggers primêr aangespoor deur armlengte-oorwegings soos inkomste, kapitaalappresiasie, bemarkbaarheid, belastingvoordele en die veiligheid van kapitaal (SARB, 1998:13).

Die skeidslyn tussen regstreekse en onregstreekse belegging is nie klinkklaar nie. In ooreenstemming met die *Betalingsbalanshandleiding*, word 'n sekere minimumvlak van eienaarsbelang meestal beskou as 'n aanduiding van effektiewe seggenskap in die bestuur van 'n onderneming. Hierdie maatstaf word hoofsaaklik gebruik om regstreekse belegging in Suid-Afrika te omskryf, maar voorsiening word ook gemaak vir ander metodes waardeur nie-inwoners 'n effektiewe seggenskap in die bestuur van 'n Suid-Afrikaanse onderneming mag bekom (SARB, 1998:13).

Belegging deur buitelanders in Suid-Afrikaanse ondernemings word as regstreekse belegging beskou as dit die volgende behels:

- (i) besit van 'n tak of deelname van buitelanders in 'n vennootskap in Suid-Afrika; of
- (ii) eienaarskap van ten minste 10 persent van die stemreg in 'n organisasie in Suid-Afrika deur een buitelandse inwoner of verskeie geaffilieerde buitelandse inwoners; of
- (iii) eienaarskap van minder as 10 persent van die stemreg in 'n organisasie in Suid-Afrika, mits die buitelandse inwoners nogtans in staat is om 'n effektiewe seggenskap in die beleid van die organisasie uit te oefen, soos byvoorbeeld ingevolge tantieme- en bestuursooreenkomste (SARB, 1998:13-14).

Volgens hierdie beskrywing mag nie-inwoners individueel minder as 10 persent van die stemreg in 'n Suid-Afrikaanse organisasie besit maar nogtans as regstreekse beleggers beskou word indien hulle geaffilieerde organisasies en/of persone is wat gesamentlik ten minste 10 persent van die stemreg besit. Geaffilieerde organisasies en/of persone sluit in:

- (i) getroude pare, hul direkte voorouers, en hulle kinders;
- (ii) broers en susters;
- (iii) boedels en trusts en hul begunstigdes; en
- (iv) met betrekking tot 'n bepaalde organisasie, alle ander organisasies of persone in dieselfde land wat elkeen ten minste 10 persent van die stemdraende aandele, of vergelykbare eiendomsreg, van eersgenoemde organisasie besit (SARB, 1998:14).

Regstreekse belegging is beperk tot die kapitaal wat deur die regstreekse belegger voorsien word, hetsy regstreeks of deur middel van ander ondernemings wat aan die betrokke belegger verwant



is. Dit sluit alle kapitaal in wat deur die regstreekse belegger voorsien is, dit wil sê eienaarsbelang, herbelegging van winste toeskryfbaar aan die regstreekse belegger, langtermynleningskapitaal, enige ander vorm van langtermynkapitaal, en korttermynkapitaal (SARB, 1998:14).

Insgelyks word Suid-Afrikaanse belegging in buitelandse ondernemings as regstreekse belegging beskou indien dit bestaan uit:

- (i) eienaarskap van 'n tak of deelname deur 'n Suid-Afrikaanse instelling in 'n buitelandse vennootskap; of
- (ii) eienaarskap van ten minste 10 persent van die stemreg in 'n buitelandse organisasie deur een Suid-Afrikaanse inwoner of verskeie geaffilieerde Suid-Afrikaanse inwoners; of
- (iii) eienaarskap van minder as 10 persent van die stemreg in 'n buitelandse organisasie met dien verstande dat die Suid-Afrikaanse inwoners nogtans in staat is om 'n effektiewe seggenskap in die beleid van die organisasie uit te oefen, soos byvoorbeeld ingevolge tantieme- en bestuursooreenkomste (SARB, 1998:14).

In die praktyk is dit nie altyd moontlik om die gesamentlike regstreekse belegging van die Suid-Afrikaanse inwoners in die buiteland vas te stel nie, veral nie waar Suid-Afrikaanse aandeelhouers individueel minder as 10 persent van die totale stemreg in die buitelandse onderneming besit nie. Waar nie-inwoners individueel minder as 10 persent van die totale stemreg in 'n Suid-Afrikaanse onderneming besit maar in totaal meer as 10 persent hou en in werklikheid geaffilieerd is, mag dit insgelyks nie altyd moontlik wees om vas te stel of hulle verwant is nie, wat tot 'n ondertelling van die ware regstreekse belegging kan lei (SARB, 1998:14).

#### **2.2.6 Onregstreekse belegging**

Onregstreekse belegging verwys na alle buitelandse laste en bates wat nie as regstreekse belegging omskryf word nie (SARB, 1998:14).

#### **2.2.7 Openbare owerhede**

Openbare owerhede sluit die Sentrale Regering, provinsiale regerings en plaaslike owerhede in

(SARB, 1998:14).

### **2.2.8 Openbare korporasies**

Openbare korporasies is organisasies wat deur 'n Wet van die Parlement ingelyf is, soos Eskom, Telkom SA Beperk, die Suid-Afrikaanse Poskantoor Beperk, Transnet Beperk, die Nywerheidsontwikkelingskorporasie van Suid-Afrika Beperk, die volfiliale van openbare korporasies, landboubeheerrade en maatskappye wat deur die regering beheer word deur middel van aandeelhouding, stemreg of die aanstelling van die meerderheid van die lede van die raad van direkteure (SARB, 1998:14).

### **2.2.9 Monetêre sektor**

Die monetêre sektor sluit in die Suid-Afrikaanse Reserwebank, die Korporasie vir Openbare Deposito's, die Posspaarbank, die Land- en Landboubank van Suid-Afrika, banke en onderlinge banke (SARB, 1998:14).

### **2.2.10 Nie-monetêre privaat sektor**

Die nie-monetêre privaat sektor verwys na alle persone en organisasies wat nie deel is van die openbare owerhede, openbare korporasies of die monetêre sektor nie (SARB, 1998:14).

### **2.2.11 Langtermynkapitaal**

Langtermynlaste en -bates sluit in daardie laste en bates met 'n onbepaalde looptyd of met 'n oorspronklike vaste looptyd tot aflossing van langer as twaalf maande. Hierdie onderskeid is in ooreenstemming met die aanbevelings van die Internasionale Monetêre Fonds. Indien 'n las of 'n bate oorspronklik as langtermyn geklassifiseer is, sal dit altyd as langtermyn beskou word, selfs in die geval waar die uitstaande aflossingstermyn korter as een jaar word (SARB, 1998:14).

### **2.2.12 Korttermynkapitaal**

Korttermynlaste en -bates sluit in daardie laste en bates wat op aanvraag betaalbaar is en laste en bates met 'n oorspronklike looptyd van twaalf maande of minder (SARB, 1998:14).

### **2.2.13 Nywerheidsklassifikasie**

Dit is 'n klassifikasie van ekonomiese bedrywighede van nywerhede. 'n Nywerheid bestaan uit inrigtings wat dieselfde of verwante soorte ekonomiese bedrywighede beoefen, hoofsaaklik gebaseer op die belangrikste soorte goedere wat geproduseer of dienste wat gelewer word. Die uitdrukking "nywerheid" word hier in sy omvattendste sin gebruik om alle ekonomiese bedrywigheid te dek, vanaf die primêre nywerhede landbou, bosbou, visserye en mynbou tot die verskaffing van gemeenskaps-, ontspannings-, kulturele en persoonlike dienste (Statistieke Suid-Afrika, 1993:iii). Daar word van 'n kodestelsel gebruik gemaak waaronder elke nywerheid gekodifiseer word. Hierdie kodestelsel word in detail bespreek onder punt 1.4.

Die Standaardnywerheidsklassifikasie (SNK) is nie 'n klassifikasie van kommoditeite nie. Kommoditeite is die produkte van nywerhede (met inbegrip van die dienste wat gelewer word), of die materiaal en gebruiksgoedere wat deur die nywerhede aangewend word, of die produkte (met inbegrip van die dienste) wat deur bepaalde nywerhede gekoop en verkoop word, of die goedere wat deur die verbruikers aangekoop word. Kommoditeite word gewoonlik met bepaalde nywerhede geassosieer, soos die klerenwyerheid en die rubbernywerheid, maar daar moet in gedagte gehou word dat elke nywerheid gewoonlik 'n verskeidenheid kommoditeite produseer wat, alhoewel verwant, tog in 'n kommoditeitsklassifikasie afsonderlik opgeneem sou kon word (Statistieke Suid-Afrika, 1993:iii).

Daar moet ook onderskei word tussen die SNK en die klassifikasie van beroepe, wat gemik is op die klassifisering van persone volgens die aard van hulle werk (byvoorbeeld rekenmeester, tikster en ketelmaker) en meermale sonder inagneming van die nywerheid waarin die betrokke persone werksaam is. Daar is egter 'n Standaardberoepsklassifikasie wat hierdie veld dek en ook deur die Statistieke Suid-Afrika gepubliseer word (Statistieke Suid-Afrika, 1993:iii).

#### 2.2.14 Waardasie- en tydaansuiwering

Vir doeleindes van die 1995-sensus is waardasiemetodes soortgelyk aan dié van die 1980 en 1989 sensusse gebruik. Organisasies is toegelaat om balansstaatgewens teen mark- of boekwaardes of, waar van toepassing, teen oordragskoste tussen geaffilieerde maatskappye te boek te stel. 'n Buigsame benadering is derhalwe in die waardering van buitelandse laste en bates van die land gebruik. Uitstaande laste/bates is teen netto waarde, markwaardes of boekwaardes gewaardeer, afhangende van die soort las of bate wat betrokke is (SARB, 1998:12).

Gewone aandele met 'n belang in winste en reserwes is op grond van netto waarde gewaardeer, dit wil sê 'n proporsionele deel van die aandelepremies, reserwes en onverdeelde winste van Suid-Afrikaanse ondernemings is aan buitelandse aandeelhouders toegedeel in verhouding tot hul persentasie-aandeel in die nominale waarde van die totale aandelekapitaal. Ten einde fiktiewe boekwaardes van reserwes en onverdeelde wins te verhoed, is die reserwes aangepas om die verskil tussen mark- en boekwaardes van grond, geboue en konstruksiewerke in aanmerking te neem. Plase en ander vaste eiendom is teen geraamde markpryse waardeer. Alle ander buitelandse laste en bates is teen boekwaardes waardeer. Dieselfde waardasieprosedures is gevolg in die geval van Suid-Afrikaanse inwoners se belegging in buitelandse aandelekapitaal en vaste eiendom (SARB, 1998:12).

Verslaggewende organisasies is versoek om alle buitelandse laste en bates wat in buitelandse geldeenhede betitel is na randwaardes om te skakel teen die middelmarkwisselkoers wat aan die einde van die toepaslike jaar geheers het. Uitsonderings is gemaak in daardie gevalle waar laste en bates deur termynvalutakontrakte gedek is. In hierdie gevalle is verslaggewende instansies versoek om die gekontrakteerde prys te gebruik vir die omskakeling van die betrokke buitelandse valutabedrae na randbedrae. Die waardasie van buitelandse laste en bates in rand het beteken dat die uitstaande bedrae op verskillende datums nie slegs die "werklike" verandering in die gesamentlike waarde van nuwe beleggings en onttrekking van beleggings of nuwe lenings aangegaan en lenings afgelos weerspieël het nie, maar ook verandering in die wisselkoers van die rand. Waardasieaansuiwering wat uit wisselkoersbewegings voortspruit, bemoeilik altyd die vergelyking van balansstaat-totale op verskillende tydstippe (SARB, 1998:12).

Die tydstip waarop transaksies in finansiële eise aangeteken word, is ook belangrik. In ooreenstemming met die aanbevelings van die Internasionale Monetêre Fonds, is die prosedure aanvaar om 'n transaksie aan te teken wanneer die krediteur en die debiteur die eis en/of die las in hul rekeningkundige stelsels te boek stel. Alle buitelandse transaksies is vir die kalenderjaar 1995 in die geheel gesommeer, terwyl die waardes van uitstaande laste en bates soos op 31 Desember 1995 bepaal is. In die samestelling van die land se internasionale beleggingsposisie, was gegewens ten opsigte van aandeelpremies, reserves en onverdeelde winste van buitelandse ondernemings nie altyd aan die einde van die kalenderjaar beskikbaar nie. In daardie gevalle is die finansiële jaareinde naaste aan die einde van die kalenderjaar gevolglik vir die teboekstelling aanvaar (SARB, 1998:12).

### **2.3 Die kodestelsel van die Standaardnywerheidsklassifikasie volgens die Vyfde Uitgawe**

Die nommers wat gebruik word om die hoofafdelings, afdelings, hoofgroepe, groepe en subgroepe te identifiseer, is volgens 'n desimale stelsel gerangskik. Elke subgroep bestaan uit vyf syfers - die eerste syfer dui die hoofafdeling aan, die eerste en tweede syfers saam die afdeling, die eerste drie syfers saam die hoofgroep, die eerste vier syfers saam die groep en die volle vyfsyfernommer die subgroep (Statistieke Suid-Afrika, 1993:ix). Die Reserwebank kodifiseer al die instellings egter net tot by die derde nommer van die kodestelsel, terwyl die publikasie van die buitelandse laste van Suid-Afrika volgens tipe ekonomiese bedrywigheid slegs gebruik maak van die hoofafdeling (dit wil sê die eerste syfer van die kodestelsel). Verder word die hoofafdeling "0" ook nie sedert 1995 gebruik nie omrede alle individue/privaat huishoudings ingedeel is in die afdeling waarin hulle ekonomies bedrywig is.

#### **2.3.1 Hoofverskille tussen die Vyfde en die Vierde Uitgawe van die Standaardnywerheidsklassifikasie**

##### **(i) Landbou, jag, bosbou en visserye**

Hierdie hoofafdeling is uitgebrei om gewasverbouing van veeboerdery en van gemengde boerdery te onderskei (Statistieke Suid-Afrika, 1993:x).

**(ii) Fabriekswese**

'n Nuwe hoofgroep is onder hierdie hoofafdeling geskep om voorsiening te maak vir die herwinning van afval en rommel (Statistieke Suid-Afrika, 1993:x).

**(iii) Konstruksie**

Hierdie afdeling is heringedeel om voorsiening te maak vir terreinvoorbereiding, konstruksie van geboue en siviele-ingenieursstrukture, bouinstallasie, bouafwerking asook verhuring van konstruksiemasjinerie met bedieners (Statistieke Suid-Afrika, 1993:x).

**(iv) Handel**

'n Onderskeid is gemaak tussen gespesialiseerde en nie-gespesialiseerde winkels, tussen winkels wat in nuwe goedere en dié wat in gebruikte goedere handel dryf en tussen kleinhandel in winkels en nie in winkels nie (Statistieke Suid-Afrika, 1993:x).

**(v) Vervoer**

Ondersteunende en hulpwerkzaamhede aan vervoer is saamgegroepeer ongeag die soort vervoer wat bedien word (Statistieke Suid-Afrika, 1993:x).

**(vi) Finansiële tussengangs-, versekerings-, vaste-eiendoms en besigheidsdienste**

'n Nuwe afdeling (85) is geskep vir verhuring of bruikhuur van masjinerie en uitrusting sonder bedieners. 'n Verdere nuwe afdeling (86) is geskep vir alle rekenaar- en verwante werkzaamhede. Dit omvat ook die herstel en instandhouding van rekenaars en kantoormasjinerie. Navorsings- en ontwikkelingswerkzaamhede wat voorheen onder gemeenskaps-, maatskaplike en persoonlike dienste ingedeel was, is oorgeplaas na afdeling 87 van hierdie hoofafdeling (Statistieke Suid-Afrika, 1993:x-xi).

'n Gedetailleerde uiteensetting van die Standaardnywerheidsklassifikasie volgens die Vyfde Uitgawe word verskaf onder Addendum 1.

## **2.4 Internasionale Monetêre Fonds standaarde**

### **2.4.1 Inleiding**

Die vyfde uitgawe van die *Betalingsbalanshandleiding* is die mees resente uitgawe in die reeks van internasionale standaarde wat uitgereik is deur die Internasionale Monetêre Fonds met die doel om leiding te verskaf aan lidlande met die samestelling van die betalingsbalans en verwante data met betrekking tot die internasionale beleggingsposisie. Sedert die vierde uitgawe van die *handleiding* gepubliseer is in 1977, het belangrike veranderinge plaasgevind in die manier waarop internasionale transaksies gehanteer word. Hierdie verandering is in besonder 'n resultaat van die liberalisering van finansiële markte, innoerings met die skep en verpakking van finansiële instrumente en nuwe benaderings tot die herstruktuering van buitelandse skuld (IMF, 1993: xi).

Dit is belangrik om daarop te let dat die betalingsbalanshandleiding slegs riglyne neerlê vir die opstel van 'n land se buitelandse laste en bates. Daar is nie rigiede reëls wat nagekom moet word nie, maar slegs aanbevelings vir die insameling van data. Vervolgens sal sekere toepaslike riglyne vir die hantering van 'n land se buitelandse laste en bates bespreek word.

### **2.4.2 Eenheid van verrekening**

Die opstel van die betalingsbalans en die internasionale beleggingsposisie word gekompliseer deur die feit dat die waardes van transaksies in reële bronne en finansiële items sowel as die waardes van voorrade van eksterne bates en laste aanvanklik uitgedruk kan word in 'n verskeidenheid van geldeenhede of in ander standaarde soos spesiale trekkingsregte (STR) of die Europese geldeenheid. Die omskakeling van hierdie waardes in 'n verwysingseenheid van verrekening (gewoonlik die geldeenheid van die opsteller) is 'n voorvereiste vir die opstel van vergelykbare en analities betekenisvolle state (IMF, 1993: 33).



Daar is twee uitgangspunte vir die nodige eienskappe van 'n eenheid van verrekening - dié van die opsteller en dié van internasionale organisasies soos die Internasionale Monetêre Fonds. Vanuit die oogpunt van die opsteller, is die land se geldeenheid die logiese keuse vir die internasionale beleggingsposisie state. Wanneer die state in die opsteller se geldeenheid gedenomineer is, is dit vergelykbaar met die nasionale rekeninge en die meeste van die ekonomie se ander ekonomiese statistieke wat uitgedruk word in die geldeenheid. Indien die geldeenheid egter substansieël depresieer relatief tot ander geldeenhede betrokke in die internasionale transaksies van die ekonomie, sal 'n staat wat gedenomineer is in die geldeenheid van die opsteller van verminderde analitiese waarde wees. Vanuit die oogpunt van internasionale organisasies soos die Internasionale Monetêre Fonds is 'n standaard eenheid van verrekening 'n vereiste vir die doeleindes van globale aanbidding en analise. Dit is ook verkieslik dat die eenheid 'n stabiele een moet wees wat nie te veel geaffekteer sal word deur veranderinge (relatief tot die eenheid) in die waardes van geldeenhede waarin hierdie transaksies plaasvind nie. 'n Verdere oorweging met die gebruik van so 'n eenheid (die VSA dollar of STR) is dat die meeste gebruikers van betalingsbalansstatistieke redelik familieër is met die eenheid (IMF, 1993:33).

Vir rapportering aan die Internasionale Monetêre Fonds word lande versoek om state op te stel in die eenheid van verrekening wat vir nasionale doeleindes gebruik word. Die Internasionale Monetêre Fonds mag, vir hulle doeleindes, lande se state omskakel na die universele eenheid wat die mees aanvaarbare eenheid is onder die bestaande omstandighede. Die universele eenheid mag oor tyd verander afhangende van die ontwikkelings in die verwantskap tussen transaksie geldeenhede en volgens die tydsverloop wat gedek word deur die statistiek waarvoor 'n eenheid gekies is (IMF, 1993:33).

Vir die omskakeling van data beskikbaar met betrekking tot buitelandse laste en bates, word die wisselkoers soos in die mark bepaal op die dag van die balansstaat aanbeveel. Die koers wat gebruik word is dan ook die gemiddeld tussen die koop- en verkoopkoers (IMF, 1993:34).

Onder 'n veelvoudige wisselkoersstelsel is twee of meer wisselkoerse toepaslik op verskillende kategorieë van transaksies. Hierdie wisselkoerse moedig sekere kategorieë van transaksies aan en ontmoedig andere. Hierdie koerse inkorporeer elemente wat ooreenstem met belastings en



subsidies. Vir die omskakeling van 'n land se buitelandse laste en bates wat gebruik maak van 'n veelvoudige wisselkoersstelsel, word aanbeveel dat die wisselkoers wat gebruik moet word dieselfde wisselkoers moet wees wat toepaslik is op die spesifieke laste en bates aan die begin of aan die einde van die rekeningkundige periode (IMF, 1993:34).

### 2.4.3 Verwantskap tussen die Internasionale Beleggingsposisie en Buitelandse Skuld

Die *netto internasionale beleggingsposisie* van 'n ekonomie - dit is eksterne finansiële bates minus eksterne laste - word gereeld gebruik om ontwikkelings te analiseer en neigings te identifiseer in 'n ekonomie vis-à-vis die res van die wêreld op 'n spesifieke datum. Die netto posisie wys wat die ekonomie besit in verhouding tot wat die ekonomie skuld, amper soos met 'n maatskappy se balansstaat. Somtyds word die begrippe *netto krediteur* of *netto debiteur*, afhangende van die algebraïese teken, gebruik om die netto posisie te beskryf. Alhoewel sulke beskrywings bruikbaar mag wees vir sekere doeleindes, is hulle nie relevant as 'n beskrywing van die netto posisie nie. Dit is egter meer relevant om net die nie-aandeelhouer komponente van die posisie (soos lenings) as skuld te beskou (dit wil sê alle aangetekende laste behalwe genoteerde aandele en direkte beleggingskapitaal, ingesluit herinvesteerde winste) (IMF, 1993:106).

### 2.4.4 Beleggingsinkomste, Opbrengskoerse en die Internasionale Beleggingsposisie

Die koppelvlakke tussen beleggingsinkomste in die betalingsbalans en die internasionale beleggingsposisie - spesifiek die tussen die netto beleggingsposisie en die netto posisie - is kompleks en onderstreep die belangrikheid van die konsekwente klassifikasie van transaksies en voorrade en die beskouing van dié twee as 'n geïntegreerde stel rekeninge. 'n Hele paar faktore kan bydra tot die verskille tussen die netto beleggingsinkomste aan die een kant en die netto beleggingsposisie aan die ander. Die netto beleggingsinkomste kan byvoorbeeld positief wees, terwyl die netto beleggingsposisie negatief kan wees, wat 'n refleksie is van 'n hoër netto opbrengskoers op buitelandse bates as op buitelandse laste. Die hoër opbrengskoers in die buiteland kan 'n hoër risiko verteenwoordig (IMF, 1993:106).

Daar kan byvoorbeeld 'n groot netto posisie wees vir die monetêre sektor, omrede banke meer verdien op lenings as wat hulle betaal op deposito's. Hulle netto inkomste sal dus waarskynlik meer as vergoed vir 'n netto negatiewe beleggingsposisie. 'n Verdere faktor wat kan bydra tot 'n kunsmatige hoë opbrengskoers is die gebruik van historiese koste by die opstel van 'n balansstaat. Die historiese koste kan substansieel laer wees as die huidige markwaardes wat gebruik word om die opbrengskoerse te bepaal. Die opbrengskoers lyk dan heelwat hoër wanneer dit vergelyk word met die historiese koste, as wat die geval sal wees indien dit vergelyk word met die markwaarde van die item (IMF, 1993:106).

#### **2.4.5 Geografiese rapportering**

Die geografiese opstelling van buitelandse laste en bates het belangriker geword - vir statistiese, analitiese en beleidsdoeleindes - sedert die vierde uitgawe van die betalingsbalanshandleiding gepubliseer is. Die toenemende belangrikheid van die geografiese opstelling reflekteer ontwikkelings soos die opkoms van groot betalingsonewewigtigheid tussen sekere individuele ekonomieë en groepe van ekonomieë en die transformasie na ekonomiese en monetêre integrasie. Hier kan byvoorbeeld gekyk word na die Europese Gemeenskap. Indien hierdie integrasie ten volle bereik word, sal geografiese state vir die geïntegreerde gebiede selfs meer belangrik word, terwyl die state vir die individuele lidlande moontlik minder belangrik sal word (IMF, 1993:115).

Data wat op 'n geografiese grondslag ingesamel word vir buitelandse laste en bates moet geografies geallokeer word volgens die debiteur-krediteurbeginsel. Finansiële eise van die opsteller ekonomie word toegedeel aan die land van verblyf van die nie-inwoner debiteur en laste word toegedeel aan die land van verblyf van die nie-inwoner krediteur (IMF, 1993:116).

Daar bestaan sekere probleme by die allokering van buitelandse laste en bates volgens geografiese gebied wat vervolgens bespreek word:

- (i) Transaksies in of die besit van monetêre goud en STR'e kan nie geallokeer word aan enige spesifieke gebied op die basis van die debiteur-krediteurbeginsel nie, omrede dit finansiële bates is waarvoor daar nie 'n uitstaande las is nie. Om hierdie rede kan sulke transaksies slegs toegedeel word aan 'n ongeallokeerde of residuele geografiese gebied (IMF,

- 1993:116).
- (ii) Daar duik ook probleme op by die geografiese allokering van direkte belegging. Die probleme kan deur middel van 'n voorbeeld geïllustreer word. 'n Direkte belegger in land A bekom 'n direkte beleggingsinstelling (of aandele in die instelling) wat geleë is in land B, vanaf 'n inwoner in land C. Onder die debiteur-krediteurbeginsel en vanuit die oogpunt van land A, moet die transaksie aangeteken word tussen land A en land B omrede die direkte beleggingsposisie van land A en land B geaffekteer is. Onder die transakteurbeginsel wat gebruik word vir die opstel van die betalingsbalans, moet die transaksie egter aangeteken word tussen land A en land C. 'n Rekonsiliasie-item sal dan benodig word om die verskil tussen die betalingsbalans en die internasionale beleggingsposisie te oorbrug, omrede die laasgenoemde opgestel word volgens die debiteurkrediteurbeginsel (IMF, 1993:117).
- (iii) Geografiese allokering sal ook nie noodwendig lei tot 'n gebalanseerde staat vir 'n gebied nie. 'n Inwoner van die opstellerekonomie kan byvoorbeeld 'n betaling maak aan of ontvang vanaf 'n nie-inwoner van land A in die vorm van 'n eis op 'n ander nie-inwoner van land B. So 'n situasie kan plaasvind wanneer eise van 'n land deur ander ekonomiese gebruik word as 'n medium van verrekening. 'n Item word dus verskaf om die probleem van multilaterale verrekening reg te stel deur die oorpasing van eise van een gebied na 'n ander (IMF, 1993:117).
- (iv) In die praktyk vind dit ook plaas dat 'n buitelandse tussenganger vir 'n ander buitelandse party 'n bate bekom. Dit is dan ook prakties byna onmoontlik om hierdie bate aan die korrekte land toe te deel. Daar kan ook verskillende interpretasies wees of die tussenganger eers eienaarskap van die bate neem voordat hy/sy die bate aan die ander buitelandse party verkoop. Die probleem word in die praktyk opgelos deur die bate aan die land van verblyf van die tussenganger toe te deel eerder as aan die finale eienaar (IMF, 1993:116).

#### **2.4.6 Direkte beleggingsinstellings**

Volgens die betalingsbalanshandleiding word 'n direkte beleggingsinstelling gedefinieer as 'n geïnkorporeerde of nie-geïnkorporeerde instelling waarin die direkte belegger, wat woonagtig is

in 'n ander ekonomie, 10 persent of meer van die gewone aandele of stemreg ekwivalent (in die geval van geïnkorporeerde instellings) of die ekwivalent (in die geval van nie-geïnkorporeerde instellings) besit. Direkte beleggingsinstellings bestaan uit daardie entiteite wat filiale ('n nie-inwoner belegger wat meer as 50 persent besit), verwante maatskappye ('n nie-inwoner belegger wat 50 persent of minder besit) en takke (geheel of gesamentlike besit in 'n nie-geïnkorporeerde instelling) direk of indirek (deur 'n ander entiteit) besit. 'n Publieke instelling kan ook in seker omstandighede 'n direkte beleggingsinstelling wees (IMF, 1993:86).

Alhoewel die 10 persent kriterium deur die betalingsbalanshandleiding gespesifiseer word, mag sekere lande verkies om gebruik te maak van twee kwalifikasies wat 'n sekere graad van subjektiewe besluitneming benodig. *Eerstens*, indien die direkte belegger minder as 10 persent (of geen) van die gewone aandele of stemreg van die instelling besit, maar 'n effektiewe seggenskap in die bestuur besit, kan die instelling ingesluit word as 'n direkte beleggingsinstelling. *Tweedens*, indien die belegger 10 persent of meer van die gewone aandele of stemreg van die instelling besit, maar nie 'n effektiewe seggenskap in die bestuur van die instelling besit nie, kan die instelling uitgesluit word as 'n direkte beleggingsinstelling (IMF, 1993:87).

Die meeste direkte beleggingsinstellings is takke of filiale wat in totaal of deur 'n meerderheid buitelanders besit word, of waarin 'n duidelike meerderheid van die stemdraende aandele gehou word deur 'n enkele direkte belegger of groep. Die grensgevalle behoort dus 'n klein bydrae te lewer tot die universum (IMF, 1993:87).

#### **2.4.7 Direkte beleggers**

Direkte beleggers kan bestaan uit individue, geïnkorporeerde of nie-geïnkorporeerde privaat of publieke instellings, verwante groepe of individue of instellings, regerings of regeringsagente, boedels, trusts, of ander organisasies wat direkte beleggingsinstellings besit (soos vroeër beskryf) in lande anders as die land waarin die direkte beleggers bly. Die lede van 'n verwante groep van individue of instellings word, deur hulle gesamentlike besit van 10 persent of meer, geag om 'n invloed op die bestuur te hê op dieselfde wyse as 'n individu met dieselfde graad van eienaarskap (IMF, 1993:87).

#### **2.4.8 Direkte beleggingskapitaal**

Direkte beleggingskapitaal is (i) kapitaal wat verskaf word (direk of deur ander verwante instellings) deur 'n direkte belegger aan 'n direkte beleggingsinstelling of (ii) kapitaal ontvang van 'n direkte beleggingsinstelling deur 'n direkte belegger. Vir die ekonomie waarin hierdie belegging plaasgevind het sal die kapitaal fondse insluit wat direk deur die direkte belegger geïnvesteer is, sowel as beleggings wat deur direkte beleggingsinstellings gemaak is wat verwant is aan die direkte belegger. Vir die ekonomie waarin die direkte belegger woonagtig is verteenwoordig hierdie kapitaal slegs fondse wat deur die direkte belegger wat in die ekonomie woonagtig is, verskaf is. Direkte beleggingskapitaal verteenwoordig nie fondse wat verskaf of ontvang is van enige ander bron nie - ingesluit fondse waarvoor die direkte belegger slegs reëlings tref, sowel as waarborge lewer (IMF, 1993:87).

Direkte beleggingskapitaaltransaksies sluit transaksies in wat 'n nuwe direkte belegging behels, sowel as disinvestering met betrekking tot 'n direkte belegging. Verder sluit dit ook transaksies in wat ten doel het om 'n direkte belegging te onderhou, uit te brei of te verminder. Dit beteken dat 'n nie-inwoner wat voorheen geen belegging in 'n instelling gehad het nie en later 'n 10 persent of meer aandeel in die instelling bekom vanaf 'n inwoner, se direkte belegging gemeet moet word as die markwaarde van die aandele, sowel as enige ander kapitaal wat in die instelling belê word. Indien 'n nie-inwoner minder as 10 persent van die stemreg in 'n instelling besit as 'n portefeuljebelegging en later verdere aandele bekom, wat veroorsaak dat hy/sy meer as 10 persent van die stemreg in die instelling besit (direkte belegging), moet slegs die aankoop van die addisionele aandele geboekstaaf word as 'n direkte beleggingstransaksie. Die aandele wat die nie-inwoner reeds besit het sal nie in die betalingsbalans gereflekteer word nie, maar wel in die internasionale beleggingsposisie hergeklassifiseer word van portefeuljebelegging na direkte-belegging (IMF, 1993:88).

#### **2.4.9 Waardasie van voorrade**

Markpryse is die basis vir die waardasie van voorrade (laste en bates), ingesluit voorrade bekom

deur middel van direkte beleggings, in die internasionale rekeninge. Alhoewel die betalingsbalanshandleiding die beginsel van die gebruik van markpryse as 'n basis vir waardasie aanbeveel, word erken dat in die praktyk boekwaardes vanaf die balansstaat van instellings gereeld gebruik word om die waarde van voorrade van direkte beleggings te bepaal. Hierdie praktyk reflekteer die feit dat die instelling se balansstaatwaardes die enigste bron van waardasie van laste en bates is wat in die meeste lande geredelik beskikbaar is. Die versameling van data vanaf instellings op 'n geherwaardeerde markwaarde grondslag word aangemoedig om die gaping te vernou tussen die boekwaarde en die markwaarde (IMF, 1993:89).

#### **2.4.10 Portefeulje beleggings**

Behalwe vir aandele en skuld sekuriteite in die vorm van effekte en note, sluit portefeulje beleggings ook geldmarkinstrumente en afgeleide instrumente in soos opsies. Uitgesluit is enige van die voorafgenoemde instrumente wat ingesluit is by direkte beleggings en reserwe bates. Die uitgebreide dekking van transaksies reflekteer die veranderinge in die internasionale finansiële markte oor die afgelope paar jaar (IMF, 1993:91).

Aandele verteenwoordig al die instrumente, na inagneming van die vereffening van eise vanaf krediteure, wat eise het op die residuele waarde van die geïnkorporeerde instelling. Skuld sekuriteite verteenwoordig effekte, geldmark instrumente en afgeleide instrumente. Afgeleide instrumente lei gewoonlik nie tot die werklike lewering van 'n bate nie en word gebruik vir die verskansing van risiko's, beleggings- en handelsdoeleindes (IMF, 1993:91).

#### **2.4.11 Langtermyn- en korttermynbeleggings**

Langtermyn beleggings word gedefinieer as beleggings met 'n oorspronklike kontraktuele vervaldatum van *langer* as een jaar *of* met geen vervaldatum nie (aandele). Korttermyn beleggings, wat geldnote en munte insluit, is beleggings betaalbaar op aanvraag *of* met 'n oorspronklike kontraktuele vervaldatum van een jaar of korter (IMF, 1993:82).

Alhoewel die oorspronklike vervaldatum-onderskeid behou is, word daar erken dat innovasie in



die finansiële markte die waarde van hierdie onderskeid verminder het (IMF, 1993: 82). 'n Voorbeeld van so 'n innovasie is die verlenging (rol) van korttermynlenings voor die vervaldatum wat daartoe lei dat hierdie lenings se totale looptyd langer as twaalf maande kan wees.

## **2.5 Historiese oorsig van die vyf sensusprojekte**

Ondanks gereelde hersienings van Suid-Afrika se buitelandse laste en bates, mag foute in dié data nogtans met verloop van tyd voorkom. Steekproewe, waarop 'n groot deel van die berekenings gebaseer word, neig om met verloop van tyd minder verteenwoordigend te word en ander foute (somtyds van 'n kumulatiewe aard) mag van tyd tot tyd voorkom. Om die betroubaarheid van die inligting te verbeter, het die Reserwebank gevolglik periodiek omvattende sensusse oor Suid-Afrika se buitelandse transaksies, laste en bates opgeneem. Die resultate van hierdie sensusse word gebruik om tydreëks vir voorafgaande jare te hersien, om nuwe verwysingspunte te bepaal en om nuwe steekproewe saam te stel (SARB, Junie 1993:3).

Amptelike inligting van Suid-Afrika se buitelandse laste en bates dateer terug tot die einde van 1956 - die jaar ten opsigte waarvan die Suid-Afrikaanse Reserwebank die Eerste Sensus van Buitelandse Transaksies, Laste en Bates opgeneem het. Die Reserwebank het daarna omvattende sensusse van buitelandse transaksies, laste en bates vir 1973, 1980, 1989 en 1995 opgeneem. Vir die jare tussenin is Suid-Afrika se internasionale beleggingsposisie bygewerk met die hulp van gegewens wat deur middel van steekproefopnames ingesamel is (SARB, 1998:11). Hier volg 'n oorsig van die vyf sensusprojekte wat deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank onderneem is.

### **2.5.1 Die eerste sensus van buitelandse bates en laste in die Unie van Suid-Afrika - 1956**

Die *eerste sensus van buitelandse bates en laste in die Unie van Suid-Afrika* is in 1957 opgeneem en het verwys na waarde-syfers soos aan die einde van 1956. Die Unie is gedefinieer om Suidwes-Afrika en die Hoë Kommissarisgebiede in te sluit (SARB, 1960:3). Die voorlopige resultate van die eerste sensus van buitelandse bates en laste in die Unie van Suid-Afrika is as bylaag tot die *Statistiese Kwartaalblad* van die Suid-Afrikaanse Reserwebank van Junie 1958 gepubliseer. Verder is finale aansuiwerings, wat in hoofsaak deur laat en onvolledige opgawes genoodsaak

was, in die bylaag tot die *Statistiese Kwartaalblad* van die Suid-Afrikaanse Reserwebank van Desember 1958 aangebring (SARB, 1958:7).

Gedurende hierdie sensus is 6,345 bruikbare opgawes ontvang waarvan 2,319 betrekking gehad het op buitelandse beheerde Unie-inwoner sake-ondernemings, 3,081 het besonderhede bevat ten opsigte van ander Unie-inwoners, met inbegrip van genomineerdes en diegene wat inligting van vaste eiendom besit deur buitelanders verskaf, 891 het die aktiwiteite van buitelandse ondernemings wat vanaf die Unie beheer is gedek, terwyl 54 gegewens van internasionale kontrakte bevat het (SARB, 1958:10).

### **2.5.2 Die tweede sensus van Suid-Afrika se buitelandse transaksies, laste en bates - 1973**

Sedert die eerste sensus van buitelandse laste en bates is die jaarlikse en kwartaallike betalingsbalansstatistiek en ramings van die internasionale beleggingsposisie gebaseer op die resultate van jaarlikse en kwartaallike steekproefopnames en die verhoudings tussen die steekproef en die universum soos vir 1956 vasgestel. Aangesien sewentien jaar verstryk het sedert die opname van die eerste sensus, het dit noodsaaklik geword om 'n *tweede sensus van Suid-Afrika se buitelandse transaksies, laste en bates* op te neem ten einde nuwe verwysingspunte en nuwe verhoudings vir die samestelling van die betalingsbalans en die internasionale beleggingsposisie van Suid-Afrika vir 1973 en vir toekomstige jare te bepaal. Die resultate van die tweede sensus van Suid-Afrika se buitelandse transaksies, laste en bates, is in 'n bylaag tot die Maart 1976 uitgawe van die Reserwebank se Kwartaalblad gepubliseer (SARB 1976:7).

Die adreslys van die Reserwebank se steekproef van organisasies met buitelandse transaksies, laste en bates ten tye van die sensus, is gebruik as 'n beginpunt om 'n lys saam te stel van organisasies waarvan opgawes verlang word. Ten einde te bepaal watter ander organisasies buitelandse transaksies, laste en bates het, is 'n voorlopige sensusvraelys gedurende 1973 aan 'n bykomende 200,000 organisasies gestuur. Organisasies wat vaste eiendom en plase, wat deur buitelanders besit word, administrateur, sowel as inwoners van die Republiek wat as genomineerdes vir die buitelandse beleggers optree, is hierby ingesluit. Adresse van individue met buitelandse transaksies, laste en bates was vir hierdie sensus nie gereedlik beskikbaar nie. Om vir bostaande



gevalle voorsiening te maak, is wye reklame aan die sensus deur middel van die pers en radio gegee en het die plaaslike banke gehelp om die toepaslike vorms aan individue met buitelandse transaksies, laste en bates te voorsien. Die resultate van die bogenoemde pogings was dat ongeveer 11,400 positiewe opgawes ontvang is, waarvan net meer as 5,200 op buitelandse beheerde Suid-Afrikaanse ondernemings en nagenoeg 6,200 op ander inwoners van Suid-Afrika betrekking gehad het (SARB, 1976:12).

Verslaggewende organisasies is ook gevra om 'n kort beskrywing van hul bedryfsrigting te verstrek en om die vernaamste bedrywighede of produkte geproduseer in afnemende volgorde van hul belangrikheid op die basis van bruto ontvangste uit sulke bedrywighede of produkte aan te toon. Hierdie inligting is gebruik om die organisasies volgens nywerheidssektor in te deel op basis van die *Standaardnywerheidsklassifikasie van alle Ekonomiese Bedrywighede* soos deur die Departement van Statistiek saamgestel (Sien definisie van nywerheidsklassifikasie onder 2.2.13). Aangesien hierdie klassifikasie eers beskikbaar gekom het nadat die eerste sensus opgeneem is, verskil die nywerheidsklassifikasie wat in die twee sensusse gevolg is (SARB, 1976:13).

### **2.5.3 Die derde sensus van Suid-Afrika se buitelandse transaksies, laste en bates - 1980**

Alhoewel daar gepoog word om 'n verteenwoordigende steekproefopname te handhaaf, ontstaan sekere statistiese gebreke noodwendig met verloop van tyd. Derhalwe het die Reserwebank besluit om 'n *derde sensus van Suid-Afrika se buitelandse transaksies, laste en bates* vir die jaar 1980 op te neem. Die doel van hierdie sensus was tweeledig, eerstens om betroubare gegewens oor Suid-Afrika se buitelandse beleggingsposisie in stand te hou, dit wil sê die waarde en samestelling van buitelandse bates in verhouding tot buitelandse laste; en tweedens om noukeurige samestelling van betalingsbalansstatistiek op 'n deurlopende basis te bevorder. Met behulp van die sensus en met die samewerking van die Direktoraat van Finansies van Suidwes-Afrika is afsonderlike inligting van Suid-Afrika se ekonomiese betrekkings met Suidwes-Afrika en Suidwes-Afrika se ekonomiese betrekkings met die buiteland vir die eerste keer deur die Reserwebank bekom (SARB, 1982:9).

Weereens was 'n belangrike deel van die sensus die samestelling van 'n omvattende lys van

individue en organisasies wat gedurende 1980 in transaksies met inwoners van ander lande betrokke was en wat buitelandse laste en/of bates aan die einde van die jaar gehad het. Vir hierdie doel is 'n voorlopige vraelys aan ongeveer 210,000 maatskappye in Suid-Afrika en Suidwes-Afrika uitgestuur ten einde die maatskappye op te spoor wat gedurende 1980 betrekkinge met buitelanders gehad het. Hierdie vraelys het inligting vereis van buitelandse aandeelhouding in maatskappye wat in Suid-Afrika sake doen, die ekonomiese bedrywigheid van die maatskappy, die totale boekwaarde van die bates, die omset en die aantal persone in diens by die maatskappy (SARB, 1982:9).

Op grond van hierdie inligting is vervolgens 24,400 gedetailleerde vraelyste uitgestuur aan maatskappye wat betrekkinge met nie-inwoners gehad het. In teenstelling met baie ander lande wat hulle opnames beperk tot spesifieke klasse van buitelandse bates en laste ooreenkomstig voorafbepaalde vereistes, is die Reserwebank se vraelyste hoofsaaklik gebaseer op die volledige stel van finansiële rekeninge van die betrokke maatskappy. Die inligting wat in vraelyste vereis is, was basies 'n onderverdeling van hulle inkomstestate volgens transaksies met buitelanders, inwoners van Suidwes-Afrika en inwoners van Suid-Afrika en van hulle balansstate volgens uitstaande laste teenoor en eise op buitelanders, inwoners van Suidwes-Afrika en inwoners van Suid-Afrika (SARB, 1982:9).

Hierdie benadering het die *voordeel* dat dit kontroles verskaf op die konsekwentheid van die inligting wat voorsien is. So byvoorbeeld moet die twee kante van die balansstaat balanseer en kan inligting in die inkomsterekening, soos byvoorbeeld netto wins, dividende en herbelegde verdienstes in verband gebring word met balansstaatposte. 'n Paar ander vrae is ook by die vraelys ingesluit met die doel om die konsekwentheid van die inligting oor buitelandse transaksies, laste en bates te toets. Verdere voordele is die verskaffing van 'n basis vir waardering in ooreenstemming met die konsep van netto waarde en om 'n vraelys te hê wat voldoen aan die gewone rekeningkundige beginsels (SARB, 1982:10).

Die benadering van volledige finansiële rekeninge het 'n aantal *nadele*. Ten eerste word meer inligting vereis as wat streng gesproke nodig is. Ten tweede word te veel staat gemaak op balansstaat-inligting vir waardasiedoeleindes. Om hierdie nadeel te oorkom, is bykomende vrae met

betrekking tot die markwaarde van grond, geboue en konstruksiewerke en die waarde van aandelebeleggings in buitelandse ondernemings teen netto waarde by die vraelys gevoeg. Ten derde mag uitstaande laste teenoor en eise op buitelanders, as gevolg van handelstransaksies onvolledig en verkeerd verstrekkend word. Om hierdie moontlikheid te verminder, is 'n bepaalde vraag oor die finansiering van buitelandse handel in die vraelys ingesluit. Op hierdie wyse is die aandag van die respondente spesifiek op die vereiste dat hierdie uitstaande laste en eise verstrekkend moet word gevestig en terselfdertyd was dit moontlik om te bepaal of die uitstaande laste en eise wat verstrekkend is, in werklikheid vir die rekening van die betrokke verslaggewende maatskappy was. Inligting is ook verkry van banke aangaande hul finansiering van buitelandse handel wat nie op die balansstaat verskyn nie. Omdat sommige van die buitelandse laste van die land in die naam van genomineerdes geregistreer mag wees, is daar verder afsonderlike vraelyste gestuur aan inwoners van Suid-Afrika, wat as genomineerdes van buitelanders opgetree het, sodat toepaslike aansuiwerings aan die verstrekte inligting gemaak kon word (SARB, 1982:10).

Benewens die vraelyste wat aan maatskappye gestuur is, is 29,900 vraelyste ook aan individue, vennootskappe, boere, nie-winssoekende organisasies, administrerders van trusts en ander nie-geïnkorporeerde ondernemings gestuur. In teenstelling met die tweede sensus, toe dit aan die inisiatief van individue oorgelaat is om die vraelyste van hulle plaaslike banke te bekom, is vraelyste vir voltooiing gestuur aan individue van wie dit bekend was dat hulle gedurende 1980 by buitelandse transaksies betrokke was, of dat hulle aan die einde van 1980 uitstaande buitelandse laste en bates gehad het. Die vrae op hierdie vorms het slegs na bepaalde soorte van buitelandse transaksies, laste en bates verwys (SARB, 1982:10).

Alhoewel die vorige sensus se resultate ook op grond van die Standaard Nywerheisklassifikasie van alle Ekonomiese Bedrywighede geklassifiseer is, is die resultate van die twee sensusse nie vergelykbaar nie. Die gepubliseerde resultate van die tweede sensus in 1973 het slegs na die privaatsektor, insluitende die openbare korporasies en plaaslike owerhede verwys, terwyl die resultate wat in hierdie verslag gepubliseer is, na al die buitelandse laste en bates van Suid-Afrika verwys. Hierbenewens is die finansiële beheermaatskappye in die tweede sensus volgens die bedrywighede van sy filiale geklassifiseer indien hierdie bedrywighede hoofsaaklik in een sektor gekonsentreer was. In die derde sensus is hierdie maatskappye in die sektor finansies, versekering,

vaste eiendom en sakedienste geklassifiseer, ongeag die bedrywighede van hulle filiale. Hierdie metode is aanvaar om dit in ooreenstemming te bring met dié van Statistieke Suid-Afrika, ten einde vergelykbaarheid te verkry tussen die sensusresultate en ander inligting wat deur Statistieke Suid-Afrika gepubliseer word (SARB, 1982:10).

#### **2.5.4 Die vierde sensus van Suid-Afrika se buitelandse transaksies, laste en bates - 1989**

Gedurende die nege jaar wat op die derde sensus van Suid-Afrika se buitelandse transaksies, laste en bates gevolg het, het ekonomiese en politieke faktore die waarde en samestelling van die buitelandse laste en bates van Suid-Afrika ernstig beïnvloed. Dit het derhalwe noodsaaklik geword om 'n *vierde sensus van Suid-Afrika se buitelandse transaksies, laste en bates* op te neem. Hoewel die voltooiing van die vraelyste die bestaande werkslas van respondente aansienlik vergroot het, het die Reserwebank nietemin uitstekende samewerking ontvang van die oorgrote meerderheid van die organisasies en individue wat opgawes moes inhandig (SARB, Maart 1993:9).

Met die vorige 1980-sensus is die opstel van 'n omvattende adreslys verwesenlik deur middel van 'n voorlopige vraelys wat aan organisasies en individue gestuur is. Vir doeleindes van die 1989-sensus is 'n ander benadering gevolg. 'n Lys is opgestel uit verskillende bronne van die name en adresse van organisasies en individue wat *waarskynlik* by buitelandse transaksies betrokke was of wat uitstaande buitelandse laste en/of buitelandse bates gehad het (SARB, Maart 1993:9).

Organisasies met buitelandse laste en/of bates in die vorm van eienaarskapitaal of langtermynlenings, is geïdentifiseer deur middel van die Reserwebank se bestaande steekproef en ander toepaslike bronne wat in die Bank beskikbaar was. Omvattende vraelyste wat 'n volledige stel finansiële rekeninge verlang het, is aan dié organisasies gestuur. Die inligting wat in die vraelyste vereis is, het hoofsaaklik bestaan uit 'n onderverdeling van die respondente se inkomstestate volgens transaksies met buitelanders en inwoners van Suid-Afrika en van hulle balansstate volgens uitstaande laste teenoor en eise op buitelanders en inwoners van Suid-Afrika (SARB, Maart 1993:9).

Verskeie ander bronne is aangewend om organisasies en individue te identifiseer met buitelandse korttermynlaste en/of -bates wat ontstaan het uit die invoer en/of uitvoer van goedere en dienste. Minder omvattende vraelyste is aan organisasies en individue in hierdie kategorie gestuur. Hoewel hierdie vraelyste minder gedetailleerd was, is daar van die respondente verwag om aan te dui of hulle enige buitelandse bates en/of laste gehad het in die vorm van buitelandse aandeelhouding, ander lenings vanaf buitelanders of beleggings in ander lande. Wanneer die antwoord bevestigend was, is 'n omvattende vraelys ook aan dié betrokke respondente gestuur (SARB, Maart 1993:9).

Vraelyste is ook aan individue, aandelemakelaars, eiendomsagente, genomineerde maatskappye (met aandele wat in hulle naam geregistreer is, maar wat deur nie-inwoners besit is) en finansiële instellings soos depositonemende instellings, versekeraars, pensioenfondse, effeketrusts en deelnemingsverbandskemas gestuur. Die adresse van individue met buitelandse transaksies, laste en bates was nie altyd geredelik beskikbaar nie. Die depositonemende instellings was egter hulpvaardig met die vasstelling van heelwat onbekende adresse. Ongeveer 75,000 vraelyste is uiteindelik vir voltooiing aan respondente gestuur (SARB, Maart 1993:9-10).

Die resultate van die van die vierdie sensus is geklassifiseer volgens nywerheidssektor op grond van die Standaardnywerheidsklassifikasie van alle Ekonomiese Bedrywighede (Vierde uitgawe) soos deur die Statistieke Suid-Afrika opgestel. Die resultate van die 1980-sensus (die derde sensus) is ook op hierdie grondslag geklassifiseer. Albei sensusse dek alle buitelandse bates en laste van Suid-Afrika, en is gevolglik vergelykbaar (SARB, Maart 1993:13).

#### **2.5.5 Die vyfde sensus van Suid-Afrika se buitelandse transaksies, laste en bates - 1995**

Die besluit om die *vyfde sensus van Suid-Afrika se buitelandse transaksies, laste en bates* ten opsigte van die jaar 1995 op te neem is gemotiveer deur die suksesvolle oorgang na 'n nuwe politieke bedeling in April 1994 en die herinlywing van die land in die finansiële netwerk van die wêreld. Hernieuwe buitelandse belangstelling in Suid-Afrikaanse bates, die beëindiging van die tweeledige wisselkoersstelsel op 13 Maart 1995 en die geleidelike verslapping van ander deviesebeheermaatreëls van toepassing op Suid-Afrikaanse inwoners was belangrike faktore wat in die loop van 1995 'n uitwerking op die land se internasionale beleggingsposisie gehad het

(SARB, 1998:11).

'n Adreslys is weereens uit verskeie bronne van organisasies en individue wat moontlik gedurende 1995 in buitelandse transaksies betrokke was, of wat uitstaande buitelandse laste en/of buitelandse bates gehad het, saamgestel. Omvattende vraelyste, wat *onder meer* 'n volledige stel finansiële rekeninge versoek, is aan organisasies gestuur wat deur middel van die Reserwebank se bestaande steekproef en ander tersaaklike en beskikbare bronne van inligting geïdentifiseer is. In totaal is meer as 22,000 vraelyste aan organisasies in die land versend. Talle ander instansies is onregstreeks gedek - die deposito's van 'n aansienlike aantal emigrante by 'n Suid-Afrikaanse bank is byvoorbeeld deur 'n enkele opgawe bekom wat deur daardie bank ingedien is (SARB, 1998:11).

Vir die doeleindes van die sensus van 1995, is organisasies volgens nywerheidssektor geklassifiseer op grond van die jongste beskikbare Standaard Nywerheidsklassifikasie van alle Ekonomiese Bedrywighede (SNK) wat deur Statistieke Suid-Afrika saamgestel is. Die 1989-sensus het van die vierde uitgawe van die SNK gebruik gemaak, en die 1995-sensus van die vyfde uitgawe wat in 1993 gepubliseer is. Die twee opeenvolgende klassifikasies het op die vlak van hoofnywerheidsgroepe taamlik goed ooreengestem (SARB, 1998:14).

Volgens die vyfde uitgawe van die Standaard Nywerheidsklassifikasie van alle Ekonomiese Bedrywighede (SNK) wat deur die Statistieke Suid-Afrika saamgestel is, is finansiële beheermaatskappye wat deel van die 1995-sensus was, by die sektor finansies, versekering, vaste eiendom en sakediens ingedeel en nie volgens die bedrywighede van hul filiale nie. Hierdie prosedure het verseker dat die resultate met dié van die sensus van 1989 vergelykbaar is (SARB, 1998:15). Die verskille tussen die vyfde en die vierde uitgawe van die SNK is in meer detail bespreek onder punt 2.3.1.

Sekere balansstaatposte is terselfdertyd heringedeel. Lenings uit die buiteland aan die monetêre sektor wat na binnelandse instellings in die openbare en privaat sektor deurgeleen is, is tevore as buitelandse laste van die eindgebruiker van die fondse of die uiteindelijke skuldenaar ingedeel. Vanaf 1989 is hierdie items ingedeel as korttermyn buitelandse laste van die monetêre sektor. Skuld wat aan buitelandse instansies verskuldig en ingevolge opeenvolgende spesiale



ooreenkomste met buitelandse krediteure in medium- en langtermynlenings omgeskakel is, is insgelyks as langtermynlaste van die monetêre sektor pleks van laste van die oorspronklike skuldenaar ingedeel (SARB, 1998:15).

## **2.6 Sensusmetodiek**

### **2.6.1 Inleiding**

Die metodologie wat gevolg word om 'n sensusopname, van Suid-Afrika se buitelandse laste en bates te doen is van kardinale belang om te verseker dat die syfers wat aan die einde van die proses op die tafel geplaas word, 'n korrekte weergawe is van die land se internasionale beleggingsposisie op die tydstip onder beskouing. Hierdie metodologie is egter ook onderhewig aan aanpassings wat oor tyd kan plaasvind as gevolg van dinamiese veranderinge wat deurgaans 'n invloed het op 'n land se buitelandse laste en bates. Vervolgens sal ons nou konsentreer op die metodologie wat gebruik is met die opname van die sensus wat betrekking het op die 1995 kalenderjaar.

### **2.6.2 Die bepaling van 'n teikengroep**

Die bepaling van 'n teikengroep van al die instellings/individue wat gedurende die jaar, waarop die sensus van toepassing is, buitelandse transaksies, laste of bates gehad het, is 'n omvattende proses wat 'n beduidende invloed op die akkuraatheid van die finale resultate van die sensus uitoefen. Die identifisering van instellings/individue wat in die opname opgeneem moet word is spesifiek gemik op die nie-monetêre privaat sektor, omrede die openbare owerhede, openbare korporasie en die monetêre sektor uit 'n relatief klein hoeveelheid instellings bestaan. Indien daar instellings/individue is wat gedurende hierdie fase nie in die opname opgeneem word nie, is die kans skraal dat die toepaslike inligting in die finale resultate van die sensus gereflekteer sal word.

Daar is verskeie bronne waaruit 'n lys met adresse van instellings/individue met buitelandse transaksies, laste of bates saamgestel kan word. Dit is belangrik om so veel as moontlik bronne vir hierdie doeleindes aan te wend om daardeur te verseker dat die opname alle moontlike

instellings/individue geïdentifiseer het. Bronne wat gebruik kan word is die volgende:

- (i) staatsdepartemente;
- (ii) departemente van die Reserwebank;
- (iii) handelsbanke; en
- (iv) gepubliseerde media.

Inligting van instellings/individue wat gedurende die sensusperiode betrokke was by die invoer en/of uitvoer van goedere en dienste is 'n baie handige beginpunt by die opstel van 'n adreslys. Die instellings wat byvoorbeeld 'n invoer/uitvoer omset van R50,000 per jaar het, behoort van kredietfasiliteite gebruik te maak vir die finansiering van die invoer/uitvoer van goedere en dienste, wat vervolgens sal lei tot 'n buitelandse las/bate aan die einde van die jaar. Omrede daar reeds 'n steekproef bestaan wat vir die voorafgaande periodes gebruik is, bestaan daar reeds instellings wat deel sal vorm van die nuwe opname. Daar moet egter gekontroleer word of die adresse van die bestaande instelling steeds korrek is en indien nie, moet die nodige regstellings aangebring word. Indien die steekproef van die voorafgaande periode steeds relatief verteenwoordigend van die instellings/individue is wat buitelandse transaksies, laste of bates het, behoort hierdie instellings/individue steeds 'n beduidende gedeelte van die finale syfer op te maak.

Soos reeds genoem verander die metodologie wat vir opeenvolgende sensusse gebruik word, en met die bepaling van die teikengroep was dit ook so. Met die eerste sensus was dit miskien moontlik om al die instellings/individue te identifiseer wat buitelandse transaksies, laste of bates vir die toepaslike jaar gehad het, terwyl dit net nie prakties moontlik was om dit te vermag met die sensus van 1995 nie.

### **2.6.3 Stappe in die ontwerp van vraelyste en vorms**

Daar is verskeie benaderings wat gevolg kan word by die ontwerp van 'n vraelys, wat beskou kan word as meer van 'n kuns as 'n wetenskap. Vraelyste moet ontwerp word op die basis van bestaande standaarde vir effektiewe uitleg en vrae, klassifikasies en instruksies moet duidelik gestel word. By die ontwerp van die vorm is dit belangrik om die reaksie van die persoon wat die vorm gaan ontvang in ag te neem. Indien vraelyste met min moeite voltooi en teruggestuur kan word, sal respondente dit onmiddellik doen. Dit is egter so dat die voltooiing van 'n vraelys meer



as die minimum inspanning sal verg (IMF, 1995: 201). Die IMF verskaf tien stappe wat gevolg kan word by die ontwerp van 'n vorm. Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie tien stappe slegs aanbevelings is en dat lande nie verplig is om daarvan gebruik te maak nie. Hierdie tien stappe sal nou vervolgens bespreek word.

- (i) Die *eerste* stap in die ontwerp van 'n vraelys is om, deur middel van konsultasie met die gebruikers van die syfers, breë vereistes vir data wat benodig sal word te definieer.
- (ii) Stap *twee* bestaan uit die aanvanklike konsultasie met die potensiële respondente van die data. Die opsteller van die vraelys moet, in die konteks van die vereistes van die gebruiker, bepaal wat die hoeveelheid inligting is en wat beskikbaar is by die respondent. Aanvanklike samesprekings moet ook gehou word met 'n verskeidenheid van respondente wat groot tot klein instellings dek.
- (iii) Die *derde* stap behels die inlig van en die verkryging van die ondersteuning van die agentskap wat die vraelys opstel se tegniese en ondersteuningspersoneel.
- (iv) Die *vierde* stap behels die voorbereiding van 'n voorstel wat verskeie opsies, koste van die projek en 'n ontwikkelingstydskaal uiteensit.
- (v) Stap *vyf* is die fisiese ontwerp van die vraelys.
- (vi) Stap *ses* is die fase waarin die vraelys intensief getoets word. Toetsresultate word dan gebruik om veranderinge (indien nodig) aan die vraelys aan te bring. Hierdie proses mag die verspreiding van vorms aan potensiële repondente behels, sowel as onderhoude met respondente van groot instellings.
- (vii) Stap *sewe* behels die ontwikkeling en toets van kantoor- en rekenaarverwerkingstelsels.
- (viii) Stap *agt* behels die rapportering aan die bestuur van die resultate van werk wat gedoen is.
- (ix) Die *negende* stap is die implementering van die vraelys. Dit maak nie saak hoeveel toetse gedoen is nie, die werklike implementering mag probleme uitwys wat verdere modifikasie van die vraelys benodig.
- (x) Die *tiende* stap behels die evaluasie van die data ontvang. 'n Evaluasieverslag behoort aan die bestuur van die opstelleragentskap gestuur word om hulle in te lig oor enige oorblywende swakhede en verdere modifikasies wat benodig word (IMF, 1995:205-206).

#### 2.6.4 Vraelyste en vorms

Dit is belangrik om so min as moontlik addisionele werkslas op die respondente van die opname te plaas. Om dié rede word daar gebruik gemaak van verskillende vorms om sodoende net die toepaslike inligting in verband met buitelandse transaksies, laste of bates van die betrokke instellings/individue te verkry. Ook inligting van buitelandse *transaksies* word verlang. Die rede hiervoor is dat die sensus nie net gebruik word vir die bepaling van Suid-Afrika se buitelandse laste en bates nie, maar ook om ander steekproewe op te dateer wat gebruik word vir die opstel van die betalingsbalans. Die inkomstestaattransaksies sal van belang wees by die opstel van die lopende rekening van die betalingsbalans. Vervolgens sal die vraelyste en vorms bespreek word wat deur die Reserwebank uitgestuur word aan respondente vir die verkryging van die toepaslike inligting.

##### 2.6.4.1 Vorm 1: Die bepaling van individuele instellings se toepaslike inligting

Hierdie vorm/vraelys word aan al die nuwe instellings/individue gestuur wat geïdentifiseer is deur middel van die bronne wat reeds bespreek is. Hierdie vraelys bestaan uit drie dele. *Deel een* verlang inligting in verband met dienstebetalings aan die buiteland en diensteontvangstes vanaf die buiteland soos gereflekteer in die verslaggewende instelling/individue se inkomstestaat. Die respondent moet ook 'n verdeling verskaf van die lande wat betrokke was by hierdie transaksies.

Die betaling/ontvangste items wat verlang word bestaan uit:

- (i) rente;
- (ii) kopieregte;
- (iii) kantoorbestuurs-, rekeningkundige- en sekretariële dienste;
- (iv) advertensie- en promosiekostes;
- (v) direkteursvergoeding;
- (vi) professionele en tegniese dienste;
- (vii) huur van vaste eiendom; en
- (viii) ander (spesifiseer).

Daar moet daarop gelet word dat slegs inligting in verband met dienstebetalings en diensteontvangstes hier verlang word en nie inligting ten opsigte van die invoer en uitvoer van

goedere nie.

*Deel twee* dek korttermyn buitelandse laste en bates wat voortspruit uit die invoer en uitvoer van goedere en dienste. Die respondent moet soos in deel een ook hier 'n landsverdeling verskaf wat die oorsprong van die las of bate aandui. Die buitelandse laste en bates word gedek deur twee tabelle elk. Die enigste verskil tussen die twee tabelle is dat die een van toepassing is op invoer/uitvoer wat gedek is deur termynvalutatransaksies en die ander, indien daar nie termyndekking uitgeneem is nie. Hierdie tabelle bestaan uit 'n beginsaldo (31 Desember 1994), waardasieaansuiwering (indien daar nie termynvalutadekking uitgeneem is nie), die netto transaksiewaarde vir die jaar en die eindsaldo (31 Desember 1995). Deel twee het dan ook 'n verdere tabel wat inligting versoek in verband met die verdeling van die instelling/individu se buitelandse laste soos aan die einde van die sensusjaar in die geldeenheid waarin dit verskuldig is. Dit kan gebeur dat die instelling/individu se las betaalbaar is aan 'n instelling/individu in byvoorbeeld Japan, maar dat die las gedenomineer is in VSA dollar.

*Deel drie* bestaan uit drie kort afdelings. Die eerste afdeling verlang 'n beskrywing van die instelling/individu se tipe besigheid. Die hoofaktiwiteite en/of produkte geproduseer moet hier in afnemende orde van belangrikheid gerangskik word op die basis van bruto inkomste uit hierdie aktiwiteite en/of produkte. Hierdie inligting word gebruik om die instellings/individue te klassifiseer volgens die standaardnywerheidsklassifikasie soos reeds uiteengesit in hierdie hoofstuk. Die tweede afdeling verlang inligting met betrekking tot al die aandeelhouders in die instelling wat ten minste tien persent of meer van die stemdraende aandele in die instelling besit soos aan die einde van die sensusjaar. Die inligting verlang bestaan uit die naam van die geregistreerde aandeelhouer, die land van die geregistreerde adres van die aandeelhouer, die nominale waarde van die aandele besit deur die aandeelhouer en die persentasie van die totale stemreg van die aandeelhouer. Indien daar buitelandse belang van meer as tien persent in die instelling is, sal die spesifieke instelling verwyder word van die opname van vorm 1 en opgeneem word in die opname van vorm 2 wat hierna bespreek word. Die rede hiervoor is dat die persentasie buitelandse belang in die instelling toegepas word op die reserwes van die instelling om die buitelandse las van Suid-Afrika ten opsigte van die instelling te bepaal. Die leser sal daarop let dat die woord "instelling" hier gebruik word en nie "maatskappy" nie. Die rede hiervoor is dat

dieselfde beginsel ook van toepassing is by ander regspersone by die berekening van die persentasie buitelandse las van reserwes by eenmansake, vennootskappe, beslote korporasies sowel as takke. Die derde afdeling bestaan uit ses vrae waarop die respondent slegs *ja* of *nee* moet antwoord. Die vrae word gebruik om vas te stel of die respondent aan die einde van die sensusjaar enige uitstaande buitelandse laste en/of bates in die vorm van die volgende gehad het:

- (i) nie-inwoner aandeelhouing;
- (ii) lenings vanaf nie-inwoners;
- (iii) beleggings in die buiteland;
- (iv) lenings toegestaan aan instellings/individue in die buiteland;
- (v) ander buitelandse laste (spesifiseer);
- (vi) ander buitelandse bates (spesifiseer).

#### **2.6.4.2 Vorm 2: Die verkryging van volledige balansstaatinsligting**

Hierdie vorm/vraelys word gestuur aan instellings wat aangedui het dat daar buitelandse aandeelhouer(s) in die instelling is soos reeds genoem by Vorm 1, sowel as instellings/individue wat positief geantwoord het op die vrae wat aan hulle gestel is in die derde afdeling van vorm 1. Vorm 2 is gebaseer op die volledige stel finansiële state van die instelling/individue en bestaan hoofsaaklik uit die inkomstestaat vir die betrokke jaar en die balansstaat vir die jaar onder beskouing sowel as die vorige jaar.

Die inkomstestaat sowel as die balansstaat het sekere voorafbepaalde items wat ingevul moet word wat benodig word vir die opstel van Suid-Afrika se laste en bates, sowel as die betalingsbalans. Die inkomste/uitgawe/balansstaat items moet verder verdeel word tussen groottotal, Suid-Afrika, totaal vir die buiteland en 'n verdeling van die lande waarop die inkomste/uitgawe/balansstaat items van toepassing is.

Hierdie vorm maak ook voorsiening vir die verdeling van items tussen regstreekse transaksies/laste/bates en ander (onregstreekse) transaksies/laste/bates (Sien definisies van regstreekse en onregstreekse belegging vroeër in die hoofstuk). 'n Buitelandse of binnelandse instelling/individue wat betrokke is by 'n regstreekse transaksie/las/bate word 'n *verwante*

*organisasie of persoon (VOP)* genoem. 'n Maatskappy moet byvoorbeeld aantoon dat 'n lening vanaf sy moedermaatskappy in die buiteland 'n lening is wat ontvang is vanaf 'n VOP. Dieselfde onderskeid moet ook gemaak word met items in die inkomstestaat, indien die Suid-Afrikaanse maatskappy byvoorbeeld rente betaal op die lening aan sy moedermaatskappy in die buiteland.

Die toedeling van die reserwes van die instelling volgens land word ook gedoen deur middel van inligting wat uit hierdie vorm verkry word. In die geval van 'n privaat maatskappy/eenmansaak/vennootskap/beslote korporasie word die persentasie besit bepaal deur die inligting verskaf deur die respondent. Hierdie persentasies word dan toegepas op die totale reserwes van die instelling om die landsverdeling van reserwes (aandelepremie, verdeelbare, nie-verdeelbare reserwes en die verskil tussen die boekwaarde en die markwaarde van die instelling se grond en geboue) te verkry, soos gebaseer op netto batewaarde. Hier volg 'n voorbeeld van so 'n berekening uit inligting verskaf in die vorm. Vir illustratiewe doeleindes word gebruik gemaak van 'n privaat maatskappy:

**Tabel 1: Fiktiewe voorstelling van vorm 2 data**

Item	Groot Totaal	Suid-Afrika	Totaal Buiteland	Duitsland
Gewone (stemdraende) aandele	150	100	50	50
Aandelepremie	25,000	25,000		
Nie-verdeelbare reserwes	16,000	16,000		
Verdeelbare reserwes	19,000	19,000		
Grond en geboue - boekwaarde	20,000	20,000		
Grond en geboue - markwaarde	30,000	30,000		

**Bron: Vorm 2: Die verkryging van volledige balansstaat-inligting**

Berekening:

#### Formule

(Totaal Buitelandse Gewone Aandele/Groot Totaal Gewone Aandele) \* (Aandelepremie + Nie-verdeelbare reserwes + Verdeelbare reserwes) + (Markwaarde van grond en geboue - Boekwaarde van grond en geboue))

$$= (50/150) * (25,000 + 16,000 + 19,000 + (30,000 - 20,000))$$

$$= 0,33 * 70,000$$

$$= 23,100$$

Suid-Afrika se las teenoor Duitsland voortspruitend uit reserwes van hierdie maatskappy is dus R23,100. Verder sal hierdie bedrag getoon word as 'n *direkte* belegging uit Duitsland in Suid-Afrika, omrede die Duitse maatskappy meer as 10% aandeelhouding in die Suid-Afrikaanse maatskappy hou. Die Duitse maatskappy is dan natuurlik ook 'n *VOP* van die Suid-Afrikaanse maatskappy. Instellings toon somstyd die waarde van hul grond en geboue teen boekwaarde in hul finansiële state wat dus nie die werklike waarde van hul reserwes reflekteer nie. Om die rede word die verskil tussen 'n maatskappy se mark- en boekwaarde van sy grond en geboue by die reserwes getel om 'n meer realistiese syfer te kry van die werklike las teenoor die buiteland.

In die geval van 'n publieke maatskappy wat genoteer is op die Johannesburgse Effektebeurs is dit nie so voor die handliggend wie die aandeelhouders is nie, sowel as die land waar die aandeelhouer woonagtig is nie. Die maatskappy self behoort 'n goeie idee te hê wie die grootste aandeelhouders is en onder hierdie aandeelhouders mag daar ook genomineerde maatskappye wees. Die genomineerde maatskappy is egter net 'n tussenganger wat optree vir die uiteindelijke aandeelhouer wat in sommige gevalle van die genomineerde maatskappy gebruik maak om sy identiteit geheim te hou. Dit behoort dus duidelik te wees dat daar 'n wanvoorstelling sal wees indien die genomineerde maatskappy as die aandeelhouer beskou word en daar nie gekyk word na die instellings/individue wat deur die genomineerde maatskappy aandele in 'n publieke maatskappy aangekoop het nie.

Inligting in verband met die aandeelhouders in 'n publieke maatskappy word verkry vanaf die genomineerde maatskappy(e) wat 'n verdeling volgens geografiese gebied verskaf van alle aandeelhouders wat deur dié genomineerde maatskappy(e) aandele in 'n publieke maatskappy hou.

Genomineerde maatskappye verskaf ook inligting in verband met die houers van effekte volgens land, soos uitgereik deur byvoorbeeld die regering, Eskom, Transnet en ander semi-staatsinstellings. Verder word die inligting van ander aandeelhouders wat nie van 'n genomineerde maatskappy gebruik maak nie verkry vanaf aandeleregistrateurs. Die registrateurs verskaf ook inligting van aandele in 'n publieke maatskappy volgens die geografiese gebied waar die aandeelhouer woonagtig is.

Die voorafgenoemde inligting word dan op dieselde wyse gebruik om die persentasie buitelandse besit in die maatskappy te bepaal en om dié persentasie toe te pas op die reserwes van die maatskappy. Publieke maatskappye word ook gewaardeer teen netto batewaarde en nie teen die prys soos waarteen die aandeel verhandel op die Johannesburgse Effektebeurs nie. Dit kan dus plaasvind dat die buitelandse las van Suid-Afrika hoër of laer gewaardeer is teen netto batewaarde as wat die aandeelprys op die Johannesburgse Effektebeurs teen verhandel afhangende daarvan of die aandeelprys teen 'n premie of 'n diskonto verhandel op die Johannesburgse Effektebeurs.

Die laste wat voortvloei uit die inligting wat vanaf genomineerde maatskappye verkry word verteenwoordig dan ook hoofsaaklik portefeulje beleggings. Daar is egter gevalle waar 'n buitelandse party 'n direkte belang in 'n maatskappy op die Johannesburgse Effektebeurs hou.

Buitelandse bates van Suid-Afrika met betrekking tot reserwes word op dieselfde beginsel bereken as aan die laste kant. Suid-Afrikaanse maatskappy moet die persentasie wat hulle in buitelandse maatskappye hou sowel as die nominale waarde van die totale uitgereikte aandeelkapitaal en die totale reserwes van die buitelandse maatskappy(e) verskaf. Hierdie inligting word apart van hulle finansiële resultate versoek omrede maatskappye gewoonlik die aandeelbesit in die buitelandse maatskappy teen boekwaarde in hul finansiële resultate toon. Dit sal dus weereens lei tot 'n onderwaardering van die buitelandse bate indien hierdie addisionele inligting nie verkry word nie.

Vorm 2 is die omvattendste vraelys wat deur die Reserwebank uitgestuur word vir die bepaling van Suid-Afrika se buitelandse laste en bates. Dié vraelys is dan ook die steunpilaar vir die verkryging van inligting vir die opstel van Suid-Afrika se buitelandse laste en bates.



### **2.6.4.3 Vorm 3: Die meting van indirekte buitelandse belang in Suid-Afrikaanse maatskappye**

Soos vroeër genoem word daar gepoog om die addisionele werkslas op die respondente, wat voortvloei uit die insameling van statistiek vir die opstel van Suid-Afrika se buitelandse laste en bates, so klein as moontlik te hou. Vorm 3 is dan ook 'n voorbeeld van 'n vraelys wat slegs fokus op instellings wat deur 'n Suid-Afrikaanse maatskappy(e) beheer word wat op hul beurt deur 'n buitelandse maatskappy(e) beheer word. Dit gebeur gewoonlik dat die Suid-Afrikaanse maatskappy wat uit die buiteland beheer word dan ook deel vorm van die opname van Vorm 2. Die maatskappye wat deel vorm van die Vorm 3-opname, het dan ook nie ander buitelandse laste of bates van enige aard nie.

Die instelling wat deel is van die Vorm 3-opname se enigste las ten opsigte van die buiteland is dan met betrekking tot sy reserwes. Hierdie is dan ook 'n kort vraelys wat slegs inligting verlang ten opsigte van die maatskappy se reserwes, die mark- en boekwaarde van sy grond en geboue en die aandeelhouders van die maatskappy. Daar word dan na die instellings wat as aandeelhouders genoem word se aandeelhouders gekyk om die persentasie buitelandse aandeelhouding in die instelling wat deel van die Vorm 3 opname uit maak te bereken. Die leser sal merk dat die instelling se aandeelkapitaal nie gevra word nie en die rede hiervoor is dat hierdie aandeelkapitaal aan die Suid-Afrikaanse maatskappy behoort en nie aan 'n buitelandse instelling toegedeel word nie. Die volgende voorbeeld sal aantoon hoe die Suid-Afrikaanse las ten opsigte van die instelling se reserwes bereken word.

A (Engeland) besit 80% van B (Suid-Afrika). B besit 40% van C (Suid-Afrika). A besit dus in effek 32% ( $80\% * 40\%$ ) van C se totale reserwes. B behoort 'n instelling te wees wat op die opname van Vorm 2 te verskyn. Indien C nou sy aandeelhouding verskaf kan daar van die inligting soos op Vorm 2 verskaf gebruik gemaak word om die effektiewe beheer van A in C te bereken. Die berekening is dan soos volg:



**Tabel 2: Fiktiewe voorstelling van vorm 3 data**

Item	Totaal - Vorige jaar	Totaal - Huidige jaar
Aandelepremie	10,000	15,000
Nie-verdeelbare reserwes	7,000	10,000
Verdeelbare reserwes	11,000	14,000
Grond en geboue - boekwaarde	7,000	9,000
Grond en geboue - markwaarde	12,000	16,000

**Bron: Vorm 3: Die meting van indirekte buitelandse belang in Suid-Afrikaanse maatskappye**

U sal daarop let dat inligting gevra word vir die huidige sowel as vorige jaar. Die rede hiervoor is om inligting te kry om die korrektheid van die inligting te verifieer sowel as om 'n verandering tussen die twee jare te kan bereken.

Berekening:

Formule

$$\begin{aligned}
 & (\text{Persentasie Buitelandse Beheer in Instelling B}) * (\text{Persentasie Beheer van Instelling B in Instelling C}) * (\text{Aandelepremie} + \text{Nie-verdeelbare reserwes} + \text{Verdeelbare reserwes} + (\text{Markwaarde van grond en geboue} - \text{Boekwaarde van grond en geboue})) \\
 &= (80\%) * (40\%) * (15,000 + 10,000 + 14,000 + (16,000 - 9,000)) \\
 &= 32\% * 46,000 \\
 &= 14,720
 \end{aligned}$$

Suid-Afrika se las teenoor Engeland voortspruitend uit reserwes van instelling C is dus R14,720. Die las voortspruitend uit instelling C se reserwes word nog steeds getoon as 'n direkte belegging uit Engeland in Suid-Afrika alhoewel instelling A nie direk die aandele in C hou nie. Verder is instelling A ook 'n *VOP* van instelling C.

#### **2.6.4.4 Vorm 4: Die meting van die besit van Suid-Afrikaanse eiendom deur nie-inwoners**

Hierdie vorm is opgestel met die uitsluitlike doel om te bepaal wat die markwaarde van eiendom in Suid-Afrika is wat deur buitelanders besit word. Eiendomspryse in Suid-Afrika is relatief goedkoop vir buitelanders vanweë die wisselkoers van die Suid-Afrikaanse rand teen buitelandse geldeenhede. Dit lei daartoe dat die belegging in Suid-Afrikaanse eiendom deur buitelanders 'n substansiële bedrag aanneem.

'n Praktiese probleem met die meting van hierdie syfer is dat dit nie moontlik is om 'n buitelander self te kontak om die waarde van sy eiendom in Suid-Afrika uit te vind nie. Heelwat van die buitelanders bly nie permanent in Suid-Afrika nie en verhuur die eiendom aan Suid-Afrikanners. Daar moes in hierdie geval dus na 'n alternatiewe oplossing gesoek word om hierdie syfer te bepaal.

Vorm 4 word gestuur na Suid-Afrikaanse eiendomsagente wat eiendom administrateer vir 'n buitelander. Die buitelander gebruik dus 'n Suid-Afrikaanse eiendomsagent om die eiendom vir hom/haar uit te verhuur om so 'n inkomste uit die eiendom te genereer. Hierdie vorm bestaan uit een bladsy wat die markwaarde van die eiendom, wat deur buitelanders besit word en onder administrasie van die Suid-Afrikaanse eiendomsagent is, verlang. Daar word ook voorsiening gemaak vir 'n landsverdeling waar die land aangetoon moet word waar die buitelander woonagtig is. Verder word daar ook voorsiening gemaak vir die tipe eiendom onder administrasie. Die tipes eiendom word soos volg verdeel:

- (i) Fabriek;
- (ii) Plaas;
- (iii) Woonstel;
- (iv) Huis;
- (v) Erf; en
- (vi) Ander.

Hierdie waarde word dan ook gevoeg by die syfer wat bepaal word vir die waarde van eiendom

wat deur buitelandse regerings besit word (konsulate en ambassades). So word die finale syfer verkry wat aangetoon word onder die buitelandse laste van Suid-Afrika, as 'n direkte belegging, en onder die lyn item "Ander".

#### **2.6.4.5 Vorm 5: Die meting van die buitelandse laste en bates van die monetêre sektor**

Die inligting wat betrekking het op die buitelandse laste en bates van die monetêre sektor word verkry deur die syfers verskaf deur die banksektor op Vorm 5. Die groot totaal van hierdie syfers word op 'n maandelikse basis gemeet deur 'n vorm wat uitgestuur word met die doel om die geldvoorraadsyfers te bepaal.

Die doel van Vorm 5 is dan om 'n verdeling van die banke se buitelandse laste en bates te verkry volgens geografiese gebied. Hierdie opname is nie baie groot nie, maar die syfer wat hier verkry word verteenwoordig 'n groot gedeelte van Suid-Afrika se buitelandse laste en bates. Die aandeel van die buiteland in die reserwes van Suid-Afrikaanse banke word ook deur hierdie vorm gemeet. Buitelandse banke met takke en/of filiale in Suid-Afrika het oor die afgelope paar jaar sterk gegroei en verteenwoordig 'n al hoe groter deel van direkte belegging in die monetêre sektor.

Suid-Afrikaanse banke met takke en/of filiale in die buiteland het ook toegeneem oor die afgelope paar jaar en die vorm maak ook voorsiening vir die rapportering van hierdie buitelandse bates in die vorm van reserwes op dieselfde wyse as Vorm 2.

Die bogenoemde vyf vorms/vraelyste vorm dus die ruggraat van die opnames/steekproewe vir die bepaling van Suid-Afrika se buitelandse laste en bates. Al vyf die vorms/vraelyste is dan ook opgestel om data op 'n kalenderjaarbasis in te samel. Dit is egter nie altyd prakties moontlik om instellings se syfers op 'n kalenderjaarbasis te verkry nie en in hierdie gevalle word dan van die instelling se jaareinde wat die naaste is aan die kalenderjaareinde gebruik gemaak.

### 2.6.5 Voorraad teenoor verandering begrip

Soos reeds genoem word soveel as moontlik instellings/individue wat gedurende die sensusjaar betrokke was by buitelandse transaksies en/of wat buitelandse laste en/of bates teen jaareinde gehad het in die opname ingesluit vir die bepaling van buitelandse laste en bates. Die rede hiervoor is om betroubare en verteenwoordigende syfers vir die verskillende buitelandse laste en bates items te verkry vir die sensusjaar wat as beginpunt kan dien as voorraadsyfers vir die bepaling van syfers vir die jare wat volg op die sensus.

Die voorraadbegrip is dan ook selfverduidelikend. Vir elke item van buitelandse laste en bates word die totaal van al die instellings/individue, wat deel vorm van die opname vir die sensusjaar, wat 'n waarde onder 'n item gerapporteer het, gesommeer om 'n finale syfer vir daardie spesifieke item te kry.

Die veranderingbegrip word gebruik vir die bepaling van syfers vir die buitelandse laste en bates vir die jare tussen die sensusse. Daar word gekyk na die verandering tussen 'n item op die balansstaat van die instelling/individu vir die huidige jaareinde en die vorige jaareinde. Indien 'n instelling byvoorbeeld X rapporteer onder langtermynlenings vir die huidige jaar en Y vir die vorige jaar, word die verandering eenvoudige bepaal deur Y van X af te trek.

Daar kan dus gevra word waarom die voorraadbegrip nie vir elke jaar gebruik word nie. Die probleem wat opduik met die gebruik van die voorraadbegrip vir die jare wat volg op 'n sensus jaar is wanneer daar met groot opnames of steekproewe gewerk word. In die praktyk is dit nie altyd moontlik om data in die hande te kry vir die huidige jaar vir al die instellings/individue wat deel gevorm het van die vorige jaar se opname of steekproef nie. Indien van die voorraadbegrip gebruik gemaak word in hierdie omstandighede sal die data van die instellings/individue wat nie hulle vorms terugstuur nie verlore gaan en behoort daar 'n ondertelling te wees.

Vervolgens sal daar deur middel van 'n voorbeeld gedemonstreer word hoe die veranderingbegrip in die praktyk werk. Kom ons veronderstel in die jaar van die sensus bestaan daar vyf instellings/individue in Suid-Afrika wat langtermynlenings het wat afkomstig is uit die buiteland.

Ons veronderstel verder dat die sensus daarin slaag om al vyf hierdie instellings/individue te identifiseer en die nodige vorms/vraelyste na hulle toe uit te stuur en die data terug te ontvang. Hierdie instellings/individue (A, B, C, D en E) rapporteer die volgende waardes onder langtermynlenings:

**Tabel 3: Voorbeeld van die veranderingbegrip - sensusjaar**

	A	B	C	D	E	Totaal
Sensus	15	9	17	14	22	77

Die totale waarde van langtermynlenings vir die sensus jaar is dus 77, wat dan die voorraad begrip verteenwoordig en bereken is deur slegs al die waardes te sommeer wat gerapporteer is. Veronderstel nou dat daar besluit word om vir die jaar wat volg op die sensus weer vir al die instellings/individue wat in die opname is die toepaslike vorms/vraelyste te stuur. Veronderstel verder dat om een of ander rede slegs drie van die respondente (A, D en E) hulle vorms/vraelyste terugstuur en die ander twee instellings (B en C) nie opgespoor kan word nie. Hierdie instellings/individue (A, D en E) rapporteer dan die volgende waardes onder langtermynlenings vir die jaar wat volg op die sensus:

**Tabel 4: Voorbeeld van die veranderingbegrip - jaar na die sensus**

	A	D	E	Totaal
Sensus + 1	24	12	27	63

Indien daar nou weer van die voorraad begrip gebruik gemaak word is die totaal vir langtermynlenings 63. Die blyk dus op die oog af dat daar 'n daling van 14 (77-63) was in langtermynlenings. Dit is egter nie korrek nie omrede die ander twee instellings B en C se waardes nie beskikbaar is nie. Die veranderingbegrip bied egter die oplossing. Deur 'n voorraadsyfer te bepaal en vir elke jaar daarna slegs die verandering wat oor die twee jare plaasgevind het by te tel word 'n nuwe voorraad vir die jare tussen die sensusse verkry. Die volgende sal dus in ons voorbeeld gebeur:

**Tabel 5: Voorbeeld van die veranderingbegrip - totaal**

	A	B	C	D	E	Totaal
Sensus	15	9	17	14	22	77
Verandering	+9	-	-	-2	+3	+10
Sensus + 1	24	N/B	N/B	12	27	63

Wat dus gebeur is dat die instellings/individue waarvoor daar nie syfers beskikbaar is vir die jaar na die sensus nie, konstant gehou word. B en C se waardes van 9 en 17 word dus nie afgetrek by die verandering nie, maar daar word aanvaar dat dié waardes konstant gebly het. In ons voorbeeld is die resultaat vir langtermynlenings vir die jaar wat volg op die sensus dus 87 (77+10).

Soos reeds genoem is een van die redes waarom met die veranderingbegrip gewerk word dat instellings/individue nie reageer op die vorms/vraelyste nie of nie opgespoor kan word nie. 'n Verdere rede is dat die opname in die sensusjaar baie groot kan wees en dit nie prakties moontlik is om elke jaar al die vorms/vraelyste te kan hanteer nie, wat dan lei tot die oordeelkundige uitkakeling van instellings/individue wat 'n relatief klein bydra tot die bepaalde syfer lewer en so 'n *steekproef* uit die opname saam te stel. Wat egter belangrik is om te onthou is dat hierdie instellings/individue wat nie deel vorm van die steekproef nie, vir die jaar na die sensus se waardes, nie buite rekening gelaat word nie, omrede dit by die voorraad vir die sensusjaar ingesluit is en dus net konstant geag word vir die jaar na die sensus.

'n Tekort aan mannekrag is 'n praktiese struikelblok wat motivering is vir die gebruik van 'n steekproef uit die universum asook die beginsel wat bepaal dat 'n relatief klein aantal instellings/individue verantwoordelik is vir die grootste gedeelte van 'n sekere syfer. Hierdie beginsel word vervolgens onder punt 2.6.6 bespreek.

### 2.6.6 Die belangrikheid van groot instansies

Die ideale situasie by die bepaling van enige grootheid wat opgemaak word uit 'n universum is om

al die individuele eenhede in daardie grootheid te meet en 'n volmaakte syfer te bepaal. In sekere gevalle is dit prakties moontlik, maar waar die hoeveelheid eenhede waaruit 'n grootheid bestaan te veel word is dit die enigste praktiese alternatief om van 'n steekproef gebruik te maak. Die hoeveelheid eenhede wat bepaal dat daar van 'n steekproef gebruik gemaak moet word kan ook nie as 'n reel vasgestel word nie en sal dus verskil van situasie tot situasie. Vir 'n sekere situasie kan daar byvoorbeeld besluit word dat daar van 'n steekproef gebruik gemaak moet word sodra die universum 100 bereik terwyl 'n ander situasie bepaal dat indien die universum 500 is dat al die eenhede nog gemeet kan word.

Soos reeds genoem is een van die hoofoorwegings vir die gebruik van 'n steekproef uit die universum 'n tekort aan mannekrag. Indien een persoon 90 persent van sy tyd bestee aan die meet van eenhede wat slegs 10 persent van 'n syfer opmaak gebeur dit ook dat die 10 persent van die tyd wat die persoon bestee aan die eenhede wat 90 persent van die syfer opmaak te min is en dat daar foute met die belangrike eenhede gemaak word. Die eindresultaat is dan gewoonlik swakker indien daar gepoog word om 'n universum te meet wat te groot is in verhouding tot die mannekrag beskikbaar.

Om hierdie punt te staaf sal ons gebruik maak van die buitelandse laste van Suid-Afrika volgens Vorm 2.

**Tabel 6: Instellings wat bygedra het tot items vir die sensusjaar 1995**

Item	Totaal	50 persent van totaal	90 persent van totaal	95 persent van totaal
Laste - Aandelekapitaal	1356	24 (1,8)	214 (15,8)	318 (23,5)
Reserwes	1930	25 (1,3)	242 (12,5)	359 (18,6)
Saldo's van takke	40	5 (12,5)	16 (40,0)	21 (52,5)
Obligasies	38	2 (5,3)	5 (13,2)	7 (18,4)
Langtermynlenings	908	5 (0,6)	50 (5,5)	117 (12,9)
Korttermynlenings	855	1 (0,1)	24 (2,8)	73 (8,5)

**Bron: SARB, Interne sensusdata**

Die tabel hierbo toon aan die totale instellings/individue wat bygedra het tot die onderskeie items sowel as die aantal instellings/individue wat onderskeidelik 50 persent, 90 persent en 95 persent van die totale syfer verteenwoordig het. In hakies word die aantal instellings uitgedruk as 'n



persentasie van die totale instellings. Hierdie ontleding word gedoen vir al vier die sektore as 'n totaal. Dit is dan ook die rede vir die 2 en 1 instellings onder obligasies en korttermynlenings wat 50 persent van die totaal verteenwoordig. Die regering en 'n semi-staatsinstelling se effekte verteenwoordig die 2 instellings by obligasies en die monetêre sektor se totale korttermynlenings verteenwoordig die 1 instelling by korttermynlenings.

Dit gebeur dan ook dat duplikasie plaasvind en dat dit dan moontlik is dat een instelling/individueel deel vorm van al die items wat daartoe sal lei dat die steekproef kleiner sal wees as die totaal van die instellings in die tabel. Dit is dan duidelik dat 'n steekproef uit die universum die werkslas van die nasieners kan verlig en hulle ook die nodige tyd kan gee om aandag te skenk aan die instellings/individueel wat die grootste gedeelte van 'n sekere syfer bydra.

## **2.7 Die verwantskap tussen die betalingsbalans en buitelandse laste en bates**

'n Land se buitelandse laste en bates word direk beïnvloed deur transaksies wat aangeteken word in die land se betalingsbalans. Die betalingsbalans verteenwoordig transaksies wat oor 'n kwartaal plaasvind en die resultaat van die vier kalender kwartale word dan weerspieël in die buitelandse laste en bates van 'n land. Die som van die vier kwartale sal nie presies gelyk wees aan die verandering in die buitelandse laste en bates nie hoofsaaklik vanweë waardasieaansuiweringe. Ons gaan nou kyk na die verwantskap tussen die betalingsbalans en die buitelandse laste en bates volgens die hoofindeling van die betalingsbalans.

### **2.7.1 Lopende rekening van die betalingsbalans**

Die lopende rekening van die betalingsbalans bestaan uit die invoer en die uitvoer van goedere en dienste sowel as oordragte wat plaasvind waarvoor daar dus geen teenprestasie gelewer word nie. In Suid-Afrika se geval word die uitvoer van goud ook apart aangetoon omrede dit 'n groot rol speel in die land se uitvoer. Transaksies wat ingedeel word onder die lopende rekening van die betalingsbalans het hoofsaaklik 'n invloed op korttermyn buitelandse laste en bates. Die rede hiervoor is dat krediet wat verskaf word vir die invoer of uitvoer van goedere en dienste normaalweg 'n looptyd van minder as een jaar het. Dit is egter moontlik dat groter instellings 'n



handelskrediet fasiliteit bekom wat 'n looptyd van langer as een jaar het, maar dit is meerendeels 'n uitsondering. Die normale verdeling reël met betrekking tot regstreekse en onregstreekse belegging geld dan ook vir uitstaande bedrae ten opsigte van lopende rekening transaksies sowel as die verdeling volgens sektore. Dit is belangrik om te onthou dat die fisiese hoeveelheid invoer en uitvoer nie 'n effek op 'n land se buitelandse laste en bates het nie, maar slegs die uitstaande bedrae verskuldig ten opsigte van invoer en uitvoer wat nog nie vereffen is nie op die balansstaat datum.

### **2.7.2 Kapitaalrekening van die betalingsbalans**

Die kapitaalrekening van die betalingsbalans bestaan uit kapitaal wat 'n land invloei en uitvloei vir beleggingsdoeleindes. Die kapitaal kan die vorm aanneem van die aankoop en verkoop van aandele, effekte en geldmarkinstrumente sowel as die verkryging en toestaan van lenings. Hierdie rekening het die grootste invloed op 'n land se buitelandse laste en bates en het 'n effek op die hele spektrum van items waarvolgens 'n land se buitelandse laste en bates ingedeel is. Dit is ook op die kapitaalrekening waar die effek van lopende rekening transaksies, wat op krediet gedoen is, waargeneem sal word.

### **2.7.3 Goud- en ander buitelandse reserwes**

Die verandering in 'n land se goud- en ander buitelandse reserwes is die netto resultaat van al die transaksies op die lopende en kapitaalrekening van die betalingsbalans. Die vlak van goud- en ander buitelandse reserwes word weerspieël in die buitelandse bates van 'n land. Suid-Afrika toon ook buitelandse lenings (laste) van die SA Reserwebank apart as laste verwant aan reserwes en nie in die kapitaalrekening as 'n verandering in laste van die monetêre sektor nie. Die vlak van die Reserwebank se buitelandse lenings word egter aangetoon as 'n korttermyn buitelandse las van die monetêre sektor.

## **2.8 Samevatting**

Na afloop van hierdie hoofstuk behoort die leser te verstaan hoe belangrik data met betrekking

tot 'n land se buitelandse laste en bates is vir ekonomiese en meer spesifiek monetêre beleidsvorming. Verder behoort die leser te verstaan wat die beweegrede was vir die opname van al die sensusprojekte tot op datum, asook die werkswyse wat gevolg is en vergelykbaarheid van die inligting beskikbaar sedert 1956. Die leser behoort ook op te merk dat daar duidelike riglyne bestaan vir die indeling van 'n land se buitelandse laste en bates. Daar kan ook gelet word op die verskillende metodes wat gebruik word vir die voorlegging van die voorafgenoemde inligting sowel as die afbakening wat gebruik word vir die indeling van buitelandse laste volgens ekonomiese bedrywighede.

Verder behoort die leser bewus te wees van die interpretasie van die Internasionale Monetêre Fonds ten opsigte van sekere belangrike items met betrekking tot die internasionale beleggingsposisie. Dit behoort ook duidelik te wees dat die Internasionale Monetêre Fonds nie lidlande verplig om hul state volgens vaste riglyne op te stel nie, maar dat omstandighede van individuele lande 'n rol speel in die wyse waarop elke land sy state sal opstel. Daar is egter sekere inligting wat elke land moet insamel met die oog op internasionale vergelykbaarheid tussen verskillende lande.

Die leser behoort ook vertrouwd te wees met die praktiese sy van die bepaling van 'n land se buitelandse laste en bates. Die tydsverloop vanaf die begin van 'n sensus tot die publisering van die finale syfers mag vir sommige persone baie lank wees, maar die hoeveelheid werk wat in dié periode voltooi moet word, sowel as die voordeel van die bepaling van 'n akkurate syfer regverdig die tydsduur van 'n sensus. Die metodes wat gebruik word om die finale syfers te bereken en die vorms/vraelyste wat gebruik word om hierdie syfers vanaf die respondente te verkry is, uiteengesit. Die beweegrede agter die gebruik van 'n steekproef uit die universum is verduidelik. Laastens sal u bewus wees dat daar 'n noue verband bestaan tussen die betalingsbalans van 'n land en die land se buitelandse laste en bates.

In hoofstuk 3 sal 'n historiese ontleding van Suid-Afrika se buitelandse laste vanaf 1956 tot 1988 gedoen word. Die ontleding word gedoen volgens groei in buitelandse belegging, regstreekse en onregstreekse buitelandse belegging en buitelandse belegging volgens ekonomiese sektor, instrument en termyn sowel as geografiese indeling.

**DEEL II**

**SUID-AFRIKA SE BUITELANDSE LASTE EN BATES VIR DIE  
PERIODE 1956 - 1988**

## HOOFSTUK 3

### SUID-AFRIKA SE BUITELANDSE LASTE VIR DIE PERIODE 1956 - 1988

#### 3.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk sal fokus op Suid-Afrika se buitelandse laste vir die periode 1956 tot 1988. Daar sal gefokus word op die verskillende kategorieë waarvolgens die buitelandse laste verdeel word soos gepubliseer deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank. Die twee-en-dertig jaar onder beskouing is 'n lang periode waartydens daar substansiële skommelings in verskillende ekonomiese groothede plaasgevind het. Die inflasiekoers het byvoorbeeld beweeg van onder een persent op 'n jaarkoers gebaseer tot oor die twintig persent. Ooreenstemmende skommelings het ook in die rentekoerse en wisselkoers van die Rand oor die periode plaasgevind.

In die middel van die negentiende eeu was Suid-Afrika 'n tipiese onderontwikkelde land met beperkte vooruitsigte vir vinnige ekonomiese groei en ontwikkeling. Die daaropvolgende ontdekking van diamante en veral goud het hierdie toestand verander en groot bedrae buitelandse kapitaal is in die land belê met die doel om die mineraalbronne van die land te ontgin. Hierdie invloeiing van buitelandse fondse het wesenlik tot die ekonomiese ontwikkeling van die land gedurende die laaste gedeelte van die negentiende eeu en die eerste helfte van die twintigste eeu bygedra (Frankel, S.H., 1938: 75).

Buitelandse kapitaal word nie slegs benodig met die doel om 'n betreklik hoë groeikoers te behaal nie, maar het ook ander belangrike voordele. *Ten eerste* kan deelnemende buitelandse ondernemings in die geval van groot projekte wat besteding aan navorsing vereis, in 'n beter posisie wees om hierdie uitgawes te absorbeer. *Ten tweede* gaan buitelandse deelname dikwels nie net slegs met die verskaffing van buitelandse kapitaal gepaard nie, maar ook met die benodigde kundigheid en meer gevorderde en moderne tegnieke wat meesal slegs in die hoogs geïndustrialiseerde lande beskikbaar is. *Ten derde* sal buitelandsbeheerde organisasies gewoonlik beter toegang tot buitelandse markte hê as binnelandsbeheerde ondernemings. *Ten slotte* kan

buitelandsbeheerde ondernemings ook in 'n beter posisie wees om geskoolde immigrante na Suid-Afrika te bring (van der Merwe E.J. en Bester M.C., Junie 1983: 59).

Die buitelandse laste van Suid-Afrika oor die periode onder beskouing word ontleed volgens die klassifikasies van die Suid-Afrikaanse Reserwebank en poog om verwantskappe te vind tussen die buitelandse laste en ander makroekonomiese groothede in die Suid-Afrikaanse ekonomie. Daar sal ook deurgaans van tabelle in die teks gebruik gemaak word om sodoende 'n duideliker prentjie te skets.

### **3.2 Groei in buitelandse belegging**

As 'n weerspieëling van die gunstige beleggingsmoontlikhede in Suid-Afrika, het die land se buitelandse laste van R2 746 miljoen, aan die einde van 1956 tot R32 490 miljoen aan die einde van 1981 of teen 'n gemiddelde jaarlikse groei koers van 10,4 persent, toegeneem (van der Merwe E.J. en Bester M.C., Junie 1983: 59). In hierdie vyf-en-twintig jaar het die buitelandse laste elke jaar toegeneem behalwe in 1961 en 1979. In 1961 het dit effens gedaal vanweë die onttrekking van beleggings deur nie-inwoners na die politieke onrus in Swartdorpsgebiede. Op daardie tydstip het betreklik akkommoderende valutabeheerregulasies met betrekking tot die oordrag van die opbrengs van verkope van Suid-Afrikaanse aandele deur nie-inwoners, die onttrekking van beleggings vergemaklik (van der Merwe E.J. en Bester M.C., Junie 1983: 59).

'n Aansienlike oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans, wat hoofsaaklik met skerp toenames in die pryse van goud en ander uitvoerprodukte verband gehou het, was grootliks vir die afname in buitelandse laste in 1979 verantwoordelik. 'n Aansienlike deel van hierdie afname het bestaan uit die terugbetaling van laste verwant aan reserwes, wat vantevore verkry is om die buitelandse valuta-reserwes aan te vul. Daarbenewens was daar 'n omskakeling van buitelandse na binnelandse finansiering van buitelandse handel, wat deur 'n hoë mate van binnelandse likwiditeit en aanmerklik laer rentekoerse in Suid-Afrika as in die vernaamste nywerheidslande aangespoor is (van der Merwe E.J. en Bester M.C., Junie 1983: 59).

Gedurende 1986 het Suid-Afrika se buitelandse laste afgeneem tot R80,7 miljard aan die einde

van die jaar vanaf R92,3 miljard aan die einde van 1985, of met 12,5 persent (SARB, 1988:58). Dit was die eerste daling in die land se buitelandse laste wat in enige kalenderjaar sedert 1979 aangeteken is. 'n Opmerklike deel van hierdie aansienlike afname was toe te skryf aan waardasieaansuiwerings as gevolg van die appresiasie van die rand. Groot netto terugbetalings op buitelandse skuld gedurende 1986 het egter ook tot die daling in buitelandse laste bygedra (SARB, 1988:58).

Tabel 7 illustreer dat daar 'n korrelasie bestaan tussen die groei in die buitelandse laste van Suid-Afrika en die saldo op die lopende rekening van die betalingsbalans. Hierdie korrelasie dui daarop dat 'n surplus op die lopende rekening van die betalingsbalans gepaard gaan met 'n afname in die groei in buitelandse belegging en 'n tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans gepaard gaan met 'n toename in die groei in buitelandse belegging. Oor die tydperk 1959 tot 1963, 1977 tot 1980 en 1985 tot 1988 het Suid-Afrika 'n surplus op die lopende rekening van die betalingsbalans gehad en in 1961, 1979 en 1986 en 1987 onderskeidelik negatiewe groei in buitelandse belegging aangeteken.

Alhoewel toenames in buitelandse laste in bykans al die jare tussen die tydperk onder beskouing aangeteken is, het die koers van toename aanmerklik geskommel, naamlik tussen -0,2 en 33,7 persent tussen 1957 en 1970, -0,5 en 28,9 persent tussen 1971 en 1980, en -12,5 en 48,2 persent tussen 1981 en 1988 (van der Merwe E.J. en Bester M.C., Junie 1983: 59). Betrekklike stabiele groeikoerse is tot die middel van die sestigerjare aangeteken, maar daarna het groot skommelings voorgekom. Hierdie skommelings was te wyte aan verskeie faktore, insluitende die groeikoers in die binnelandse ekonomie, die toestand in die binnelandse kapitaalmarkt, die regering se leningsbehoefte, veranderings in monetêre beleid, marges tussen die rentekoerse in Suid-Afrika en dié in ander lande, veranderings in valutabeheerregulasies, ekonomiese beleidsmaatreëls wat deur ander lande ingestel is, die beskikbaarheid van kapitaal in buitelandse markte, en die werklike en verwagte wisselkoersveranderings (van der Merwe E.J. en Bester M.C., Junie 1983: 59).

Van 1956 tot 1964 het Suid-Afrika se buitelandse laste teen 'n redelike stabiele koers toegeneem, wat op 'n betreklik lae jaarlikse gemiddelde van 3,2 persent te staan gekom het. Vanaf 1965 het die koers van toename in buitelandse laste egter betekenisvol versnel en hoë vlakke in 1968, 1970,

**Tabel 7: Persentasie groei in buitelandse belegging in Suid-Afrika op jaareindes en saldo op die lopende rekening van die betalingsbalans**

Aan einde van	Persentasieverandering	Saldo op lopende rekening (R miljoene)
1957	3,9	-54
1958	6,6	-176
1959	3,2	137
1960	2,7	34
1961	-0,2	196
1962	1,9	308
1963	2,4	149
1964	4,9	-102
1965	10,6	-366
1966	12,4	-102
1967	5,5	-266
1968	18,3	-11
1969	10,5	-342
1970	33,7	-919
1971	6,1	-1061
1972	12,0	-143
1973	8,7	-169
1974	23,1	-979
1975	28,9	-1766
1976	20,7	-1654
1977	8,4	209
1978	7,5	949
1979	-0,5	2504
1980	12,3	2554
1981	28,6	-4176
1982	26,7	-3557
1983	17,2	-428
1984	48,2	-2517
1985	25,4	5208
1986	-12,5	6328
1987	-6,3	6708
1988	6,5	3383

**Bron: SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)**



1974 tot 1976 en 1981 tot 1985 bereik (van der Merwe E.J. en Bester M.C., Junie 1983: 59). Aanvanklik het hierdie versnelling verband gehou met 'n vinniger reële groeikoers in die binnelandse ekonomie en die feit dat valutabeheerbepelings op binnelandse lenings deur buitelandsebeheerde maatskappye sedert 1968 'n skerp toename in die herbelegging van buitelanders se aandeel van maatskappyverdienstes tot gevolg gehad het (van der Merwe E.J. en Bester M.C., Junie 1983: 59-60).

Vanaf die begin van die sewentigerjare het die owerheid in sekere jare aansienlike bedrae in die buiteland geleen, en owerheidsondernemings en openbare korporasies het ook van buitelandse lenings gebruik gemaak om infrastrukturele ontwikkeling te finansier. Daarbenewens het die monetêre owerhede in sommige jare groot bedrae aan korttermynfondse in die buiteland geleen ten einde die vlak van die goud- en ander buitelandse reserwes te ondersteun (van der Merwe E.J. en Bester M.C., Junie 1983: 60).

Die toename in die buitelandse laste gedurende die vroeë sewentigerjare het saamgeval met 'n skerp toename in die kapitaalintensiteit van die produksieproses in die ekonomie, op 'n tydstip toe die binnelandse spaargeneigdheid afgeplat het. Die laer koers van binnelandse besparing was hoofsaaklik te wyte aan 'n afname in persoonlike besparing in verhouding tot die bruto binnelandse produk, wat onder andere uit 'n herverdeling van reële inkome ten gunste van die laer inkomstegroepe en 'n skerp toename in die inflasiekoers voortgespruit het. Terselfdertyd het die gemiddelde kapitaal-arbeidsverhouding teen konstante 1975-pryse van R7 783 in 1970 to R9 498 in 1976, of teen 'n gemiddelde jaarlikse koers van 3,4 persent, toegeneem. Die gesamentlike invloed van hierdie faktore was 'n toenemende afhanklikheid van buitelandse kapitaal (van der Merwe E.J. en Bester M.C., Junie 1983: 60).

Die dalende neiging in bruto binnelandse besparing is in 1977 gestuit en as 'n verhouding van die bruto binnelandse produk het dit van 1977 tot 1981 gemiddeld 29,8 persent per jaar beloop, vergeleke met 23,9 persent gedurende die tydperk 1970 tot 1976 (van der Merwe E.J. en Bester M.C., Junie 1983: 60). Hierdie verandering was hoofsaaklik toe te skryf aan 'n aansienlike styging in maatskappybesparing wat met die toename in winsgewendheid vanweë aansienlike stygings in die goudprys en ander uitvoerpryse verband gehou het. Alhoewel die toename in

kapitaalintensiteit gedurende die tydperk 1977 tot 1981 voortgesit is, het die koers van toename in die gemiddelde jaarlikse kapitaal-arbeidsverhouding tot 2,2 persent verlangsaam (van der Merwe E.J. en Bester M.C., Junie 1983: 60). Die skerp styging in bruto binnelandse besparing was voldoende om die toename in investering wat tot aan die begin van 1981 voorgekom het, te bevredig, en het sodoende die groei in buitelandse laste beperk. Daarbenewens is die toename in buitelandse laste beperk deur 'n kapitaaluitvloeiing wat deur die politieke onsekerheid in 1977 aan die gang gesit is (van der Merwe E.J. en Bester M.C., Junie 1983: 60).

Gedurende die periode 1982 tot 1988 het die verhouding van bruto binnelandse besparing tot bruto binnelandse produk egter weer teruggesak tot 'n gemiddeld van 23,1 persent, wat dan ook gepaard gegaan het met 'n skerp toename in die koers waarteen Suid-Afrika se buitelandse laste gegroei het vanaf 1982 tot 1985 (SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)). Alhoewel bruto binnelandse besparing relatief laag gebly het vanaf 1986 tot 1988, was daar 'n skerp daling in buitelandse laste. Hierdie daling was egter as gevolg van die oorheersing deur ander faktore, soos die terugbetaling van skuld sowel as die appresiasie van die rand, soos reeds genoem, en ook 'n afname in die gemiddelde jaarlikse kapitaal-arbeidsverhouding teen 'n koers van -1,4 persent per jaar oor die periode 1986 tot 1988.

Die koers van toename in Suid-Afrika se buitelandse laste is oor die periode onder beskouing ook negatief beïnvloed deur valutabeheermaatreëls wat gegeld het. Dit is dan ook toepaslik om 'n historiese agtergrond te skets van valutabeheer in Suid-Afrika. Suid-Afrika het valutabeheer maatreëls oorspronklik ingestel gedurende 1939, tesame met die Verenigde Koninkryk en ander lede van die Sterling-gebied, as deel van die Noodfinansieringsregulasies wat toegepas is deur hierdie geselekteerde groep lande, meestal lede van die Britse Gemenebes, gedurende en na afloop van die Tweede Wêreldoorlog. Die oorspronklike doelstelling was om 'n vrye beweging van fondse tussen hierdie lande te behou, maar om te keer dat "harde valuta" fondse uit die Sterling-gebied vloei na nie-sterlinggebiedlande (Stals C.L., Junie 1996: 1).

Die Sterling-gebied valutabeheermaatreëls is na die oorlog stelselmatig verwyder. Gedurende 1961 het Suid-Afrika se valutabeheermaatreëls egter 'n eie identiteit gekry toe beperkings geplaas is op die uitvloei van fondse uit Suid-Afrika na die res van die wêreld. Hierdie besluit is geneem

na afloop van die Sharpeville tragedie wat gelei het tot 'n grootskaalse uitvloei van fondse uit Suid-Afrika wat likiditeit en besparings gedreineer het wat benodig was vir die ekonomiese ontwikkeling van die plaaslike ekonomie (Stals C.L., Junie 1996: 1).

Die Suid-Afrikaanse valutabeheermaatreëls is van tyd tot tyd verstewig in reaksie op verdere politieke insidente, wat gelei het tot die uitvloei van kapitaal wat nie gebaseer was op onderliggende ekonomiese fundamentele nie. Die maatreëls se doel was om die plaaslike ekonomie te beskerm teen die negatiewe effek van nie-ekonomies gemotiveerde kapitaaluitvloei - veranderinge wat nie gekeer of omgekeer kon word deur konvensionele makro ekonomiese beleid soos rente- en wisselkoersveranderinge nie (Stals C.L., Junie 1996: 1).

Die Suid-Afrikaanse valutabeheermaatreëls is relatief wyd toegepas na 1985 toe internasionale sanksies, handelsboikotte, disinvesteringsveldtogte en die onttrekking van leningsfondse vanuit Suid-Afrika groot druk op die betalingsbalans en die plaaslike ekonomie geplaas het. In daardie stadium het sekere beperkende maatreëls gegeld ten opsigte van 'n aantal lopende rekening transaksies terwyl die verdiskonteerde finansiële rand stelsel vir nie-inwoners ingestel is en die uitwaartse beweging van fondse van inwoners onderhewig was aan voorafgoedkeuring deur die valutabeheerowerhede. Daar moet melding gemaak word van die feit dat oor hierdie hele periode die verantwoordelikheid vir valutabeheerbeleid gesetel was by die Minister van Finansies, wat op sy beurt die SARB aangestel het as agent om die beleid vir die Regering te implementeer en te administreer (Stals C.L., Junie 1996: 1-2).

### **3.3 Regstreekse en onregstreekse belegging**

Die versnelling in die koers van buitelandse belegging in Suid-Afrika, in besonder vanaf die begin van die sewentigerjare, het aanvanklik gepaard gegaan met 'n dalende verhouding van totale buitelandse belegging bestaande uit regstreekse belegging, dit wil sê die belegging deur buitelanders wat 'n beherende belang in organisasies in Suid-Afrika het (van der Merwe E.J. en Bester M.C., Junie 1983: 60). Oor die hele periode onder beskouing, vanaf 1956 tot 1988, word beheer geag as die eienaarskap van 25 persent of meer van die totale uitgereikte stemdraende aandele of vergelykbare eienaarskap of stemreg (SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)).

Nadat die verhouding van regstreekse belegging tot totale buitelandse belegging bykans ononderbroke van 49,6 persent aan die einde van 1956 tot 61,1 persent aan die einde van 1969 toegeneem het, het dit aan die einde van 1976 aansienlik tot 41,4 persent gedaal (van der Merwe E.J. en Bester M.C., Junie 1983: 60). Vervolgens het dit weer effens tot 47,3 persent aan die einde van 1980 toegeneem. Waar die verhouding van regstreekse belegging gedurende die sestigerjare konsekwent hoër as die van onregstreekse belegging was, het laasgenoemde gedurende die sewentigerjare vinniger gestyg en het dit in 1975 begin om die verhouding van regstreekse belegging te oorskry (van der Merwe E.J. en Bester M.C., Junie 1983: 60).

Sedert 1980 het die verhouding van regstreekse belegging tot totale belegging feitlik deurgaans gedaal en aan die einde van 1988 op 23,0 persent te staan gekom. 'n Rede hiervoor kan moontlik gevind word in die toenemende aantreklikheid van beleggings in genoteerde aandele sowel as effekte wat ingedeel is onder onregstreekse belegging as portefeuljebeleggings. Groot stygings het plaasgevind in die langtermyn komponent van die openbare owerhede en openbare korporasies oor die periode 1980 tot 1988 wat dan hoofsaaklik opgemaak word deur effekte wat deur die regering en semi-staatsinstellings uitgereik word (SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)). Alhoewel 'n invloed van kapitaal uit die buiteland vir die aankoop van regeringseffekte as positief beskou word, moet daar in ag geneem word dat die verhoogde besit van hierdie effekte ook gepaard gaan met 'n toekomstige styging in die uitvloeï van kapitaal in die vorm van rentebetaling deur die lopende rekening van die betalingsbalans wat lei tot 'n daling in Suid-Afrika se buitelandse reserwes. Dit beteken in der waarheid dat Suid-Afrikansers se belasting gebruik word vir die betaling van rente op buitelandse staatskulde.

Alhoewel onregstreekse belegging van 1969 tot 1976 teen 'n vinniger koers as regstreekse belegging gestyg het, het die gemiddelde jaarlikse groeikoers van regstreekse belegging van 8,0 persent in die tydperk 1956 tot 1969 tot 12,2 persent in die tydperk 1969 tot 1981 gestyg (van der Merwe E.J. en Bester M.C., Junie 1983: 60-61). Ten spyte van toenemende politieke en sosiale druk op buitelandse ondernemings om hulle beleggings aan Suid-Afrika te onttrek, het die land voortgegaan om kapitaal van 'n meer permanente aard te trek. Alhoewel die versnelling in die koers van toename in regstreekse belegging deur nie-inwoners boonop in 'n groot mate die gevolg was van 'n toename in leningskapitaal, het die gemiddelde jaarlikse groeikoers van

**Tabel 8: Verhouding van regstreekse en onregstreekse buitelandse laste tot totale buitelandse laste soos op jaareindes (persentasie)**

Aan die einde van	Regstreekse belegging	Onregstreekse belegging	Totale belegging
1956	49,6	50,4	100,0
1957	50,2	49,8	100,0
1958	51,6	48,4	100,0
1959	52,2	47,8	100,0
1960	52,2	47,8	100,0
1961	52,5	47,5	100,0
1962	54,6	45,4	100,0
1963	56,0	44,0	100,0
1964	57,0	43,0	100,0
1965	57,0	43,0	100,0
1966	57,6	42,4	100,0
1967	58,1	41,9	100,0
1968	59,0	41,0	100,0
1969	61,1	38,9	100,0
1970	51,8	48,2	100,0
1971	54,5	45,5	100,0
1972	54,8	45,2	100,0
1973	53,8	46,2	100,0
1974	52,4	47,6	100,0
1975	45,2	54,8	100,0
1976	41,4	58,6	100,0
1977	40,9	59,1	100,0
1978	42,5	57,5	100,0
1979	44,9	55,1	100,0
1980	47,3	52,7	100,0
1981	43,4	56,6	100,0
1982	38,6	61,4	100,0
1983	35,4	64,6	100,0
1984	30,7	69,3	100,0
1985	25,0	75,0	100,0
1986	27,1	72,9	100,0
1987	25,6	74,4	100,0
1988	23,0	77,0	100,0

**Bron: SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)**

regstreekse belegging in die vorm van nominale aandeelkapitaal nietemin versnel van 4,1 persent in die tydperk 1956 tot 1969 tot 7,3 persent in die tydperk 1969 tot 1976, en tot 9,2 persent in die tydperk 1976 tot 1981 (van der Merwe E.J. en Bester M.C., Junie 1983: 60-61).

Tabel 8 toon aan dat die skerp daling in Suid-Afrika se totale buitelandse laste vanaf die einde van 1985 tot die einde van 1986 in die onregstreekse beleggingsektor voorgekom het, terwyl regstreekse buitelandse laste se aandeel - wat uit 'n hoë persentasie eienaarskapitaal bestaan en in rand gedenomineer is - gedurende die jaar slegs effens met 5,2 persent gedaal het. Gevolglik het die verhouding van regstreekse belegging tot totale buitelandse laste van 25,0 persent aan die einde van 1985 tot 27,1 persent aan die einde van 1986 toegeneem. Ten spyte van disinvestering deur 'n aantal buitelandse organisasies gedurende 1986, het regstreekse buitelandse belegging in die vorm van aandeelpremie, reserwes en onverdeelde wins steeds toegeneem (SARB, 1988:58).

1976	14,0	4,2	21,5	60,3	100,0
1977	13,7	4,6	18,8	62,9	100,0
1978	10,1	3,7	32,6	53,6	100,0
1979	7,6	2,8	44,3	45,3	100,0
1980	7,5	2,0	45,4	45,1	100,0
1981	7,3	2,9	33,8	56,0	100,0
1982	7,1	2,6	30,0	60,3	100,0
1983	7,8	2,3	29,3	60,6	100,0
1984	6,1	1,8	21,1	71,0	100,0
1985	5,7	1,9	18,7	73,7	100,0
1986	6,6	2,1	16,7	74,6	100,0
1987	6,4	1,9	20,1	71,6	100,0
1988	6,9	1,8	16,1	75,2	100,0

**Bron: SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)**

koers van toename van Suid-Afrika se buitelandse reserwes stadiger was as die koers van toename van ander buitelandse bates.

Tabel 33 toon dat, in teenstelling met die buitelandse laste van Suid-Afrika, die openbare korporasies 'n baie klein aandeel in Suid-Afrika se buitelandse bates besit. Dit is in der waarheid eers sedert 1970 dat die openbare korporasies enige noemenswaardige styging in buitelandse bates getoon het. Die korttermyn bates van die openbare korporasies het bestaan uit uitvoerkrediet verskaf aan buitelandse instellings, terwyl die langtermynbates hoofsaaklik verteenwoordig word deur langtermynlenings aan Afrika lande.

Die privaatsektor het oor die periode onder beskouing die sterkste gegroei, vanaf 'n aandeel van 52,5 persent in 1956 tot 75,2 persent in 1988 (Tabel 33). Hierdie toename kan toegeskryf word aan die styging in herbelegde verdienste van Suid-Afrikaanse maatskappye se beleggings in die buiteland, en nie soseer die fisiese uitvloei van kapitaal uit Suid-Afrika nie. Daar was veral 'n skerp styging tussen die einde van 1983 en 1984 in die aandeelpremie, reserwes en onverdeelde wins in die buiteland wat die aandeel van die privaatsektor skerp laat styg het. Hierdie styging het gepaard gegaan met 'n toename in aandeelpryse van ongeveer 28 persent in die Verenigde Koninkryk (SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)).

#### **4.5 Buitelandse belegging volgens instrument en termyn**

Dit is nodig om met die berekening van die verhouding tussen kort- en langtermynbates van 'n land die goudreserwes buite rekening te laat om sodoende 'n meer akkurate verhouding te verkry van die verdeling tussen kort- en langtermynbates. Dit is in Suid-Afrika se geval nog van groter belang omrede die goudreserwes 'n relatiewe groot deel van Suid-Afrika se buitelandse bates verteenwoordig.

Die toename in die relatiewe belangrikheid van buitelandse langtermynbates gedurende die tydperk 1956 tot 1981 het hoofsaaklik uit 'n skerp styging in herbelegde verdienste voortgespruit. Die verhouding van die aandeelpremie, reserwes en onverdeelde winste tot totale buitelandse bates (uitgesonderd goudreserwes) het gedurende hierdie vyf-en-twintig jaar van 9,7 persent tot

**Tabel 34: Verspreiding van buitelandse bates volgens termyn soos op jaareindes (goudreserwes uitgesluit) (persentasie)**

Aan die einde van	Korttermyn	Langtermyn	Totaal
1956	40,2	59,8	100,0
1957	32,8	67,2	100,0
1958	33,4	66,6	100,0
1959	36,1	63,9	100,0
1960	28,1	71,9	100,0
1961	31,6	68,4	100,0
1962	34,6	65,4	100,0
1963	32,0	68,0	100,0
1964	28,9	71,1	100,0
1965	31,9	68,1	100,0
1966	28,6	71,4	100,0
1967	28,3	71,7	100,0
1968	33,0	67,0	100,0
1969	33,7	66,3	100,0
1970	37,3	62,7	100,0
1971	33,8	66,2	100,0
1972	39,5	60,5	100,0
1973	39,3	60,7	100,0
1974	37,8	62,2	100,0
1975	41,3	58,7	100,0
1976	39,0	61,0	100,0
1977	34,8	65,2	100,0
1978	32,5	67,5	100,0
1979	34,0	66,0	100,0
1980	35,6	64,4	100,0
1981	31,9	68,1	100,0
1982	28,0	72,0	100,0
1983	26,6	73,4	100,0
1984	18,6	81,4	100,0
1985	19,8	80,2	100,0
1986	20,5	79,5	100,0
1987	21,3	78,7	100,0
1988	20,9	79,1	100,0

**Bron: SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)**

37,2 persent toegeneem (van der Merwe E.J. en Bester M.C., Junie 1983: 66). Hierdie neiging het voortgeduur en die verhouding het selfs skerper gestyg in die daaropvolgende jare tot 1988 toe die verhouding van herbelegde verdienste tot totale langtermynbates (uitgesonderd goudreserwes) op 63,3 persent te staan gekom het (Tabel 34). Aandelepremie, reserwes en onverdeelde winste kan deur twee faktore beïnvloed word. In die eerste plek deur die uitvloei van kapitaal vanaf Suid-Afrika wat gebruik word vir die aankoop van aandele in buitelandse maatskappye en in die tweede plek deur die jaarlikse wins wat nie in die vorm van dividende aan die aandeelhouders uitbetaal word nie (herbelegde winste). Laasgenoemde verteenwoordig dan ook 'n waardasieaansuiwering wat nie in die betalingsbalans weerspieël word nie.

Tabel 34 toon aan dat daar heelwat skommelings plaasgevind het in die verdeling van Suid-Afrika se buitelandse bates volgens kort- en langtermyn. Hierdie verskuiwings kan, net soos met die verdeling van buitelandse laste, toegeskryf word aan die volatiliteit van korttermyn buitelandse bates. Die korttermyn buitelandse bates word beïnvloed deur veranderlikes wat oor 'n kort tydperk 'n invloed op hierdie tipe bates kan uitoefen, soos byvoorbeeld rente- en wisselkoersveranderings.

#### **4.6 Geografiese verdeling van buitelandse bates**

Suid-Afrika se buitelandse beleggings was tradisioneel hoofsaaklik tot ander lande in Afrika en Europese lande beperk. Gedurende die tydperk 1956 tot 1981 het die verhoudings van beleggings in Afrika en die Europese lande tot die totale buitelandse bates egter skerp gedaal, terwyl die verhouding van belegging in Noord- en Suid-Amerika aansienlik toegeneem het. Buitelandse bates in die Amerika's het in die besonder gedurende 1980 aansienlik toegeneem, maar hierdie toename het hoofsaaklik vanweë die verskuiwing van bates tussen multinasionale maatskappye plaasgevind. Alhoewel Suid-Afrika se buitelandse bates in Europa van die einde van 1956 tot die einde van 1981 betreklik klein gebly het, het die verhouding van totale buitelandse bates matig toegeneem. In teenstelling hiermee, het slegs 'n onbeduidende gedeelte van die land se buitelandse bates, beleggings in Asië en Oseanië verteenwoordig (van der Merwe E.J. en Bester M.C., Junie 1983: 67).



**Tabel 35 - Buitelandse bates van Suid-Afrika volgens geografiese gebied - 1956**

R miljoene

	Totaal	Europa	Noord- en Suid- Amerika	Afrika	Asië	Oseanië	Internas- ionale or- ganisasies	Nie toegedeel- nie
<b>Regstreekse belegging</b>								
Monetêre sektor.....	1	1	-	-	-	-	-	-
Langtermyn.....	1	1	-	-	-	-	-	-
Korttermyn.....	-	-	-	-	-	-	-	-
Nie-monetêre-privaat sektor.....	247	33	9	201	3	1	-	-
Langtermyn.....	205	30	8	164	3	-	-	-
Gewone en ander aandele, nominale waarde.....	59	7	6	46	-	-	-	-
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins.....	55	13	1	41	-	-	-	-
Saldo's van takke en vennootskappe.....	45	2	-	43	-	-	-	-
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite.....	6	-	-	6	-	-	-	-
Verbande en langtermynlenings.....	16	1	1	14	-	-	-	-
Ander.....	24	7	-	14	3	-	-	-
Korttermyn.....	42	3	1	37	-	1	-	-
<b>Totale regstreekse belegging.....</b>	<b>248</b>	<b>34</b>	<b>9</b>	<b>201</b>	<b>3</b>	<b>1</b>	-	-
<b>Onregstreekse belegging</b>								
Openbare owerhede.....	103	16	-	1	-	-	86	-
Langtermyn.....	96	10	-	-	-	-	86	-
Korttermyn.....	7	6	-	1	-	-	-	-
Openbare korporasies.....	-	-	-	-	-	-	-	-
Langtermyn.....	-	-	-	-	-	-	-	-
Korttermyn.....	-	-	-	-	-	-	-	-
Monetêre sektor.....	294	75	52	7	-	-	-	160
Langtermyn.....	1	-	1	-	-	-	-	-
Korttermyn.....	133	75	51	7	-	-	-	-
Goudreserwes.....	160	-	-	-	-	-	-	160
Spesiale trekkingsregte.....	-	-	-	-	-	-	-	-
Nie-monetêre-privaat sektor.....	194	119	24	48	1	1	-	1
Langtermyn.....	103	61	15	27	-	-	-	-
Gewone en ander aandele, nominale waarde.....	43	23	12	8	-	-	-	-
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins.....	11	5	2	4	-	-	-	-
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite.....	29	21	1	7	-	-	-	-
Verbande en langtermynlenings.....	12	4	-	8	-	-	-	-
Ander.....	8	8	-	-	-	-	-	-
Korttermyn.....	91	58	9	21	1	1	-	1
<b>Totale onregstreekse belegging.....</b>	<b>591</b>	<b>210</b>	<b>76</b>	<b>56</b>	<b>1</b>	<b>1</b>	<b>86</b>	<b>161</b>
<b>Totale belegging</b>								
Openbare owerhede.....	103	16	-	1	-	-	86	-
Langtermyn.....	96	10	-	-	-	-	86	-
Korttermyn.....	7	6	-	1	-	-	-	-
Openbare korporasies.....	-	-	-	-	-	-	-	-
Langtermyn.....	-	-	-	-	-	-	-	-
Korttermyn.....	-	-	-	-	-	-	-	-
Monetêre sektor.....	295	76	52	7	-	-	-	160
Langtermyn.....	2	1	1	-	-	-	-	-
Korttermyn.....	133	75	51	7	-	-	-	-
Goudreserwes.....	160	-	-	-	-	-	-	160
Spesiale trekkingsregte.....	-	-	-	-	-	-	-	-
Nie-monetêre-privaat sektor.....	441	152	33	249	4	2	-	1
Langtermyn.....	308	91	23	191	3	-	-	-
Gewone en ander aandele, nominale waarde.....	102	30	18	54	-	-	-	-
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins.....	66	18	3	45	-	-	-	-
Saldo's van takke en vennootskappe.....	45	2	-	43	-	-	-	-
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite.....	35	21	1	13	-	-	-	-
Verbande en langtermynlenings.....	28	5	1	22	-	-	-	-
Ander.....	32	15	-	14	3	-	-	-
Korttermyn.....	133	61	10	58	1	2	-	1
<b>Totale buitelandse bates.....</b>	<b>839</b>	<b>244</b>	<b>85</b>	<b>257</b>	<b>7</b>	<b>2</b>	<b>86</b>	<b>161</b>

Bron: SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)



**Tabel 36 - Buitelandse bates van Suid-Afrika volgens geografiese gebied - 1960**

R miljoene

	Totaal	Europa	Noord- en Suid-Amerika	Afrika	Asië	Oseanië	Internasionale organisasies	Nie toegedeel nie
<b>Regstreekse belegging</b>								
Monetêre sektor.....	2	2	-	-	-	-	-	-
Langtermyn.....	2	2	-	-	-	-	-	-
Korttermyn.....	-	-	-	-	-	-	-	-
Nie-monetêre-privaat sektor.....	369	62	13	291	1	2	-	-
Langtermyn.....	312	45	11	254	1	1	-	-
Gewone en ander aandele, nominale waarde.....	114	11	3	100	-	-	-	-
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins.....	90	21	6	63	-	-	-	-
Saldo's van takke en vennootskappe.....	60	3	1	55	-	1	-	-
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite.....	11	-	-	11	-	-	-	-
Verbande en langtermynlenings.....	22	6	1	15	-	-	-	-
Ander.....	15	4	-	10	1	-	-	-
Korttermyn.....	57	17	2	37	-	1	-	-
<b>Totale regstreekse belegging.....</b>	<b>371</b>	<b>64</b>	<b>13</b>	<b>291</b>	<b>1</b>	<b>2</b>	-	-
<b>Onregstreekse belegging</b>								
Openbare owerhede.....	140	14	2	-	-	-	124	-
Langtermyn.....	124	-	-	-	-	-	124	-
Korttermyn.....	16	14	2	-	-	-	-	-
Openbare korporasies.....	1	-	-	1	-	-	-	-
Langtermyn.....	-	-	-	-	-	-	-	-
Korttermyn.....	1	-	-	1	-	-	-	-
Monetêre sektor.....	188	22	34	5	-	-	-	127
Langtermyn.....	2	1	-	1	-	-	-	-
Korttermyn.....	59	21	34	4	-	-	-	-
Goudreserwes.....	127	-	-	-	-	-	-	127
Spesiale trekkingsregte.....	-	-	-	-	-	-	-	-
Nie-monetêre-privaat sektor.....	224	132	20	69	2	1	-	1
Langtermyn.....	133	78	14	40	1	-	-	-
Gewone en ander aandele, nominale waarde.....	51	34	9	8	-	-	-	-
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins.....	18	5	2	11	-	-	-	-
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite.....	26	21	1	4	-	-	-	-
Verbande en langtermynlenings.....	27	9	1	17	-	-	-	-
Ander.....	11	9	1	-	1	-	-	-
Korttermyn.....	91	53	6	29	1	1	-	1
<b>Totale onregstreekse belegging.....</b>	<b>553</b>	<b>167</b>	<b>56</b>	<b>75</b>	<b>2</b>	<b>1</b>	<b>124</b>	<b>128</b>
<b>Totale belegging</b>								
Openbare owerhede.....	140	14	2	-	-	-	124	-
Langtermyn.....	124	-	-	-	-	-	124	-
Korttermyn.....	16	14	2	-	-	-	-	-
Openbare korporasies.....	1	-	-	1	-	-	-	-
Langtermyn.....	-	-	-	-	-	-	-	-
Korttermyn.....	1	-	-	1	-	-	-	-
Monetêre sektor.....	190	24	34	5	-	-	-	127
Langtermyn.....	4	3	-	1	-	-	-	-
Korttermyn.....	59	21	34	4	-	-	-	-
Goudreserwes.....	127	-	-	-	-	-	-	127
Spesiale trekkingsregte.....	-	-	-	-	-	-	-	-
Nie-monetêre-privaat sektor.....	593	193	33	360	3	3	-	1
Langtermyn.....	445	123	25	294	2	1	-	-
Gewone en ander aandele, nominale waarde.....	165	45	12	108	-	-	-	-
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins.....	108	26	8	74	-	-	-	-
Saldo's van takke en vennootskappe.....	60	3	1	55	-	1	-	-
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite.....	37	21	1	15	-	-	-	-
Verbande en langtermynlenings.....	49	15	2	32	-	-	-	-
Ander.....	26	13	1	10	2	-	-	-
Korttermyn.....	148	70	8	66	1	2	-	1
<b>Totale buitelandse bates.....</b>	<b>924</b>	<b>231</b>	<b>69</b>	<b>366</b>	<b>3</b>	<b>3</b>	<b>124</b>	<b>128</b>

Bron: SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)

**Tabel 37 - Buitelandse bates van Suid-Afrika volgens geografiese gebied - 1964**

R miljoene

	Totaal	Europa	Noord- en Suid-Amerika	Afrika	Asië	Oseanië	Internasionale organisasies	Nie toegedeel nie
<b>Regstreekse belegging</b>								
Monetêre sektor.....	1	1	-	-	-	-	-	-
Langtermyn.....	1	1	-	-	-	-	-	-
Korttermyn.....	-	-	-	-	-	-	-	-
Nie-monetêre-privaat sektor.....	521	173	18	328	1	1	-	-
Langtermyn.....	445	144	16	284	1	-	-	-
Gewone en ander aandele, nominale waarde.....	138	16	12	110	-	-	-	-
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins.....	213	108	1	104	-	-	-	-
Saldo's van takke en vennootskappe.....	40	6	1	33	-	-	-	-
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite.....	10	-	-	10	-	-	-	-
Verbande en langtermynlenings.....	26	9	1	16	-	-	-	-
Ander.....	18	5	1	11	1	-	-	-
Korttermyn.....	76	29	2	44	-	1	-	-
<b>Totale regstreekse belegging.....</b>	<b>522</b>	<b>174</b>	<b>18</b>	<b>328</b>	<b>1</b>	<b>1</b>	-	-
<b>Onregstreekse belegging</b>								
Openbare owerhede.....	180	44	6	-	-	-	130	-
Langtermyn.....	130	-	-	-	-	-	130	-
Korttermyn.....	50	44	6	-	-	-	-	-
Openbare korporasies.....	-	-	-	-	-	-	-	-
Langtermyn.....	-	-	-	-	-	-	-	-
Korttermyn.....	-	-	-	-	-	-	-	-
Monetêre sektor.....	496	39	41	6	-	-	-	410
Langtermyn.....	8	6	-	2	-	-	-	-
Korttermyn.....	78	33	41	4	-	-	-	-
Goudreserwes.....	410	-	-	-	-	-	-	410
Spesiale trekkingsregte.....	-	-	-	-	-	-	-	-
Nie-monetêre-privaat sektor.....	273	143	23	99	4	3	-	1
Langtermyn.....	170	81	11	75	2	1	-	-
Gewone en ander aandele, nominale waarde.....	53	30	7	16	-	-	-	-
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins.....	33	11	3	19	-	-	-	-
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite.....	28	22	-	5	-	1	-	-
Verbande en langtermynlenings.....	42	6	1	35	-	-	-	-
Ander.....	14	12	-	-	2	-	-	-
Korttermyn.....	103	62	12	24	2	2	-	1
<b>Totale onregstreekse belegging.....</b>	<b>949</b>	<b>226</b>	<b>70</b>	<b>105</b>	<b>4</b>	<b>3</b>	<b>130</b>	<b>411</b>
<b>Totale belegging</b>								
Openbare owerhede.....	180	44	6	-	-	-	130	-
Langtermyn.....	130	-	-	-	-	-	130	-
Korttermyn.....	50	44	6	-	-	-	-	-
Openbare korporasies.....	-	-	-	-	-	-	-	-
Langtermyn.....	-	-	-	-	-	-	-	-
Korttermyn.....	-	-	-	-	-	-	-	-
Monetêre sektor.....	497	40	41	6	-	-	-	410
Langtermyn.....	9	7	-	2	-	-	-	-
Korttermyn.....	78	33	41	4	-	-	-	-
Goudreserwes.....	410	-	-	-	-	-	-	410
Spesiale trekkingsregte.....	-	-	-	-	-	-	-	-
Nie-monetêre-privaat sektor.....	794	316	41	427	5	4	-	1
Langtermyn.....	615	225	27	359	3	1	-	-
Gewone en ander aandele, nominale waarde.....	191	46	19	126	-	-	-	-
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins.....	246	119	4	123	-	-	-	-
Saldo's van takke en vennootskappe.....	40	6	1	33	-	-	-	-
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite.....	38	22	-	15	-	1	-	-
Verbande en langtermynlenings.....	68	15	2	51	-	-	-	-
Ander.....	32	17	1	11	3	-	-	-
Korttermyn.....	179	91	14	68	2	3	-	1
<b>Totale buitelandse bates.....</b>	<b>1471</b>	<b>400</b>	<b>88</b>	<b>433</b>	<b>5</b>	<b>4</b>	<b>130</b>	<b>411</b>

Bron: SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)





Tabel 38 - Buitelandse bates van Suid-Afrika volgens geografiese gebied - 1968

R miljoene	Totaal	Europa	Noord- en Suid-Amerika	Afrika	Asië	Oseanië	Internasionale organisasies	Nie toegedeel nie
<b>Regstreekse belegging</b>								
Monetêre sektor.....	1	1	-	-	-	-	-	-
Langtermyn.....	1	1	-	-	-	-	-	-
Korttermyn.....	-	-	-	-	-	-	-	-
Nie-monetêre-privaat sektor.....	720	301	30	385	1	3	-	-
Langtermyn.....	648	276	26	344	1	1	-	-
Gewone en ander aandele, nominale waarde.....	186	44	19	122	1	-	-	-
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins.....	349	193	2	154	-	-	-	-
Saldo's van takke en vennootskappe.....	46	10	-	35	-	1	-	-
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite.....	8	-	-	8	-	-	-	-
Verbande en langtermynlenings.....	46	25	4	17	-	-	-	-
Ander.....	13	4	1	8	-	-	-	-
Korttermyn.....	72	25	4	41	-	2	-	-
<b>Totale regstreekse belegging.....</b>	<b>721</b>	<b>302</b>	<b>30</b>	<b>385</b>	<b>1</b>	<b>3</b>		
<b>Onregstreekse belegging</b>								
Openbare owerhede.....	253	55	24	5	-	-	169	-
Langtermyn.....	174	-	-	5	-	-	169	-
Korttermyn.....	79	55	24	-	-	-	-	-
Openbare korporasies.....	8	6	1	1	-	-	-	-
Langtermyn.....	-	-	-	-	-	-	-	-
Korttermyn.....	8	6	1	1	-	-	-	-
Monetêre sektor.....	1087	139	44	15	-	-	-	889
Langtermyn.....	18	5	-	13	-	-	-	-
Korttermyn.....	181	134	44	2	-	-	-	1
Goudreserwes.....	888	-	-	-	-	-	-	888
Spesiale trekkingsregte.....	-	-	-	-	-	-	-	-
Nie-monetêre-privaat sektor.....	372	188	48	121	6	5	-	4
Langtermyn.....	199	106	18	71	2	1	-	1
Gewone en ander aandele, nominale waarde.....	59	32	11	15	-	1	-	-
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins.....	45	17	5	23	-	-	-	-
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite.....	21	17	1	3	-	-	-	-
Verbande en langtermynlenings.....	57	25	1	30	-	-	-	1
Ander.....	17	15	-	-	2	-	-	-
Korttermyn.....	173	82	30	50	4	4	-	3
<b>Totale onregstreekse belegging.....</b>	<b>1720</b>	<b>388</b>	<b>117</b>	<b>142</b>	<b>6</b>	<b>5</b>	<b>169</b>	<b>893</b>
<b>Totale belegging</b>								
Openbare owerhede.....	253	55	24	5	-	-	169	-
Langtermyn.....	174	-	-	5	-	-	169	-
Korttermyn.....	79	55	24	-	-	-	-	-
Openbare korporasies.....	8	6	1	1	-	-	-	-
Langtermyn.....	-	-	-	-	-	-	-	-
Korttermyn.....	8	6	1	1	-	-	-	-
Monetêre sektor.....	1088	140	44	15	-	-	-	889
Langtermyn.....	19	6	-	13	-	-	-	-
Korttermyn.....	181	134	44	2	-	-	-	1
Goudreserwes.....	888	-	-	-	-	-	-	888
Spesiale trekkingsregte.....	-	-	-	-	-	-	-	-
Nie-monetêre-privaat sektor.....	1092	489	78	506	7	8	-	4
Langtermyn.....	847	382	44	415	3	2	-	1
Gewone en ander aandele, nominale waarde.....	245	76	30	137	1	1	-	-
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins.....	394	210	7	177	-	-	-	-
Saldo's van takke en vennootskappe.....	46	10	-	35	-	1	-	-
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite.....	29	17	1	11	-	-	-	-
Verbande en langtermynlenings.....	103	50	5	47	-	-	-	1
Ander.....	30	19	1	8	2	-	-	-
Korttermyn.....	245	107	34	91	4	6	-	3
<b>Totale buitelandse bates.....</b>	<b>2441</b>	<b>690</b>	<b>147</b>	<b>527</b>	<b>7</b>	<b>8</b>	<b>169</b>	<b>893</b>

Bron: SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)



**Tabel 39 - Buitelandse bates van Suid-Afrika volgens geografiese gebied - 1972**

R miljoene

	Totaal	Europa	Noord- en Suid- Amerika	Afrika	Asië	Oseanië	Internas- ionale or- ganisasies	Nie toegedeel nie
<b>Regstreekse belegging</b>								
Monetêre sektor.....	2	2	-	-	-	-	-	-
Langtermyn.....	2	2	-	-	-	-	-	-
Korttermyn.....	-	-	-	-	-	-	-	-
Nie-monetêre-privaat sektor.....	1040	423	97	512	2	6	-	-
Langtermyn.....	942	379	93	467	1	2	-	-
Gewone en ander aandele, nominale waarde.....	236	59	42	134	-	1	-	-
Aandelepremie, reserves en onverdeelde wins.....	561	265	45	250	1	-	-	-
Saldo's van takke en vennootskappe.....	59	4	1	53	-	1	-	-
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite.....	6	1	-	5	-	-	-	-
Verbande en langtermynlenings.....	71	47	5	19	-	-	-	-
Ander.....	9	3	-	6	-	-	-	-
Korttermyn.....	98	44	4	45	1	4	-	-
<b>Totale regstreekse belegging.....</b>	<b>1042</b>	<b>425</b>	<b>97</b>	<b>512</b>	<b>2</b>	<b>6</b>	-	-
<b>Onregstreekse belegging</b>								
Openbare owerhede.....	399	41	4	14	38	-	302	-
Langtermyn.....	316	-	-	14	-	-	302	-
Korttermyn.....	83	41	4	-	38	-	-	-
Openbare korporasies.....	48	26	2	20	-	-	-	-
Langtermyn.....	35	17	-	18	-	-	-	-
Korttermyn.....	13	9	2	2	-	-	-	-
Monetêre sektor.....	1096	345	150	34	1	1	-	565
Langtermyn.....	78	55	1	22	-	-	-	-
Korttermyn.....	453	290	149	12	1	1	-	-
Goudreserwes.....	533	-	-	-	-	-	-	533
Spesiale trekkingsregte.....	32	-	-	-	-	-	-	32
Nie-monetêre-privaat sektor.....	584	369	78	127	6	1	-	3
Langtermyn.....	221	114	20	81	4	1	-	1
Gewone en ander aandele, nominale waarde.....	51	23	4	23	1	-	-	-
Aandelepremie, reserves en onverdeelde wins.....	64	19	13	32	-	-	-	-
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite.....	22	18	1	3	-	-	-	-
Verbande en langtermynlenings.....	57	30	2	23	-	1	-	1
Ander.....	27	24	-	-	3	-	-	-
Korttermyn.....	363	255	58	46	2	-	-	2
<b>Totale onregstreekse belegging.....</b>	<b>2127</b>	<b>781</b>	<b>234</b>	<b>195</b>	<b>45</b>	<b>2</b>	<b>302</b>	<b>568</b>
<b>Totale belegging</b>								
Openbare owerhede.....	399	41	4	14	38	-	302	-
Langtermyn.....	316	-	-	14	-	-	302	-
Korttermyn.....	83	41	4	-	38	-	-	-
Openbare korporasies.....	48	26	2	20	-	-	-	-
Langtermyn.....	35	17	-	18	-	-	-	-
Korttermyn.....	13	9	2	2	-	-	-	-
Monetêre sektor.....	1098	347	150	34	1	1	-	-
Langtermyn.....	80	57	1	22	-	-	-	565
Korttermyn.....	453	290	149	12	1	1	-	-
Goudreserwes.....	533	-	-	-	-	-	-	533
Spesiale trekkingsregte.....	32	-	-	-	-	-	-	32
Nie-monetêre-privaat sektor.....	1624	792	175	639	8	7	-	3
Langtermyn.....	1163	493	113	548	5	3	-	1
Gewone en ander aandele, nominale waarde.....	287	82	46	157	1	1	-	-
Aandelepremie, reserves en onverdeelde wins.....	625	284	58	282	1	-	-	-
Saldo's van takke en vennootskappe.....	59	4	1	53	-	1	-	-
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite.....	28	19	1	8	-	-	-	-
Verbande en langtermynlenings.....	128	77	7	42	-	1	-	1
Ander.....	36	27	-	6	3	-	-	-
Korttermyn.....	461	299	62	91	3	4	-	2
<b>Totale buitelandse bates.....</b>	<b>3169</b>	<b>1206</b>	<b>331</b>	<b>707</b>	<b>47</b>	<b>8</b>	<b>302</b>	<b>568</b>

Bron: SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)



**Tabel 40 - Buitelandse bates van Suid-Afrika volgens geografiese gebied - 1976**

R miljoene

	Totaal	Europa	Noord- en Suid-Amerika	Afrika	Asië	Oseanië	Internasionale organisasies	Nie toegedeel nie
<b>Regstreekse belegging</b>								
Monetêre sektor.....	55	16	37	1	1	-	-	-
Langtermyn.....	2	2	-	-	-	-	-	-
Korttermyn.....	53	14	37	1	1	-	-	-
Nie-monetêre-privaat sektor.....	2192	828	210	1150	7	-5	-	2
Langtermyn.....	1796	694	176	926	5	-6	-	1
Gewone en ander aandele, nominale waarde.....	351	134	43	172	1	1	-	1
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins.....	1264	554	121	595	1	-8	-	-1
Saldo's van takke en vennootskappe.....	-15	-81	1	66	-	-	-	-
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite.....	-	-	-	-	-	-	-	-
Verbande en langtermynlenings.....	143	68	9	63	2	1	-	-
Ander.....	53	19	2	30	1	-	-	1
Korttermyn.....	396	134	34	224	2	1	-	1
<b>Totale regstreekse belegging.....</b>	<b>2247</b>	<b>844</b>	<b>247</b>	<b>1151</b>	<b>8</b>	<b>-5</b>	<b>-</b>	<b>2</b>
<b>Onregstreekse belegging</b>								
Openbare owerhede.....	735	146	47	26	147	-	369	-
Langtermyn.....	404	-	9	26	-	-	369	-
Korttermyn.....	331	146	38	-	147	-	-	-
Openbare korporasies.....	221	87	42	77	15	-	-	-
Langtermyn.....	176	63	36	73	4	-	-	-
Korttermyn.....	45	24	6	4	11	-	-	-
Monetêre sektor.....	1076	131	333	149	43	1	-	419
Langtermyn.....	239	57	-	144	38	-	-	-
Korttermyn.....	418	74	333	5	5	1	-	-
Goudreserwes.....	378	-	-	-	-	-	-	378
Spesiale trekkingsregte.....	41	-	-	-	-	-	-	41
Nie-monetêre-privaat sektor.....	983	563	183	176	26	11	-	24
Langtermyn.....	364	223	57	73	3	1	-	7
Gewone en ander aandele, nominale waarde.....	103	43	35	25	-	-	-	-
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins.....	50	30	20	-	-	-	-	-
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite.....	50	26	-	24	-	-	-	-
Verbande en langtermynlenings.....	145	113	1	22	1	1	-	7
Ander.....	16	11	1	2	2	-	-	-
Korttermyn.....	619	340	126	103	23	10	-	17
<b>Totale onregstreekse belegging.....</b>	<b>3015</b>	<b>927</b>	<b>605</b>	<b>428</b>	<b>231</b>	<b>12</b>	<b>369</b>	<b>443</b>
<b>Totale belegging</b>								
Openbare owerhede.....	735	146	47	26	147	-	369	-
Langtermyn.....	404	-	9	26	-	-	369	-
Korttermyn.....	331	146	38	-	147	-	-	-
Openbare korporasies.....	221	87	42	77	15	-	-	-
Langtermyn.....	176	63	36	73	4	-	-	-
Korttermyn.....	45	24	6	4	11	-	-	-
Monetêre sektor.....	1131	147	370	150	44	1	-	419
Langtermyn.....	241	59	-	144	38	-	-	-
Korttermyn.....	471	88	370	6	6	1	-	-
Goudreserwes.....	378	-	-	-	-	-	-	378
Spesiale trekkingsregte.....	41	-	-	-	-	-	-	41
Nie-monetêre-privaat sektor.....	3175	1391	393	1326	33	6	-	26
Langtermyn.....	2160	917	233	999	8	-5	-	8
Gewone en ander aandele, nominale waarde.....	454	177	78	197	1	1	-	-
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins.....	1314	584	141	595	1	-8	-	-
Saldo's van takke en vennootskappe.....	-15	-81	1	66	-	-	-	-1
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite.....	50	26	-	24	-	-	-	-
Verbande en langtermynlenings.....	288	181	10	85	3	2	-	7
Ander.....	69	30	3	32	3	-	-	1
Korttermyn.....	1015	474	160	327	25	11	-	18
<b>Totale buitelandse bates.....</b>	<b>5262</b>	<b>1771</b>	<b>852</b>	<b>1579</b>	<b>239</b>	<b>7</b>	<b>369</b>	<b>445</b>

Bron: SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)



**Tabel 41 - Buitelandse bates van Suid-Afrika volgens geografiese gebied - 1980**

R miljoene	Totaal	Europa	Noord- en Suid-Amerika	Afrika	Asië	Oseanië	Internasionale organisasies	Nie toegedeel nie
<b>Regstreekse belegging</b>								
Monetêre sektor.....	135	17	108	10	-	-	-	-
Langtermyn.....	2	2	-	-	-	-	-	-
Korttermyn.....	133	15	108	10	-	-	-	-
Nie-monetêre-privaat sektor.....	4130	1822	1321	929	31	10	-	17
Langtermyn.....	3637	1559	1194	861	12	5	-	6
Gewone en ander aandele, nominale waarde.....	449	131	90	219	6	3	-	-
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins.....	2546	909	1074	557	5	1	-	-
Saldo's van takke en vennootskappe.....	48	12	1	35	-	-	-	-
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite.....	5	2	-	3	-	-	-	-
Verbande en langtermynlenings.....	541	468	26	39	1	1	-	6
Ander.....	48	37	3	8	-	-	-	-
Korttermyn.....	493	263	127	68	19	5	-	11
<b>Totale regstreekse belegging.....</b>	<b>4265</b>	<b>1839</b>	<b>1429</b>	<b>939</b>	<b>31</b>	<b>10</b>		<b>17</b>
<b>Onregstreekse belegging</b>								
Openbare owerhede.....	998	102	62	35	87	-	712	-
Langtermyn.....	757	-	10	35	-	-	712	-
Korttermyn.....	241	102	52	-	87	-	-	-
Openbare korporasies.....	268	39	61	120	48	-	-	-
Langtermyn.....	488	16	50	113	9	-	-	-
Korttermyn.....	80	23	11	7	39	-	-	-
Monetêre sektor.....	5931	239	398	274	93	2	35	4890
Langtermyn.....	388	53	1	235	79	-	-	-
Korttermyn.....	654	186	397	19	14	2	35	1
Goudreserwes.....	4854	-	-	-	-	-	-	4854
Spesiale trekkingsregte.....	35	-	-	-	-	-	-	35
Nie-monetêre-privaat sektor.....	1885	892	398	426	128	18	-	23
Langtermyn.....	495	188	54	234	4	4	-	11
Gewone en ander aandele, nominale waarde.....	170	61	18	87	1	3	-	-
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins.....	33	10	19	6	-1	-1	-	-
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite.....	92	48	3	38	1	1	-	1
Verbande en langtermynlenings.....	98	29	7	53	-	-	-	9
Ander.....	102	40	7	50	3	1	-	1
Korttermyn.....	1390	704	344	192	124	14	-	12
<b>Totale onregstreekse belegging.....</b>	<b>9082</b>	<b>1272</b>	<b>919</b>	<b>855</b>	<b>356</b>	<b>20</b>	<b>747</b>	<b>4913</b>
<b>Totale belegging</b>								
Openbare owerhede.....	998	102	62	35	87	-	712	-
Langtermyn.....	757	-	10	35	-	-	712	-
Korttermyn.....	241	102	52	-	87	-	-	-
Openbare korporasies.....	268	39	61	120	48	-	-	-
Langtermyn.....	188	16	50	113	9	-	-	-
Korttermyn.....	80	23	11	7	39	-	-	-
Monetêre sektor.....	6066	256	506	284	93	2	35	4890
Langtermyn.....	390	55	1	255	79	-	-	-
Korttermyn.....	787	201	505	29	14	2	35	1
Goudreserwes.....	4854	-	-	-	-	-	-	4854
Spesiale trekkingsregte.....	35	-	-	-	-	-	-	35
Nie-monetêre-privaat sektor.....	6015	2714	1719	1355	159	28	-	40
Langtermyn.....	4132	1747	1248	1095	16	9	-	17
Gewone en ander aandele, nominale waarde.....	619	192	108	306	7	6	-	-
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins.....	2579	919	1093	563	4	-	-	-
Saldo's van takke en vennootskappe.....	48	12	1	35	-	-	-	-
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite.....	97	50	3	41	1	1	-	1
Verbande en langtermynlenings.....	639	497	33	92	1	1	-	15
Ander.....	150	77	10	58	3	1	-	1
Korttermyn.....	1883	967	471	260	143	19	-	23
<b>Totale buitelandse bates.....</b>	<b>13347</b>	<b>3111</b>	<b>2348</b>	<b>1794</b>	<b>387</b>	<b>30</b>	<b>747</b>	<b>4930</b>

Bron: SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)



Tabel 42 - Buitelandse bates van Suid-Afrika volgens geografiese gebied - 1984

R miljoene

	Totaal	Europa	Noord- en Suid-Amerika	Afrika	Asië	Oseanië	Internasionale organisasies	Nie-toegedeel nie
<b>Regstreekse belegging</b>								
Monetêre sektor.....	243	183	32	11	17	-	-	-
Langtermyn.....	141	141	-	-	-	-	-	-
Korttermyn.....	102	42	32	11	17	-	-	-
Nie-monetêre-privaat sektor.....	16772	3710	4809	8170	42	30	-	11
Langtermyn.....	16139	3412	4591	8077	34	21	-	4
Gewone en ander aandele, nominale waarde.....	618	261	15	322	9	11	-	-
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins.....	14678	3003	4170	7474	24	7	-	-
Saldos van takke en vennootskappe.....	64	23	3	38	-	-	-	-
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite.....	5	2	-	3	-	-	-	-
Verbande en langtermynlenings.....	748	104	402	234	1	3	-	4
Ander.....	26	19	1	6	-	-	-	-
Korttermyn.....	633	298	218	93	8	9	-	7
<b>Totale regstreekse belegging.....</b>	<b>17015</b>	<b>3893</b>	<b>4841</b>	<b>8181</b>	<b>59</b>	<b>30</b>	-	<b>11</b>
<b>Onregstreekse belegging</b>								
Openbare owerhede.....	1699	49	249	45	39	-	1317	-
Langtermyn.....	1366	-	7	42	-	-	1317	-
Korttermyn.....	333	49	242	3	39	-	-	-
Openbare korporasies.....	494	81	139	164	110	-	-	-
Langtermyn.....	296	28	99	149	20	-	-	-
Korttermyn.....	198	53	40	15	90	-	-	-
Monetêre sektor.....	5671	526	483	307	297	3	5	4050
Langtermyn.....	561	38	-	280	243	-	-	-
Korttermyn.....	1058	488	483	27	54	3	-	3
Goudreserwes.....	4047	-	0	-	-	-	-	4047
Spesiale trekkingsregte.....	5	-	0	-	-	-	5	-
Nie-monetêre-privaat sektor.....	3157	1249	1138	546	173	19	-	32
Langtermyn.....	1020	240	460	290	15	5	-	10
Gewone en ander aandele, nominale waarde.....	185	29	31	120	3	2	-	-
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins.....	515	9	405	95	5	1	-	-
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite.....	209	155	3	48	1	1	-	1
Verbande en langtermynlenings.....	56	27	17	-	4	-	-	8
Ander.....	55	20	4	27	2	1	-	1
Korttermyn.....	2137	1009	678	256	158	14	-	22
<b>Totale onregstreekse belegging.....</b>	<b>11021</b>	<b>1905</b>	<b>2009</b>	<b>1062</b>	<b>619</b>	<b>22</b>	<b>1322</b>	<b>4082</b>
<b>Totale belegging</b>								
Openbare owerhede.....	1699	49	249	45	39	-	1317	-
Langtermyn.....	1366	-	7	42	-	-	1317	-
Korttermyn.....	333	49	242	3	39	-	-	-
Openbare korporasies.....	494	81	139	164	110	-	-	-
Langtermyn.....	296	28	99	149	20	-	-	-
Korttermyn.....	198	53	40	15	90	-	-	-
Monetêre sektor.....	5914	709	515	318	314	3	5	4050
Langtermyn.....	702	179	-	280	243	-	-	-
Korttermyn.....	1160	530	515	38	71	3	-	3
Goudreserwes.....	4047	-	-	-	-	-	-	4047
Spesiale trekkingsregte.....	5	-	-	-	-	-	5	-
Nie-monetêre-privaat sektor.....	19929	4959	5947	8716	215	49	-	43
Langtermyn.....	17159	3652	5051	8367	49	26	-	14
Gewone en ander aandele, nominale waarde.....	803	290	46	442	12	13	-	-
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins.....	15193	3012	4575	7569	29	8	-	-
Saldos van takke en vennootskappe.....	64	23	3	38	-	-	-	-
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite.....	214	157	3	51	1	1	-	1
Verbande en langtermynlenings.....	804	131	419	234	5	3	-	12
Ander.....	81	39	5	33	2	1	-	1
Korttermyn.....	2770	1307	896	349	166	23	-	29
<b>Totale buitelandse bates.....</b>	<b>28036</b>	<b>5798</b>	<b>6850</b>	<b>9243</b>	<b>678</b>	<b>52</b>	<b>1322</b>	<b>4093</b>

Bron: SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)



**Tabel 43 - Buitelandse bates van Suid-Afrika volgens geografiese gebied - 1988**

R miljoene

	Totaal	Europa	Noord-en Suid-Amerika	Afrika	Asië	Oseanië	Internasionale organisasies	Nie toegedeel nie
<b>Regstreekse belegging</b>								
Monetêre sektor.....	250	148	73	-	29	-	-	-
Langtermyn.....	245	148	68	-	29	-	-	-
Korttermyn.....	5	-	5	-	-	-	-	-
Nie-monetêre-privaat sektor.....	28421	26110	299	1991	22	-1	-	-
Langtermyn.....	27719	25897	247	1572	6	-3	-	-
Gewone en ander aandele, nominale waarde.....	1398	1142	14	239	2	1	-	-
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins.....	25748	24277	187	1288	4	-8	-	-
Saldo's van takke en vennootskappe.....	50	42	-	8	-	-	-	-
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite.....	4	4	-	-	-	-	-	-
Verbande en langtermynlenings.....	487	432	46	5	-	4	-	-
Ander.....	32	-	-	32	-	-	-	-
Korttermyn.....	702	213	52	419	16	2	-	-
<b>Totale regstreekse belegging.....</b>	<b>28671</b>	<b>26258</b>	<b>372</b>	<b>1991</b>	<b>51</b>	<b>-1</b>		
<b>Onregstreekse belegging</b>								
Openbare owerhede.....	3060	18	17	102	2	-	2916	5
Langtermyn.....	2974	-	6	52	-	-	2916	-
Korttermyn.....	86	18	11	50	2	-	-	5
Openbare korporasies.....	785	309	94	169	213	-	-	-
Langtermyn.....	290	22	71	137	60	-	-	-
Korttermyn.....	495	287	23	32	153	-	-	-
Monetêre sektor.....	6945	1023	2051	383	351	5	6	3126
Langtermyn.....	674	40	1	308	325	-	-	-
Korttermyn.....	3189	983	2050	75	26	5	3	47
Goudreserwes.....	3079	-	-	-	-	-	-	3079
Spesiale trekkingsregte.....	3	-	-	-	-	-	3	-
Nie-monetêre-privaat sektor.....	5140	2638	1290	755	353	25	-	79
Langtermyn.....	826	221	495	195	-	6	-	9
Gewone en ander aandele, nominale waarde.....	56	3	43	10	-	-	-	-
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins.....	541	58	423	60	-	-	-	-
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite.....	115	13	-	102	-	-	-	-
Verbande en langtermynlenings.....	211	144	29	23	-	6	-	9
Ander.....	3	3	-	-	-	-	-	-
Korttermyn.....	4214	2417	795	560	353	19	-	70
<b>Totale onregstreekse belegging.....</b>	<b>15930</b>	<b>3988</b>	<b>3452</b>	<b>1409</b>	<b>919</b>	<b>30</b>	<b>2922</b>	<b>3210</b>
<b>Totale belegging</b>								
Openbare owerhede.....	3060	18	17	102	2	-	2916	5
Langtermyn.....	2974	-	6	52	-	-	2916	-
Korttermyn.....	86	18	11	50	2	-	-	5
Openbare korporasies.....	785	309	94	169	213	-	-	-
Langtermyn.....	290	22	71	137	60	-	-	-
Korttermyn.....	495	287	23	32	153	-	-	-
Monetêre sektor.....	7195	1171	2124	383	380	5	6	3126
Langtermyn.....	919	188	69	308	354	-	-	-
Korttermyn.....	3194	983	2055	75	26	5	3	47
Goudreserwes.....	3079	-	-	-	-	-	-	3079
Spesiale trekkingsregte.....	3	-	-	-	-	-	3	-
Nie-monetêre-privaat sektor.....	33561	28748	1589	2746	375	24	-	79
Langtermyn.....	28645	26118	742	1767	6	3	-	9
Gewone en ander aandele, nominale waarde.....	1454	1145	57	249	2	1	-	-
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins.....	26289	24335	610	1348	4	-8	-	-
Saldo's van takke en vennootskappe.....	50	42	-	8	-	-	-	-
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite.....	119	17	-	102	-	-	-	-
Verbande en langtermynlenings.....	698	576	75	28	-	10	-	9
Ander.....	35	3	-	32	-	-	-	-
Korttermyn.....	4916	2630	847	979	369	21	-	70
<b>Totale buitelandse bates.....</b>	<b>44601</b>	<b>30246</b>	<b>3824</b>	<b>3400</b>	<b>970</b>	<b>29</b>	<b>2922</b>	<b>3210</b>

Bron: SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)



Tabel 35 tot tabel 43 en meer spesifiek tabel 44, toon aan dat alhoewel Afrika se aandeel in totale buitelandse bates na 1981 weer skerp toegeneem het, het dit in 1988 'n algehele laagtepunt van 7,6 persent bereik. Die Amerika's se aandeel het ook na 'n aanvanklike styging tot 24,4 persent in 1984 teruggesak tot slegs 8,6 persent in 1988. Beide die afnames in buitelandse beleggings in Afrika en die Amerika's was ten koste van Europa wat 'n dramatiese toename vanaf 1984 getoon het en in 1988 'n aandeel van 67,8 persent van Suid-Afrika se buitelandse beleggings besit het. Hierdie toename was dan ook toeskryfbaar aan 'n sterk toename in regstreekse belegging in Europese maatskappye.

Suid-Afrika se buitelandse belegging in die res van Afrika het grotendeels uit aandeelkapitaal en herbelegde verdienste bestaan. Buitelandse bates in Afrika in die vorm van aandeelhouersbelang het oor die tydperk van 1956 tot 1981 relatief minder belangrik geword, as gevolg van die relatiewe toename in beleggings in Europa en die Amerika's. Aandele en herbelegde verdienste het ook 'n belangrike deel van Suid-Afrika se bates in Europa uitgemaak. Ander beleggings in hierdie lande het hoofsaaklik uit korttermynbates bestaan. Die struktuur van Suid-Afrika se bates in die Amerika's kom taamlik nou ooreen met die bates in Europa. Buitelandse korttermynbates van die sentrale regering en die banksektor in die Amerika's was egter relatief belangriker as gevolg van die belangrikheid van die dollarbesit in Suid-Afrika se buitelandse reserwes. Suid-Afrika se beleggings in Asië het hoofsaaklik bestaan uit leningskapitaal en krediet wat met

**Tabel 44: Verspreiding van buitelandse bates van Suid-Afrika volgens geografiese gebied soos op uitgesoekte jaareindes (persentasie)**

Geografiese gebied	Aan die einde van								
	1956	1960	1964	1968	1972	1976	1980	1984	1988
Europa	29,1	25,0	27,2	28,3	38,1	33,7	23,3	20,7	67,8
Amerika's	10,1	7,5	6,0	6,0	10,4	16,2	17,6	24,4	8,6
Afrika	30,6	39,6	29,4	21,6	22,3	30,0	13,4	33,0	7,6
Asië	0,5	0,3	0,3	0,3	1,5	4,5	2,9	2,4	2,2
Oseanië	0,2	0,3	0,3	0,3	0,3	0,1	0,3	0,2	0,1
Internasionale Organisasies	10,3	13,4	8,8	6,9	9,5	7,0	5,6	4,7	6,5
Nie toegedeel	19,2	13,9	28,0	36,6	17,9	8,5	36,9	14,6	7,2
Totaal	100,0	100,0	100,0	100,0	100,0	100,0	100,0	100,0	100,0

**Bron: SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)**



uitvoertransaksies verband hou (van der Merwe E.J. en Bester M.C., Junie 1983: 67). In tabel 44 word Suid-Afrika se goudreserwes onder die opskrif "Nie toegedeel" gevoeg. Dit veroorsaak dat die verhoudings van die ander geografiese gebiede meer volatiel is, maar toon ook aan hoe 'n integrale rol goud speel in die Suid-Afrikaanse ekonomie. Dit is egter ook duidelik uit die tabel waarneembaar dat Suid-Afrika se buitelandse bates, goud uitgesluit, sterk groei getoon het omrede goud se aandeel in Suid-Afrika se buitelandse bates 'n laagtepunt van 7,2 persent aan die einde van 1988 bereik het. Verder word die aandeel van Internasionale Organisasies oorheers deur die sentrale regering se beskikbare fasiliteit by die Internasionale Monetêre Fonds.

#### **4.7 Netto internasionale verpligtinge van Suid-Afrika**

Netto internasionale bates word eenvoudig gedefinieer as die verskil tussen 'n land se buitelandse bates en laste. Soos vroeër reeds genoem was Suid-Afrika se netto internasionale bates oor die periode onder beskouing deurentyd negatief, wat beteken dat Suid-Afrika se buitelandse laste groter as sy buitelandse bates was.

Die kapitaalinvloeiing wat deur die ontdekking van diamante en goud teweeggebring is en die daaropvolgende buitelandse belegging in ander sektore van die ekonomie, het 'n volgehoue toename in Suid-Afrika se netto internasionale verpligtinge tot gevolg gehad (van der Merwe E.J. en Bester M.C., Junie 1983: 56). Oor die 32 jaar periode onder beskouing het afnames in Suid-Afrika se netto internasionale verpligtinge slegs in agt jare plaasgevind, naamlik 1959, 1961, 1962, 1963, 1978, 1979, 1986 en 1987 (Sien tabel 45).

Die afname in die vroeë sestigerjare het verband gehou met die lae groeikoers van die binnelandse ekonomie en die politieke onrus in sekere swart dorpsgebiede in 1961. 'n Klein afname in buitelandse laste is ook in 1979 aangeteken, toe groot oorskotte op die lopende rekening van die betalingsbalans die terugbetaling van buitelandse lenings moontlik gemaak het. Nieteenstaande die volgehoue toename in die absolute waarde van Suid-Afrika se netto internasionale verpligtinge, het skerp skommelings van die een jaar na die ander voorgekom. Hierdie skommelings het vanaf die einde van die sestigerjare meer opmerklik geword. Jaarlikse veranderings in netto internasionale verpligtinge is in 'n groot mate deur die heersende ekonomiese

**Tabel 45: Suid-Afrika se netto internasionale verpligtinge en groei in bruto binnelandse produk**

Aan die einde van	R miljoene	Jaarlikse persentasie groei	Persentasie groei in BBP
1956	1907	-	5,6
1957	2039	6,9	4,5
1958	2198	7,8	2,8
1959	2136	-2,8	4,6
1960	2299	7,6	3,0
1961	2113	-8,1	3,8
1962	1908	-9,7	6,2
1963	1847	-3,2	7,4
1964	2051	11,0	7,9
1965	2426	18,3	6,1
1966	2584	6,5	4,4
1967	2808	8,7	7,2
1968	3022	7,6	4,2
1969	3554	17,6	4,7
1970	5642	58,8	5,2
1971	6009	6,5	4,3
1972	6420	6,8	1,7
1973	7001	9,0	4,6
1974	8864	26,6	6,1
1975	11593	30,8	1,7
1976	14709	26,9	2,2
1977	16013	8,9	-0,1
1978	15217	-5,0	3,0
1979	12439	-18,3	3,8
1980	12661	1,8	6,6
1981	19646	55,2	5,4
1982	26041	32,6	-0,4
1983	31039	19,2	-1,8
1984	45539	46,7	5,1
1985	56543	24,2	-1,2
1986	42437	-24,9	0,0
1987	33259	-21,6	2,1
1988	35899	7,9	4,2

**Bron: SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)**

groeiakoerse en deur die stand van die totale betalingsbalans beïnvloed (van der Merwe E.J. en Bester M.C., Junie 1983: 56).

Gedurende tydperke van betreklik hoë groei in die binnelandse ekonomie, het die netto internasionale verpligtinge teen 'n vinniger koers toegeneem vanweë skerp toenames in die kapitaalinvloeiing vir die finansiering van infrastrukturele ontwikkeling en ander vorms van vaste investering. Veranderings in die betalingsbalansposisie het wesenlik tot skommelings in die netto internasionale verpligtinge bygedra, veral gedurende die sewentigerjare. Soms moes die owerhede aansienlike bedrae aan korttermynfondse in die buiteland leen ten einde die vlak van die buitelandse valutareserwes te ondersteun, terwyl 'n verbetering in die betalingsbalansposisie by ander geleenthede 'n terugbetaling van sulke lenings moontlik gemaak het. Daarbenewens is valutabeheer oor kapitaaluitvloeiings meer toegeeflik toegepas gedurende tydperke wanneer die vlak van die goud- en ander buitelandse reserwes dit toegelaat het, en omgekeerd (van der Merwe E.J. en Bester M.C., Junie 1983: 56-57).

Die skerp afnames van onderskeidelik 24,9 en 21,6 persent in 1986 en 1987 kan toegeskryf word aan die grootskaalse terugbetaling van buitelandse skuld na afloop van die skuldooreenkoms met buitelandse krediteure. Suid-Afrika se totale buitelandse skuld, betitel in buitelandse geldeenhede, het gedaal vanaf R65,8 miljard aan die einde van 1985 tot R49,5 miljard aan die einde van 1986 en R43,6 miljard aan die einde van 1987 (SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)). 'n Ander bydraende faktor wat tot hierdie afname gelei het was die appresiasie van die rand.

#### **4.8 Samevatting**

Hierdie hoofstuk toon aan dat die groeiakoerse in Suid-Afrika se buitelandse bates, oor hierdie periode, slegs vyf jare negatief was, naamlik in 1957, 1960, 1964, 1965 en 1970. Verder is ook aangetoon dat daar 'n korrelasie bestaan tussen 'n land se buitelandse bates en die depresiasie of appresiasie van die land se wisselkoers. Suid-Afrika se buitelandse bates het 'n gemiddelde groeiakoerse oor die periode van 1956 tot 1988 van 13,2 persent per jaar gehandhaaf.

Die verdeling van Suid-Afrika se buitelandse bates tussen regstreekse en onregstreekse belegging

het oor die tydperk ook groot verskuiwings getoon. Regstreekse belegging het van ongeveer 30 persent van totale belegging in 1956 tot ongeveer 64 persent gestyg in 1988. Die verdeling tussen hierdie twee beleggingsvorme is oor die periode onder beskouing beïnvloed deur ekonomiese beleid waarvan valutabeheer die grootste invloed gehad het. Hierdie syfers is ook beïnvloed deur herbelegde inkomste van Suid-Afrikaanse maatskappye in die buiteland.

Alhoewel die privaatsektor ook die grootste gedeelte van Suid-Afrika se buitelandse bates besit, verskil die buitelandse bates van Suid-Afrika se verdeling volgens ekonomiese sektor merkbaar van die buitelandse laste. Die openbare korporasies besit 'n baie klein gedeelte van Suid-Afrika se buitelandse bates teenoor buitelandse laste. Daar was ook stewige groei in die aandeel van buitelandse bates van die privaat sektor vanaf ongeveer 53 persent in 1956 tot ongeveer 75 persent in 1988. Hierdie styging kan weereens toegeskryf word aan die styging in herbelegde verdienste van regstreeks beheerde maatskappye.

Terwyl die verdeling van Suid-Afrika se buitelandse bates volgens termyn heelwat volatilititeit getoon het, was daar tog 'n verskuiwing vanaf korttermyn buitelandse bates na langtermyn buitelandse bates van 1956 tot 1988. In 1956 het langtermyn buitelandse bates ongeveer 60 persent van totale buitelandse bates verteenwoordig en in 1988 ongeveer 79 persent. Dieselfde faktore wat tot skommelings in korttermyn buitelandse laste gelei het, soos bespreek in hoofstuk 4, was ook verantwoordelik vir die bewegings in korttermyn buitelandse bates oor die ooreenstemmende periode.

Die geografiese verdeling van Suid-Afrika se buitelandse bates het van 1956 tot 1988 aanmerklik verander. Hoewel daar heelwat skommelings plaasgevind het in buitelandse bates in Europa en Afrika, het buitelandse bates in Europa meer as verdubbel om ongeveer 68 persent van Suid-Afrika se buitelandse bates teen die einde van 1988 te verteenwoordig. Daarteenoor het Suid-Afrika se buitelandse bates in Afrika 'n skerp afname getoon vanaf ongeveer 31 persent in 1956 tot ongeveer 8 persent in 1988. Die aandeel van Suid-Afrika se buitelandse bates wat nie toegedeel is nie het ook baie gewissel, maar oor die hele periode ook 'n stewige afname getoon. Hierdie bewegings en uiteindelijke afname kan toegeskryf word aan die wisselende vlak van Suid-Afrika se goudreserwes soos op jaareindes sowel as die hoër groeikoers wat behaal is op Suid-

Afrika se ander buitelandse bates relatief tot die groeikoers van die goudreserwes.

Laastens behoort dit duidelik vir die leser te wees dat die groeikoers van Suid-Afrika se buitelandse laste oor die periode 1956 tot 1988 meerendeels die groeikoers van die buitelandse laste oorskry het en dus gelei het tot 'n styging in Suid-Afrika se netto internasionale verpligtinge. 'n Land se netto internasionale verpligtinge word beïnvloed deur dié land se ekonomiese groeikoers sowel as die stand van die totale betalingsbalansposisie. Op sy beurt word die ekonomiese groeikoers ook geraak deur politieke stabiliteit in 'n land.

In hoofstuk 5 sal 'n historiese ontleding van Suid-Afrika se buitelandse laste vanaf 1989 tot 1996 weergegee word. Die ontleding word gedoen volgens groei in buitelandse belegging, regstreekse en onregstreekse buitelandse belegging en buitelandse belegging volgens ekonomiese sektor, instrument en termyn sowel as geografiese indeling. Daar word ook gekyk na die verdeling van Suid-Afrika se buitelandse laste volgens die Vyfde Uitgawe van die Standaardnywerheidsklassifikasie



**DEEL III**

**SUID-AFRIKA SE BUITELANDSE LASTE EN BATES VIR DIE  
PERIODE 1989 - 1996**

## HOOFSTUK 5

### SUID-AFRIKA SE BUITELANDSE LASTE VIR DIE PERIODE 1989 - 1996

#### 5.1 Inleiding

Die doel van hierdie hoofstuk is om 'n historiese ontleding van Suid-Afrika se buitelandse laste vanaf 1989 tot 1996 weer te gee. Die ontleding word gedoen volgens groei in buitelandse belegging, regstreekse en onregstreekse buitelandse belegging en buitelandse belegging volgens ekonomiese sektor, instrument en termyn sowel as geografiese indeling. Daar word ook gekyk na die verdeling van Suid-Afrika se buitelandse laste volgens die Vyfde Uitgawe van die Standaardnywerheidsklassifikasie.

Die periode 1989 tot 1996 sal sekerlik aangeteken word as die tydperk waarin Suid-Afrika blootgestel is aan grootskaalse veranderings. Hierdie veranderings was nie slegs op politieke gebied nie, maar ook op ekonomiese gebied. Daar kan ook geredeneer word dat die veranderings wat plaasgevind het op politieke gebied direk aanleiding gegee het tot die ekonomiese veranderings. Suid-Afrika het oor hierdie periode beweeg vanaf 'n relatief geïsoleerde ekonomie tot 'n volwaardige deelnemende land wat deel vorm van die dinamiese wêreld ekonomie. Ons sal in hierdie hoofstuk sien hoe hierdie oorgang 'n invloed gehad het op Suid-Afrika se buitelandse laste.

Politiese veranderings wat voorgekom het oor hierdie periode was onder andere die toespraak deur F.W. de Klerk in Februarie 1990 en die gevolglike vrylating van Nelson Mandela en ander politieke gevangenes sowel as die ontbanning van voorheen verbode politieke organisasies. Verder was daar die suksesvolle oorgang na 'n nuwe politieke bedeling met die verkiesing gedurende April 1994. Ekonomiese beleidsveranderings het ingesluit die beëindiging van die tweeledige wisselkoersstelsel op 13 Maart 1995 en die geleidelike verslapping van valutabeheermaatreëls op Suid-Afrikaanse inwoners.



Alhoewel die deelname aan die internasionale ekonomie heelwat voordele inhou, soos die aanval van binnelandse besparing met buitelandse kapitaal, sal dit ook duidelik blyk uit hierdie hoofstuk dat 'n land ook blootgestel word aan die volatiliteit van internasionale kapitaalvloeie en die gepaardgaande nadele daarvan. In so 'n scenario word dit duidelik dat ekonomiese groei die bepalende faktor is vir die invloed van direkte (regstreekse) beleggingskapitaal vanuit die buiteland. Enige opgewondenheid wat verband hou met die invloed van portefeulje (onregstreekse) beleggingskapitaal sal van korte duur wees indien Suid-Afrika nie volgehoue ekonomiese groei kan handhaaf nie.

## 5.2 Groei in buitelandse belegging

Tabel 46 toon aan dat Suid-Afrika se buitelandse laste vanaf die einde van 1989 tot aan die einde van 1996 ononderbroke groei getoon het teen koerse van jaar tot jaar wat gewissel het van 3,7 persent tot 23,0 persent. Die saldo op die lopende rekening van die betalingsbalans het oor hierdie periode gewissel van 'n surplus van R6,2 miljard tot 'n tekort van R9,9 miljard. Die inverse korrelasie tussen die saldo op die lopende rekening en die groei in buitelandse laste is nie so duidelik waarneembaar oor hierdie periode nie. Vanaf 1989 tot 1991 was die groeikoerse in Suid-Afrika se buitelandse laste egter die laagste vir die periode onder beskouing en dit het gepaard gegaan met surplusse op die lopende rekening van die betalingsbalans. Die koers van toename in 1992 van 23,0 persent het egter gepaard gegaan met 'n surplus op die lopende rekening van die

**Tabel 46: Persentasie groei in buitelandse belegging in Suid-Afrika op jaareindes en saldo op die lopende rekening van die betalingsbalans**

Aan die einde van	Persentasie verandering	Saldo op lopende rekening (R miljoene)
1989	7,4	3467
1990	3,7	5324
1991	10,0	6187
1992	23,0	4975
1993	14,4	6049
1994	22,4	-1207
1995	18,4	-9925
1996	20,0	-7292

**Bron: SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)**

betalingsbalans van ongeveer R5 miljard. Invloei van kapitaal het gedurende 1992 plaasgevind by die openbare owerhede, die monetêre sektor en in 'n mindere mate die openbare korporasies, terwyl daar 'n uitvloei van kapitaal plaasgevind het uit die privaat sektor.

'n Verdere faktor wat 'n rol gespeel het in die styging in Suid-Afrika se buitelandse laste was die volgehoue daling in die land se bruto binnelandse besparing. As 'n verhouding tot bruto binnelandse produk het bruto binnelandse besparing afgeneem van 22,6 persent in 1989 tot 16,9 persent in 1996, die laagste vlak sedert 1951 (SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)). In teenstelling met die neiging wat waargeneem is in hoofstuk 3 toe die toename in die buitelandse laste gedurende die vroeë sewentigerjare saamgeval het met 'n skerp toename in die kapitaalintensiteit van die produksieproses in die ekonomie, op 'n tydstip toe die binnelandse spaargeneidheid afgeplat het, het die gemiddelde jaarlikse kapitaal-arbeidsverhouding vanaf 1989 tot 1996 deurgaans gedaal (SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)).

Aan die einde van 1995 het Suid-Afrika se buitelandse laste R200,8 miljard beloop vergeleke met R86,4 miljard aan die einde van 1989 en R26,0 miljard aan die einde van 1980. Die gemiddelde jaarlikse koers van toename in buitelandse laste het van 14,3 persent gedurende die tydperk 1980 tot 1989 tot 15,1 persent van 1989 tot 1995 versnel (SARB, 1998:11). Suid-Afrika se buitelandse laste het egter skerp gestyg gedurende 1996 tot 'n vlak van R241,0 miljard wat 'n koers van toename vanaf 1995 tot 1996 van 20,0 persent teweeg gebring het (SARB, 1998:11).

Die toename in Suid-Afrika se buitelandse laste in 1996 kan toegeskryf word aan 'n skerp styging in die onregstreekse beleggingsektor. Hierdie styging is veral gedryf deur 'n sterk groeikoers in die openbare owerhede en die monetêre sektor. Gedurende die negentigerjare is die groei in Suid-Afrika se buitelandse laste hoofsaaklik gedryf deur 'n vinniger koers van toename in die onregstreekse beleggingsektor as die regstreekse beleggingsektor. Die enigste noemenswaardige regstreekse belegging wat plaasgevind het gedurende hierdie tydperk was in 1996 deur 'n olie-maatskappy uit Maleisië wat in Suid-Afrika belê het (SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)).

Oor die periode 1989 tot 1996 het Suid-Afrika se buitelandse laste gegroei teen 'n gemiddelde jaarlikse koers van 15,8 persent (SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)). Oor die

ooreenstemmende periode was Suid-Afrika se gemiddelde jaarlikse inflasiekoers, soos gemeet deur die verbruikersprysindeks, 11,7 persent (SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)). Dit beteken dat Suid-Afrika se buitelandse laste oor die periode onder beskouing 'n positiewe reële groeikoers aangeteken het. Dit is veral interessant dat die lae jaarlikse groeikoerse gedurende 1989 tot 1991 gepaard gegaan het met 'n hoë inflasiekoers, terwyl die hoër jaarlikse groeikoerse vanaf 1992 tot 1996 gepaard gegaan het met 'n dalende neiging in die inflasiekoers.

### **5.3 Regstreekse en onregstreekse belegging**

Met Suid-Afrika wat sedert die begin van die negentigerjare al meer deel geword het van die wêreld ekonomie, is 'n belangrike teken van verandering, sowel as die sukses van Suid-Afrika se oorgangsfase, die struktuur en neiging van direkte beleggings. Met die Suid-Afrikaanse ekonomie wat opererend geword het, is Suid-Afrikaanse maatskappye ook gedwing om meer mededingend te word en hulself toe te spits op hulle kernbedrywighede. Die verkoop van nie-kernbedrywighede deur Suid-Afrikaanse maatskappye het dan ook die deur oopgemaak vir buitelandse maatskappye om te belê in Suid-Afrika. Hierdie direkte buitelandse beleggings lei tot verbeterde tegnologie, sowel as bestuurstelsels wat tesame met hierdie tipe belegging die land ingevloei het.

Tabel 47 toon dat die verhouding van regstreekse en onregstreekse belegging tot totale belegging vanaf 1989 tot 1996 feitlik onveranderd gebly het, met slegs 'n marginale styging in regstreekse belegging ten koste van onregstreekse belegging oor die hele periode. Hierdie styging is vanaf 1989 tot en met 1994 aangedryf deur herbelegde inkomste en nie deur langtermyn direkte belegging in Suid-Afrikaanse maatskappye nie. Direkte belegging in Suid-Afrikaanse privaatsektor maatskappye se aandele het oor die voorafgenoemde periode nooit meer as R350 miljoen per jaar bedra nie (SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)).

Gedurende 1995 en 1996 het Suid-Afrika egter heelwat meer direkte beleggingskapitaal getrek en ongeveer R1,1 miljard en R2,5 miljard is gedurende die onderskeie jare tot hierdie item gevoeg (SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)). Buiten die privaatsektor het die monetêre sektor ook direkte beleggingskapitaal in 1995 en 1996 getrek. Hierdie beleggings word verteenwoordig deur buitelandse banke wat takke in Suid-Afrika gevestig het. Die regstreekse belegging in Suid-Afrika

**Tabel 47: Verhouding van regstreekse en onregstreekse buitelandse laste tot totale buitelandse laste soos op jaareindes (persentasie)**

Aan die einde van	Regstreekse belegging	Onregstreekse belegging	Totale belegging
1989	23,7	76,3	100,0
1990	26,3	73,7	100,0
1991	28,7	71,3	100,0
1992	26,2	73,8	100,0
1993	26,1	73,9	100,0
1994	26,1	73,9	100,0
1995	27,0	73,0	100,0
1996	24,4	75,6	100,0

**Bron: SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)**

is ook ondersteun deur korttermynlenings vanaf buitelandse banke wat aan hul takkantore in Suid-Afrika toegestaan is.

Aan die anderkant is die styging in onregstreekse belegging in Suid-Afrika sedert die einde van 1991 grootliks aangehelp deur die aankope van aandele en effekte op die aandele- en effektebeurs deur nie-inwoners (SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)). Die aandele word verteenwoordig deur die aandele van genoteerde maatskappye op die Johannesburgse Aandelebeurs, en die effekte hoofsaaklik deur regeringseffekte en in 'n mindere mate effekte van semi-staatsinstellings soos Eskom en Transnet. Terwyl nie-inwoners netto verkopers van Suid-Afrika se aandele en effekte was gedurende 1989, 1990 en 1991 ter waarde van ongeveer R0,5 miljard, R3,0 miljard en R2,1 miljard onderskeidelik, was hulle sedert 1992 ononderbroke netto aankopers van Suid-Afrikaanse aandele en effekte (SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)).

Direkte buitelandse belegging is vir 'n land soos Suid-Afrika van kardinale belang. Daar moet egter onderskei word tussen direkte buitelandse belegging wat die oornam van 'n bestaande maatskappy verteenwoordig en die tipe wat die oprig van 'n nuwe maatskappy verteenwoordig. Die oornam van 'n bestaande maatskappy beteken dat kapitaal wat gehou word deur die beleggers in die Suid-Afrikaanse maatskappy wat oorgeneem word, nou beskikbaar is om elders te belê. Die oprig van 'n nuwe maatskappy word beskou as 'n "beter" tipe direkte buitelandse belegging, omrede dit lei tot 'n uitbreiding in die ekonomie in die vorm van kapasiteit sowel as

werkskepping.

#### 5.4 Buitelandse belegging volgens ekonomiese sektor

Suid-Afrika se buitelandse laste volgens ekonomiese sektor vir die periode 1989 tot 1996 is nie heeltemal vergelykbaar met die periode 1956 tot 1988 nie. Die rede hiervoor is dat lenings wat uit die buiteland verkry is deur die banksektor en dan deurgeleen is aan die ander drie sektore vir die periode 1956 tot 1988, toegedeel is as 'n buitelandse las van die eindgebruiker van die lening, naamlik die openbare owerhede, openbare korporasies en die privaatsektor. Daar is egter besluit om sedert 1989 hierdie buitelandse laste in totaal toe te deel aan die monetêre sektor omrede die Suid-Afrikaanse banke verantwoordelik is vir die terugbetaling van hierdie lenings aan die buitelandse partye, terwyl die binnelandse partye wat die lening van die plaaslike banke ontvang het se verpligting slegs ten opsigte van die Suid-Afrikaanse banke is. Die effek hiervan is dat die buitelandse laste van die openbare owerhede, openbare korporasies en die privaat sektor laer is

**Tabel 48: Verspreiding van buitelandse laste volgens ekonomiese sektor soos op jaareindes (persentasie)**

Aan die einde van	Openbare Owerhede	Openbare Korporasies	Monetêre Sektor	Privaatsektor	Totaal
1989	18,0	20,4	15,7	46,0	100,0
1990	14,1	24,0	16,3	45,6	100,0
1991	11,3	24,0	18,1	46,6	100,0
1992	13,5	21,7	19,6	45,2	100,0
1993	13,3	22,3	19,4	44,9	100,0
1994	15,6	21,2	19,5	43,6	100,0
1995	15,4	21,7	18,2	44,8	100,0
1996	18,8	19,8	19,7	41,8	100,0

**Bron: SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)**

as voorheen terwyl die monetêre sektor se laste 'n styging sal toon wat ooreenstem met die daling in die ander drie sektore.

Uit tabel 48 kan gesien word dat die aandeel van die openbare owerhede en die openbare korporasies aan die einde van 1989 en 1996 nie enige noemenswaardige afname of toename



aangeteken het nie. Die openbare owerhede het egter oor die periode eers gedaal tot 'n laagtepunt van 11,3 persent, voordat die aandeel weer toegeneem het tot 18,8 persent, wat slegs marginaal hoër is as die 18,0 persent aan die einde van 1989. Die omgekeerde het egter gebeur met die openbare korporasies se buitelandse laste wat 'n styging getoon het van 1989 tot 1991 en daarna weer afgeneem tot 19,8 persent.

Die aanvanklike daling in die buitelandse laste van die openbare owerhede het plaasgevind vanweë 'n afname in beide die regering se nie-bemerkbare skuld, wat verteenwoordig word deur buitelandse lenings en internasionale kapitaalmark-uitreikings, en bemerkbare skuld, wat verteenwoordig word deur die besit van staatseffekte deur nie-inwoners. Daar het dus 'n verskuiwing plaasgevind oor hierdie periode vanaf die openbare owerhede na die openbare korporasies. Dit het dan ook gepaard gegaan met die laaste jare van die bewind van die Nasionale Party regering wat vanweë sy beleid nie in staat was om groot bedrae in die buiteland te leen nie.

Die styging in die aandeel van die openbare owerhede sedert 1994 is tot 'n groot mate teweeg gebring deur internasionale kapitaalmarkuitreikings. Gedurende Desember 1994 het die regering 'n internasionale kapitaalmark uitreiking gedoen van VSA\$750 miljoen, wat teen 'n jaareind-wisselkoers gewaardeer is teen ongeveer R2,7 miljard (SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)). Hierdie lening verval gedurende Desember 1999. In 1995 was daar 'n verdere uitreiking van 30 000 miljoen Japanese Jen in Junie, wat teen 'n jaareind-wisselkoers gewaardeer is teen ongeveer R1,1 miljard. Hierdie lening verval gedurende Junie 2000. In 1996 was daar drie internasionale uitreikings van onderskeidelik 100 miljoen Britse Pond (Januarie), 500 miljoen Duitse Mark (Oktober) en VSA\$300 miljoen (Oktober), wat teen jaareind-wisselkoerse in totaal gewaardeer is teen ongeveer R3,7 miljard. Al drie hierdie uitreikings verval tussen Oktober 2003 en Oktober 2006 (SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)). Hierdie buitelandse skuld van die regering plaas dan ook verdere druk op die betalingsbalans vanweë rentebetalinge wat die land uitvloei deur die lopende rekening van die betalingsbalans.

Die korttermynlenings van die openbare owerhede het van 1992 tot 1993 gestyg van R6,8 miljard tot R11,1 miljard (SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)). Hierdie toename is grootliks as gevolg van die trekking op die Internasionale Monetêre Fonds fasiliteit, wat plaasgevind het



gedurende Desember 1993. Hierdie lenings was gedenomineer in STR (Spesiale Trekkingsregte) met 'n randekwivalent van ongeveer R2,8 miljard aan die einde van 1993. Die gebruik van hierdie fasiliteit is genoodsaak deur betalingsbalansprobleme wat veroorsaak is deur die droogte wat die landbousektor 'n ernstige knou toegedien het.

Die aandeel van al vier die sektore se buitelandse laste is sedert die einde van 1995 beïnvloed deur die verslapping van valutabeheer op Suid-Afrikaanse institusionele beleggers, soos langtermyn versekeraars en pensioenfondse, wat toegelaat is om in die buiteland te belê deur middel van die bateruilmeganisme. Dit behels dat die Suid-Afrikaanse party buitelandse bates kan bekom van 'n seker bedrag indien dié party 'n buitelandse party kan kry wat bereid is om 'n ooreenstemmende bedrag in Suid-Afrika te belê. Die buitelandse partye het dan op die aandele- en effektebeurse belê wat sodoende tot 'n styging in Suid-Afrika se buitelandse laste aanleiding gegee het.

Van die vier afgebakende sektore was die monetêre sektor die enigste een wat enige noemenswaardige styging in sy totale aandeel van buitelandse laste getoon het. Dit was veral gedurende 1991, 1992 en 1996 wat daar skerp toenames in die groeikoers van buitelandse laste van die monetêre sektor plaasgevind het. Dit kan toegeskryf word aan die vrye toegang wat banke tot internasionale kapitaal verkry het wat hulle nie beskore was gedurende die sanksiejare nie. Banke is ook in 'n beter posisie as ander instansies om lenings in die buiteland te verkry. Verder het buitelandse banke ook takke in Suid-Afrika geopen om daardeur hul blootstelling aan Suidelike-Afrika te verhoog. Dit is belangrik om kennis te neem dat 'n lening wat 'n tak van 'n buitelandse bank vanaf die buiteland ontvang het, ook deel vorm van Suid-Afrika se buitelandse laste.

Terwyl die privaatsektor deurgaans 'n positiewe groeikoers in buitelandse laste getoon het, was hierdie sektor die enigste een wat 'n noemenswaardige afname in sy totale aandeel van buitelandse laste aangeteken het. Dit is 'n kommerwekkende verskynsel omrede die privaatsektor van enige land dié sektor is wat verantwoordelik is vir die grootste hoeveelheid werknemers en dus ook die leier is in die werkskeppingsproses. Die toename in die buitelandse laste is ook in 'n groot mate gedryf deur herbelegde inkomste wat nie 'n invloed van nuwe kapitaal na Suid-Afrika verteenwoordig het nie en dus nie die land se buitelandse valuta-reserwes verhoog het nie.



(repatriasie van winste sal natuurlik buitelandse valutareserwes verlaag, alle ander faktore onveranderd).

### 5.5 Buitelandse belegging volgens instrument en termyn

Na afloop van die styging in die aandeel van korttermyn buitelandse laste tot totale buitelandse laste gedurende die tagtigerjare, het die aandeel van korttermyn buitelandse laste aanvanklik gedaal van die einde van 1988 tot die einde van 1991. Hierdie neiging is veroorsaak deur 'n afname in die korttermyn buitelandse laste van die privaat sektor gedurende 1990 en 1991, wat toegeskryf kan word aan die terugbetaling van invoerkrediet wat moontlik gemaak is deur die oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans. Dit is egter 'n interessante verskynsel as in ag geneem word dat Suid-Afrika se primakoers vanaf 18 persent aan die einde van 1988 tot 21 persent aan die einde van 1989 en 1990 gestyg het, wat gelei het tot 'n styging in koste van die binnelandse finansiering van invoer (SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)). Daar moet egter in gedagte gehou word dat die koste van termyndekking die belangrikste determinant is by die keuse tussen binnelandse of buitelandse finansiering van invoer, omrede die koste van termyndekking bepaal word deur die rentekoersdifferensiaal tussen lande.

Die toename van die aandeel van korttermyn buitelandse laste vanaf 1992 tot 1993 het gepaard gegaan met 'n daling in die item vir reserwes, wat ingedeel is onder langtermyn buitelandse laste.

**Tabel 49: Verspreiding van buitelandse laste volgens termyn soos op jaareindes (persentasie)**

Aan die einde van	Korttermyn	Langtermyn	Totaal
1989	29,1	70,9	100,0
1990	24,3	75,7	100,0
1991	24,1	75,9	100,0
1992	27,7	72,3	100,0
1993	33,3	66,7	100,0
1994	32,1	67,9	100,0
1995	30,7	69,3	100,0
1996	32,1	67,9	100,0

**Bron: SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)**

Hierdie daling is veroorsaak deur 'n afname in die onregstreekse belegging in Suid-Afrika gedurende 1993, wat gedryf is deur 'n afname in maatskappye se reserwes. Die toename in die aandeel van korttermyn buitelandse laste is ook aangedryf deur 'n konstante toename in die korttermyn buitelandse laste van die monetêre sektor (Tabel 49).

Die openbare owerhede se langtermyn buitelandse laste het gedurende 1994 skerp gestyg en met ongeveer 98 persent toegeneem van die einde van 1993 tot die einde van 1994 (SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)). Soos reeds vroeër in die hoofstuk genoem, was die uitreiking van effekte op die internasionale kapitaalmark deels hiervoor verantwoordelik gewees. 'n Verdere bydraende faktor was die toename in besit van binnelands bemerkbare staatseffekte deur nie-inwoners. Hierdie beleggingsinstrument was gedurende 1994 gewild om drie redes. *Eerstens* was die sentiment jeens Suid-Afrika positief gewees na afloop van die vreedsame verloop van die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika in April 1994. Die tydperk na afloop van die verkiesing word dan ook beskryf as die "wittebroodtydperk" vir die Suid-Afrikaanse ekonomie. *Tweedens* het die hoë reële rentekoerse op Suid-Afrikaanse staatseffekte ook buitelandse beleggers gelok. *Derdens* was die finansiële rand stelsel nog in gebruik wat veroorsaak het dat buitelandse beleggers gemiddeld R4,50 per Amerikaanse dollar gekry het indien hulle in staatseffekte belê het teenoor gemiddeld R3,55 per Amerikaanse dollar vir die kommersiële rand.

Alhoewel buitelandse beleggers nie ten gunste was van die tweeledige wisselkoersstelsel wat tot en met 10 Maart 1995 gegeld het nie, was daar reeds in 1994 heelwat spekulاسie oor wanneer hierdie stelsel afgeskaf sou word. Deur die regte tydsberekening was daar dus groot winste, deur middel van wisselkoersskommelings, beskikbaar vir buitelandse beleggers. Indien 'n buitelandse party gedurende 1994 staatseffekte gekoop het teen R4,50 per Amerikaanse dollar, deur middel van die finansiële rand, en dan in Maart 1995 na afloop van die afskaffing van die finansiële rand sy geld onttrek het teen R3,60 per Amerikaanse dollar, het die party 'n wins van R0,90 per Amerikaanse dollar gemaak.



**Tabel 50 - Buitelandse laste van Suid-Afrika - 1989 - 1996**

R miljoene

Einde van	1989	1990	1991	1992	1993	1994	1995	1996
<b>Regstreekse belegging</b>								
Monetêre sektor.....	93	102	322	336	1160	1261	4121	4650
Langtermyn.....	67	95	193	264	267	327	844	943
Korttermyn.....	26	7	129	72	893	934	3277	3707
Nie-monetêre-privaat sektor.....	20366	23469	27892	31306	34851	42833	49979	54058
Langtermyn.....	17707	21187	25112	28672	31805	38398	44589	48159
Gewone en ander aandele, nominale waarde.....	2212	2434	2520	2348	2434	2603	2649	2873
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins.....	13887	16261	19633	22992	24517	29035	33690	36603
Saldo's van takke en vennootskappe.....	149	104	103	109	117	291	385	378
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite.....	10	24	27	28	29	30	40	42
Verbande en langtermynlenings.....	1257	1494	1862	2120	3514	5112	6116	6410
Ander.....	192	870	967	1075	1194	1327	1709	1853
Korttermyn.....	2659	2282	2780	2634	3046	4435	5390	5899
<b>Totale regstreekse belegging</b>	<b>20459</b>	<b>23571</b>	<b>28214</b>	<b>31642</b>	<b>36011</b>	<b>44094</b>	<b>54100</b>	<b>58708</b>
<b>Onregstreekse belegging</b>								
Openbare owerhede.....	15515	12617	11124	16363	18459	26544	30843	45236
Langtermyn.....	11250	7984	6754	9535	7338	14523	18948	31148
Korttermyn.....	4265	4633	4370	6828	11121	12021	11895	14088
Openbare korporasies.....	17626	21527	23635	26236	30952	26011	43617	47622
Langtermyn.....	17407	21223	23337	25728	30175	34807	42226	46713
Korttermyn.....	219	304	298	508	777	1204	1391	909
Monetêre sektor.....	13433	14529	17532	23399	25785	31834	32348	42833
Langtermyn.....	4753	4617	4503	5210	5473	4991	4486	3991
Korttermyn.....	8680	9912	13029	18189	20312	26843	27862	38842
Nie-monetêre-privaat sektor.....	19389	17340	18009	23489	27399	31170	39896	46599
Langtermyn.....	10099	12736	14890	18185	17424	22148	28052	32580
Gewone en ander aandele, nominale waarde.....	243	257	222	321	667	660	1192	1705
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins.....	6828	8368	9281	12057	10486	13648	17264	20333
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite.....	28	508	664	679	597	1898	2029	2142
Verbande en langtermynlenings.....	2976	3570	4686	5093	5654	5916	7550	8354
Ander.....	24	33	37	35	20	26	17	46
Korttermyn.....	9290	4604	3119	5304	9975	9022	11844	14019
<b>Totale onregstreekse belegging</b>	<b>65963</b>	<b>66013</b>	<b>70300</b>	<b>89487</b>	<b>102595</b>	<b>125559</b>	<b>146704</b>	<b>182290</b>
<b>Totale belegging</b>								
Openbare owerhede.....	15515	12617	11124	16363	18459	26544	30843	45236
Langtermyn.....	11250	7984	6754	9535	7338	14523	18948	31148
Korttermyn.....	4265	4633	4370	6828	11121	12021	11895	14088
Openbare korporasies.....	17626	21527	23635	26236	30952	36011	43617	47622
Langtermyn.....	17407	21223	23337	25728	30175	34807	42226	46713
Korttermyn.....	219	304	298	508	777	1204	1391	909
Monetêre sektor.....	13526	14631	17854	23735	26945	33095	36469	47483
Langtermyn.....	4820	4712	4696	5474	5740	5318	5330	4934
Korttermyn.....	8706	9919	13158	18261	21205	27777	31139	42549
Nie-monetêre-privaat sektor.....	39755	40809	45901	54795	62250	74003	89875	100657
Langtermyn.....	27806	33923	40002	46857	49229	60546	72641	80739
Gewone en ander aandele, nominale waarde.....	2455	2691	2742	2669	3101	3263	3841	4578
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins.....	20715	24629	28914	35049	35003	42683	50954	56936
Saldo's van takke en vennootskappe.....	149	104	103	109	117	291	385	378
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite.....	38	532	691	707	626	1928	2069	2184
Verbande en langtermynlenings.....	4233	5064	6548	7213	9168	11028	13666	14764
Ander.....	216	903	1004	1110	1214	1353	1726	1899
Korttermyn.....	11949	6886	5899	7938	13021	13457	17234	19918
<b>Totale buitelandse laste</b>	<b>86422</b>	<b>89584</b>	<b>98514</b>	<b>121129</b>	<b>138606</b>	<b>169653</b>	<b>200804</b>	<b>240998</b>

Bron: SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)

## 5.6 Geografiese verdeling van buitelandse laste

Tabelle 51 en 52 toon dat vanaf 1989 tot 1996 Europa nog steeds die belangrikste bron van buitelandse kapitaal vir die Suid-Afrikaanse ekonomie was, al het Europa se aandeel in Suid-Afrika se totale buitelandse laste oor hierdie periode afgeneem van 64,3 persent tot 57,8 persent. Aan die einde van 1996 was ongeveer 52 persent van Europa se belegging in Suid-Afrika gesetel in die openbare owerhede, openbare korporasies en die monetêre sektor. Van die voorafgenoemde belegging was die grootste gedeelte belê in langtermyn skuldinstrumente van die openbare owerhede en die openbare korporasies. Die afname in die aandeel van Europa was ten gunste van Afrika, Asië en in 'n mindere mate die Amerika's. Die Amerika's het na 'n aanvanklike afname van 1989 tot 1993 weer toegeneem tot 'n vlak wat 0,5 persent hoër is as sy aandeel aan die einde van 1989.

Die grootste stygings het voorgekom in die aandeel van Afrika wat beweeg het van 'n aandeel van 1,5 persent aan die einde van 1989 tot 2,9 persent aan die einde van 1996. Dit is egter interessant om daarop te let dat die grootste gedeelte van Afrikalande se belegging in Suid-Afrika bestaan het uit korttermynlenings aan die monetêre sektor in Suid-Afrika. Hierdie kapitaal is van nature baie volatiel en kan dus vinnig in 'n uitvloeï van kapitaal ontaard. Die regstreekse belegging van Afrikalande in Suid-Afrika het aan die einde van 1996 minder as 10 persent van Afrikalande se totale belegging verteenwoordig (Tabel 51).

Asië se aandeel in Suid-Afrika se totale buitelandse laste het oor die periode 1989 tot 1993 marginaal gedaal vanaf 3,7 persent tot 3,6 persent, maar van 1993 tot 1996 gestyg tot 5,7 persent. Die buitelandse belegging van Asië is ook hoofsaaklik in die vorm van onregstreekse buitelandse belegging in die openbare owerhede en die openbare korporasies. Die regstreekse buitelandse belegging vanuit Asië het egter toegeneem gedurende 1996 met die belegging van 'n Maleisiëse oliemaatskappy in 'n Suid-Afrikaanse oliemaatskappy (SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)). Hierdie belegging was dan ook een van die grootste direkte buitelandse beleggings tot aan die einde van 1996.



**Tabel 51 - Buitelandse laste van Suid-Afrika volgens geografiese gebied - 1996**

R miljoene

	Totaal	Europa	Noord- en Suid- Amerika	Afrika	Asië	Oseanië	Internas- ionale or- ganisasies	Nie toegedeel- nie
<b>Regstreekse belegging</b>								
Monetêre sektor.....	4650	4359	52	24	215	-	-	-
Langtermyn.....	943	875	4	-	64	-	-	-
Korttermyn.....	3707	3484	48	24	151	-	-	-
Nie-monetêre-privaat sektor.....	54058	41137	9618	607	2033	528	-	135
Langtermyn.....	48159	36264	8814	532	1903	512	-	134
Gewone en ander aandele, nominale waarde.....	2873	2367	408	7	83	4	-	4
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins.....	36603	28213	6560	22	1393	356	-	59
Saldo's van takke en vennootskappe.....	378	219	78	2	76	3	-	-
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite.....	42	37	5	-	-	-	-	-
Verbande en langtermynlenings.....	6410	4659	1291	68	271	50	-	71
Ander.....	1853	769	472	433	80	99	-	-
Korttermyn.....	5899	4873	804	75	130	16	-	1
<b>Totale regstreekse belegging.....</b>	<b>58708</b>	<b>45496</b>	<b>9670</b>	<b>631</b>	<b>2248</b>	<b>528</b>	-	<b>135</b>
<b>Onregstreekse belegging</b>								
Openbare owerhede.....	45236	19830	8914	782	1547	65	14088	10
Langtermyn.....	31148	19830	8914	782	1547	65	-	10
Korttermyn.....	14088	-	-	-	-	-	14088	-
Openbare korporasies.....	47622	28352	13554	50	5560	101	-	5
Langtermyn.....	46713	27832	13193	48	5557	78	-	5
Korttermyn.....	909	520	361	2	3	23	-	-
Monetêre sektor.....	42833	20028	12868	4735	2530	189	-	2483
Langtermyn.....	3991	2412	1215	12	342	10	-	-
Korttermyn.....	38842	17616	11653	4723	2188	179	-	2483
Nie-monetêre-privaat sektor.....	46599	25488	16384	842	1896	329	-	1660
Langtermyn.....	32580	18769	12103	361	237	23	-	1087
Gewone en ander aandele, nominale waarde.....	1705	977	614	24	9	3	-	78
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins.....	20333	12136	7324	198	108	19	-	548
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite.....	2142	213	1923	4	1	1	-	-
Verbande en langtermynlenings.....	8354	5439	2234	106	119	-	-	456
Ander.....	46	4	8	29	-	-	-	5
Korttermyn.....	14019	6719	4281	481	1659	306	-	573
<b>Totale onregstreekse belegging.....</b>	<b>182290</b>	<b>93698</b>	<b>51720</b>	<b>6409</b>	<b>11533</b>	<b>684</b>	<b>14088</b>	<b>4158</b>
<b>Totale belegging</b>								
Openbare owerhede.....	45236	19830	8914	782	1547	65	14088	10
Langtermyn.....	31148	19830	8914	782	1547	65	-	10
Korttermyn.....	14088	-	-	-	-	-	14088	-
Openbare korporasies.....	47622	28352	13554	50	5560	101	-	5
Langtermyn.....	46713	27832	13193	48	5557	78	-	5
Korttermyn.....	909	520	361	2	3	23	-	-
Monetêre sektor.....	47483	24387	12920	4759	2745	189	-	2483
Langtermyn.....	4934	3287	1219	12	406	10	-	-
Korttermyn.....	42549	21100	11701	4747	2339	179	-	2483
Nie-monetêre-privaat sektor.....	100657	66625	26002	1449	3929	857	-	1795
Langtermyn.....	80739	55033	20917	893	2140	535	-	1221
Gewone en ander aandele, nominale waarde.....	4578	3344	1022	31	92	7	-	82
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins.....	56936	40349	13884	220	1501	375	-	607
Saldo's van takke en vennootskappe.....	378	219	78	2	76	3	-	-
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite.....	2184	250	1928	4	1	1	-	-
Verbande en langtermynlenings.....	14764	10098	3525	174	390	50	-	527
Ander.....	1899	773	480	462	80	99	-	5
Korttermyn.....	19918	11592	5085	556	1789	322	-	574
<b>Totale buitelandse laste.....</b>	<b>240998</b>	<b>139194</b>	<b>61390</b>	<b>7040</b>	<b>13781</b>	<b>1212</b>	<b>14088</b>	<b>4293</b>

Bron: SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)

**Tabel 52: Verspreiding van buitelandse laste van Suid-Afrika volgens geografiese gebied soos op uitgesoekte jaareindes (persentasie)**

Geografiese gebied	Aan die einde van		
	1989	1993	1996
Europa	64,3	62,7	57,8
Amerika's	25,0	22,2	25,5
Afrika	1,5	3,1	2,9
Asië	3,7	3,6	5,7
Oseanië	0,5	0,4	0,5
Internasionale Organisasies	3,4	7,1	5,8
Nie toegedeel	1,6	0,9	1,8
Totaal	100,0	100,0	100,0

**Bron: SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)**

Dit is egter interessant dat Asië se belegging in Suid-Afrika soveel kleiner is as dié van die Amerika's, as in ag geneem word dat Japan, wat 'n groot deel van Asië se syfer verteenwoordig, die tweede grootste ekonomie in die wêreld is. 'n Verklaring hiervoor kan moontlik gevind word in die geneigdheid van die Japanese om hul spaargeld verkieslik in Japan te belê eerder as in buitelandse markte. Hierdie verskynsel is dan ook 'n uitvloeisel van die sentiment wat geheers het na die Tweede Wêreldoorlog, toe alle hulpbronne aangewend is vir die opbou van die Japanese ekonomie.

### **5.7 Buitelandse laste volgens die Vyfde Uitgawe van die Standaardnywerheidsklassifikasie**

Betroubare data van die verdeling van Suid-Afrika se buitealandse laste volgens die standaardnywerheidsklassifikasie, wat ooreenstem met hersienings wat gedoen is op Suid-Afrika se buitelandse laste, is slegs beskikbaar vanaf 1989. Om hierdie rede word die verdeling van Suid-Afrika se buitelandse laste volgens die standaardnywerheidsklassifikasie slegs gehanteer vir die periode 1989 tot 1996, en nie vanaf 1956 tot 1988 nie (Tabel 53).

Die verdeling van buitelandse belegging van 'n land volgens ekonomiese bedrywighede is van kardinale belang, omrede dit die ekonomiese beleidsmakers in staat stel om te bepaal watter



sektore van die ekonomie die grootste gedeelte van buitelandse beleggings trek. Daar kan dus 'n ontleding gedoen word van die redes wat buitelanders beweeg om kapitaal in een sektor van die ekonomie te belê en nie in 'n ander sektor nie. Hierdie ontleding kan lei tot moontlike veranderings in politieke sowel as ekonomiese beleid, om sodoende sekere sektore meer aantreklik te maak vir buitelandse beleggings.

**Tabel 53: Verspreiding van buitelandse laste van Suid-Afrika volgens die Vyfde Uitgawe van die Standaardnywerheidsklassifikasie soos op uitgesoekte jaareindes (persentasie)**

Tipe Ekonomiese Bedrywigheid	Aan die einde van	
	1989	1996
Landbou, bosbou en vissery	0,3	0,2
Mynbou en steengroewery	9,3	7,1
Fabriekswese	17,7	18,2
Elektrisiteit gas en water	19,7	11,1
Konstruksie	0,1	0,1
Groot- en kleinhandel, verversing en akkommodasie	9,0	4,9
Vervoer, opberging en kommunikasie	9,6	7,4
Finansies, versekering, vaste eiendom en sakedienste	23,8	32,1
Gemeenskaps-, maatskaplike en persoonlike dienste	10,2	18,9
Individue en organisasies nie elders ingesluit nie	0,3	-
Totaal	100,0	100,0

**Bron: SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)**

Daar moet egter genoem word dat sekere sektore van 'n ekonomie tradisioneel volgens die aard van die bedrywigheid, nie werklik buitelandse beleggings trek nie. Hier kan daar spesifiek gekyk word na die sektor landbou, jag en vissery. Veral landbou is 'n bedrywigheid wat tradisioneel beoefen word deur inwoners van 'n land, omrede gespesialiseerde kennis benodig word van die landboutoestande in 'n spesifieke land om suksesvol te wees in hierdie tipe beroep. Verder is landbou in die meeste gevalle, en veral in Suid-Afrika 'n familiebesigheid wat oor geslagte heen bedryf word en nie maklik verkoop word aan ander partye nie.

In tabel 53 word aangetoon dat oor die periode 1989 tot 1996 die buitelandse laste van die volgende vyf sektore naamlik: landbou, bosbou en vissery, mynbou en steengroewery, elektrisiteit, gas en water, groot- en kleinhandel, verversing en akkommodasie sowel as vervoer, opberging



en kommunikasie se aandeel gedaal het ten koste van die drie sektore naamlik: fabriekswese, finansies, versekering, vaste eiendom en sakedienste sowel as gemeenskaps-, maatskaplike en persoonlike dienste. Die sektor vir individue en organisasies nie elders ingesluit nie is vir 1996 gekodifiseer en geklassifiseer in die betrokke sektor waarin die partye se werksaamhede geval het.

Die buitelandse belegging in die sektor vir *mynbou en steengroewery* is siklies van aard vanweë die skommelings wat plaasvind in die prys van die kommoditeite wat gemyn word. Die belangrikste kommoditeite wat in Suid-Afrika gemyn word en waarin buitelanders dus die meeste belê is goud en diamante. Die afname in die buitelandse belegging van 1989 tot 1996 in hierdie sektor kan toegeskryf word aan die daling in die jaareindprys van goud vanaf VSA\$400 per fyn ons aan die einde van 1989 tot VSA\$370 per fyn ons aan die einde van 1996 (SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)). Die afname in die aandeel van hierdie sektor dui ook op die afname in die relatiewe belangrikheid van die goudmynbedryf tot die ander sektore in die Suid-Afrikaanse ekonomie.

'n Bemoedigende verskynsel is die toename van die aandeel van die *fabriekswese* sektor van 17,7 persent van totale buitelandse laste van Suid-Afrika aan die einde van 1989, tot 18,2 persent aan die einde van 1996 (Tabel 53). Alhoewel hierdie toename nie so groot is as wat 'n mens sou hoop nie, is dit tog 'n teken dat die vervaardigingsektor in die regte rigting beweeg met die verhoogde belangstelling van nie-inwoners om in hierdie sektor te belê. Buitelandse belegging in hierdie sektor is van kardinale belang omrede die vervaardigingsbedryf 'n groot werkverskaffer is in die Suid-Afrikaanse ekonomie.

Die sektor *elektrisiteit, gas en water* bestaan feitlik in sy geheel uit die buitelandse laste van Eskom aan die einde van 1989, wat ook geklassifiseer word as 'n openbare korporasie. Aan die einde van 1996 het Eskom ongeveer 90 persent van die sektor se buitelandse laste verteenwoordig terwyl die restant opgemaak is uit die buitelandse laste van die Trans-Caledon Tonnelowerheid wat die buitelandse lenings behartig het vir die Lesotho Hoogland-waterprojek (SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)). Die buitelandse belegging het dan ook hoofsaaklik bestaan uit onregstreekse belegging in effekte en langtermynlenings. Daar was oor die tydperk 1989 tot 1996 'n stewige afname van 8,6 persent in die sektor se aandeel in die totale buitelandse laste.

**Tabel 54.1 - Buitelandse laste van Suid-Afrika volgens tipe ekonomiese bedrywigheid, 31 Desember 1989**

R miljoene

	Landbou, bosbou en vissery	Mynbou en steengroewery	Fabriekswese	Elektrisiteit gas en water	Konstruksie
<b>Regstreekse belegging</b>					
Langtermyn.....	161	1164	8055	-	29
Gewone en ander aandele, nominale waarde.....	10	224	1150	-	12
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins.....	131	809	6475	-	5
Saldo's van takke en vennootskappe.....	-	62	4	-	-
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite.....	-	-	-	-	-
Verbande en langtermynlenings.....	20	69	423	-	12
Ander.....	-	-	3	-	-
Korttermyn.....	2	5	1559	-	18
<b>Totale regstreekse belegging.....</b>	<b>163</b>	<b>1169</b>	<b>9614</b>	<b>-</b>	<b>47</b>
<b>Onregstreekse belegging</b>					
Langtermyn.....	15	5502	1109	16466	-
Gewone en ander aandele, nominale waarde.....	1	146	43	-	-
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins.....	3	5278	178	-	-
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite.....	-	1	4	7243	-
Verbande en langtermynlenings.....	11	73	882	9223	-
Ander.....	-	4	2	-	-
Korttermyn.....	63	1391	4615	551	30
<b>Totale onregstreekse belegging.....</b>	<b>78</b>	<b>6893</b>	<b>5724</b>	<b>17017</b>	<b>30</b>
<b>Totale belegging</b>					
Langtermyn.....	176	6666	9164	16466	29
Gewone en ander aandele, nominale waarde.....	11	370	1193	-	12
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins.....	134	6087	6653	-	5
Saldo's van takke en vennootskappe.....	-	62	4	-	-
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite.....	-	1	4	7243	-
Verbande en langtermynlenings.....	31	142	1305	9223	12
Ander.....	-	4	5	-	-
Korttermyn.....	65	1396	6174	551	48
<b>Totale buitelandse laste.....</b>	<b>241</b>	<b>8062</b>	<b>15338</b>	<b>17017</b>	<b>77</b>

Bron: SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)

**Tabel 54.2 - Buitelandse laste van Suid-Afrika volgens tipe ekonomiese bedrywigheid, 31 Desember 1989**

R miljoene

	Groot- en kleinhandel, verversing en akkommodasie	Vervoer, opberging en kommunikasie	Finansies, versekering, vaste eiendom en sakedienste	Gemeenskaps-, maatskaplike en persoonlike dienste	Individue en organisasies nie elders ingesluit nie	Totaal
<b>Regstreekse belegging</b>						
Langtermyn.....	3079	144	5130	12	-	17774
Gewone en ander aandele, nominale waarde.....	451	37	327	1	-	2212
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins.....	2311	70	4076	10	-	13887
Saldo's van takke en vennootskappe.....	53	28	2	-	-	149
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite.....	-	-	10	-	-	10
Verbande en langtermynlenings.....	263	9	527	1	-	1324
Ander.....	1	-	188	-	-	192
Korttermyn.....	746	48	304	3	-	2685
<b>Totale regstreekse belegging.....</b>	<b>3825</b>	<b>192</b>	<b>5434</b>	<b>15</b>	<b>-</b>	<b>20459</b>
<b>Onregstreekse belegging</b>						
Langtermyn.....	222	6540	4851	4146	5	38856
Gewone en ander aandele, nominale waarde.....	4	-	61	-	-	255
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins.....	27	2	1401	-	-	6889
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite.....	-	812	386	1662	-	10108
Verbande en langtermynlenings.....	191	5706	2982	2484	5	21557
Ander.....	-	20	21	-	-	47
Korttermyn.....	3733	1524	10308	4667	225	27107
<b>Totale onregstreekse belegging.....</b>	<b>3955</b>	<b>8064</b>	<b>15159</b>	<b>8813</b>	<b>230</b>	<b>65963</b>
<b>Totale belegging</b>						
Langtermyn.....	3301	6684	9981	4158	5	56630
Gewone en ander aandele, nominale waarde.....	455	37	388	1	-	2467
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins.....	2338	72	5477	10	-	20776
Saldo's van takke en vennootskappe.....	53	28	2	-	-	149
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite.....	-	812	396	1662	-	10118
Verbande en langtermynlenings.....	454	5715	3509	2485	5	22881
Ander.....	1	20	209	-	-	239
Korttermyn.....	4479	1572	10612	4670	225	29792
<b>Totale buitelandse laste.....</b>	<b>7780</b>	<b>8256</b>	<b>20593</b>	<b>8828</b>	<b>230</b>	<b>86422</b>

Bron: SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)

**Tabel 55.1 - Buitelandse laste van Suid-Afrika volgens tipe ekonomiese bedrywigheid, 31 Desember 1996**

R miljoene

	Landbou, bosbou en vissery	Mynbou en steengroewery	Fabriekswese	Elektrisiteit gas en water	Konstruksie
<b>Regstreekse belegging</b>					
Langtermyn.....	347	2876	21795	-	150
Gewone en ander aandele, nominale waarde.....	40	74	1502	-	48
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins.....	181	2145	17862	-	71
Saldo's van takke en vennootskappe.....	2	35	78	-	9
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite.....	-	-	20	-	-
Verbande en langtermynlenings.....	124	622	2232	-	22
Ander.....	-	-	101	-	-
Korttermyn.....	9	21	3627	-	8
<b>Totale regstreekse belegging.....</b>	<b>356</b>	<b>2897</b>	<b>25422</b>	<b>-</b>	<b>158</b>
<b>Onregstreekse belegging</b>					
Langtermyn.....	103	14301	11103	26812	15
Gewone en ander aandele, nominale waarde.....	-	369	914	-	-
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins.....	8	13846	3495	-	12
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite.....	-	-	209	16124	-
Verbande en langtermynlenings.....	95	86	6480	10688	3
Ander.....	-	-	5	-	-
Korttermyn.....	33	45	7348	-	55
<b>Totale onregstreekse belegging.....</b>	<b>136</b>	<b>14346</b>	<b>18451</b>	<b>26812</b>	<b>70</b>
<b>Totale belegging</b>					
Langtermyn.....	450	17177	32898	26812	165
Gewone en ander aandele, nominale waarde.....	40	443	2416	-	48
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins.....	189	15991	21357	-	83
Saldo's van takke en vennootskappe.....	2	35	78	-	9
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite.....	-	-	229	16124	-
Verbande en langtermynlenings.....	219	708	8712	10688	25
Ander.....	-	-	106	-	-
Korttermyn.....	42	66	10975	-	63
<b>Totale buitelandse laste.....</b>	<b>492</b>	<b>17243</b>	<b>43873</b>	<b>26812</b>	<b>228</b>

Bron: SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)



**Tabel 55.2 - Buitelandse laste van Suid-Afrika volgens tipe ekonomiese bedrywigheid, 31 Desember 1996**

R miljoene

	Groot- en kleinhandel, verversing en akkommodasie	Vervoer, opberging en kommunikasie	Finansies, versekering, vaste eiendom en sakedienste	Gemeenskaps-, maatskaplike en persoonlike dienste	Totaal
<b>Regstreekse belegging</b>					
Langtermyn.....	6346	374	17117	97	49102
Gewone en ander aandele, nominale waarde.....	579	50	574	6	2873
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins.....	4004	78	12231	31	36603
Saldo's van takke en vennootskappe.....	157	43	20	34	378
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite.....	-	-	22	-	42
Verbande en langtermynlenings.....	1536	203	2588	26	7353
Ander.....	70	-	1682	-	1853
Korttermyn.....	1273	160	4505	3	9606
<b>Totale regstreekse belegging.....</b>	<b>7619</b>	<b>534</b>	<b>21622</b>	<b>100</b>	<b>58708</b>
<b>Onregstreekse belegging</b>					
Langtermyn.....	188	16202	14528	31180	114432
Gewone en ander aandele, nominale waarde.....	2	-	414	6	1705
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins.....	22	19	2865	66	20333
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite.....	-	6819	4215	25677	53044
Verbande en langtermynlenings.....	143	9360	7018	5431	39304
Ander.....	21	4	16	-	46
Korttermyn.....	3977	1075	41129	14196	67858
<b>Totale onregstreekse belegging.....</b>	<b>4165</b>	<b>17277</b>	<b>55657</b>	<b>45376</b>	<b>182290</b>
<b>Totale belegging</b>					
Langtermyn.....	6534	16576	31645	31277	163534
Gewone en ander aandele, nominale waarde.....	581	50	988	12	4578
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins.....	4026	97	15096	97	56936
Saldo's van takke en vennootskappe.....	157	43	20	34	378
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite.....	-	6819	4237	25677	53086
Verbande en langtermynlenings.....	1679	9563	9606	5457	46657
Ander.....	91	4	1698	-	1899
Korttermyn.....	5250	1235	45634	14199	77464
<b>Totale buitelandse laste.....</b>	<b>11784</b>	<b>17811</b>	<b>77279</b>	<b>45476</b>	<b>240998</b>

Bron: SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)

Alhoewel die sektor se buitelandse laste gestyg het, was die koers van toename laer gewees as die koers van toename van die ander sektore. Die rede hiervoor is dat Eskom gedurende die middel negentigerjare begin het om sy buitelandse lenings te verminder. Daar het egter wel 'n styging plaasgevind in die binnelandse bemarkbare effekteskuld van Eskom. Eskom het egter geen beheer oor die houers van hierdie effekteskuld nie omrede die effekte in die sekondêre mark verhandel word en dus deur enige party aangekoop kan word (SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)).

Die *konstruksiesektor* se aandeel in Suid-Afrika se buitelandse laste het onveranderd gebly op 'n teleurstellende 0,1 persent tussen 1989 en 1996 (Tabel 53). Dit is egter ook 'n sektor wat unieke eienskappe in verskillende lande het, wat dit dus moeilik maak vir nie-inwoners om suksesvol mee te ding teen plaaslike instellings wat in-diepte-kennis van die mark besit. Dit is egter ook so dat die konstruksiebedryf in Suid-Afrika teleurstellend vertoon het gedurende die negentigerjare en nie aantreklike beleggingsgeleenthede gebied het aan nie-inwoners nie. Die gebrek aan buitelandse belegging in hierdie sektor is, veral vir 'n land soos Suid-Afrika wat infrastruktuurontwikkeling broodnodig het, is 'n netelige posisie om in te wees.

Die afname in die aandeel van die sektor *groot- en kleinhandel, verversing en akkommodasie* tot totale buitelandse laste van Suid-Afrika kan toegeskryf word aan die teleurstellende groeiakoers in Suid-Afrika se bruto binnelandse produk gedurende die negentigerjare. 'n Verdere bydraende faktor was die afwaartse druk op pryse vanweë 'n styging in mededinging in hierdie sektor. Die bogenoemde faktore het dus gelei tot 'n afname in die groeiakoers van buitelandse beleggings in hierdie sektor.

Net soos die sektor elektrisiteit, gas en water, waar Eskom die grootste bydrae lewer tot die buitelandse laste, word die sektor *vervoer, opberging en kommunikasie* se buitelandse laste ook oorheersend verteenwoordig deur 'n verdere twee openbare korporasies, naamlik Transnet en Telkom. Die twee sektore hierbo genoem se buitelandse laste stem ook in 'n groot mate ooreen. Albei sektore se buitelandse laste is hoofsaaklik gekonsentreer in buitelandse langtermynlenings, effekte uitgereik in die buiteland, sowel as effekte in die binneland uitgereik wat deur buitelandse partye op die sekondêre mark aangekoop is. Hierdie sektor se aandeel in die totale buitelandse laste van Suid-Afrika het ook gedaal oor die periode 1989 tot 1996.

Die aandeel van die sektor *finansies, versekering, vaste eiendom en sakedienste*, in die totale buitelandse laste van Suid-Afrika, het oor die periode 1989 tot 1996 die tweede grootste styging van al die sektore getoon. Hierdie sektor verteenwoordig bykans 'n derde van Suid-Afrika se totale buitelandse laste. Die styging in die aandeel van hierdie sektor kan toegeskryf word aan die ontwikkeling van Suid-Afrika se finansiële markte. Indien daar gekyk word na die al die ontwikkelende ekonomieë in die wêreld, besit Suid-Afrika van die beste infrastruktuur met betrekking tot finansiële tussengangers. Hierdie eienskap maak van Suid-Afrika 'n aantreklike beleggingsland vir buitelandse beleggers omrede dit belangrik vir dié beleggers is dat daar 'n hoë vlak van likiditeit is in die markte waar hul besigheid doen.

Die grootste styging in die aandeel van totale buitelandse laste van 1989 tot 1996 is aangeteken deur die sektor *gemeenskaps-, maatskaplike en persoonlike dienste*. Hierdie sektor se buitelandse laste word, net soos die sektore elektrisiteit, gas en water en vervoer, opberging en kommunikasie, verteenwoordig deur slegs 'n paar instellings. In dié geval word feitlik die volle waarde van buitelandse laste verteenwoordig deur kort- en langtermynlenings sowel as effekte van die sentrale regering. Soos reeds vroeër in hierdie hoofstuk vermeld, het die aandeel van die buitelandse laste van die sentrale regering (openbare owerhede) sedert 1994 toegeneem vanweë internasionale kapitaalmarkuitreikings, wat onder obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite ingedeel is. Die korttermynlenings van die sentrale regering bestaan uit die beskikbare sowel as uitstaande bedrae op die fasiliteit by die Internasionale Monetêre Fonds, soos bespreek in hoofstuk 3 op bladsy 68.

Die toename in die aandeel van die sektor *gemeenskaps-, maatskaplike en persoonlike dienste* moet ook gesien word in die lig van die afname in die sektore elektrisiteit, gas en water en vervoer, opberging en kommunikasie, omrede hierdie sektore se buitelandse laste in 'n groot mate bestaan uit bemarkbare effekte wat verhandel word op die sekondêre mark. Indien daar gekyk word na die totale aandeel van hierdie drie sektore aan die einde van 1989 en 1996, was die totale aandeel feitlik onveranderd op 39,5 persent en 37,4 persent onderskeidelik (Tabel 53). Dit lyk dus of buitelandse beleggers geskuif het van openbare korporasie-effekte na effekte uitgereik deur die openbare owerhede.



## 5.8 Samevatting

Die tydperk van 1989 tot 1996 is gekenmerk deur politieke veranderings wat grootskaalse ekonomiese gevolge vir Suid-Afrika tot gevolg gehad het. Hierdie gevolge is ook weerspieël in die veranderings wat plaasgevind het in Suid-Afrika se buitelandse laste oor dié periode. Na 'n aanvanklike verlangsamings in die jaarlikse groeikoers van Suid-Afrika se totale buitelandse laste van 1989 tot 1991, het die koers van toename in Suid-Afrika se buitelandse laste versnel van 1992 tot 1996 om oor die tydperk as 'n geheel 'n jaarlikse groeikoers van 15,8 persent aan te teken.

Oor die periode onder beskouing het die verhouding van onregstreekse en regstreekse buitelandse belegging tot totale buitelandse laste feitlik onveranderd gebly. Terwyl onregstreekse buitelandse belegging gestyg het vanweë die buitelandse aankope van Suid-Afrikaanse aandele en effekte, het die styging in regstreekse buitelandse belegging veral gesteun op die herbelegging van inkomste. Suid-Afrika het egter nie die verlangde regstreekse buitelandse belegging getrek om sodoende die werkloosheidsprobleem effektief aan te spreek nie.

Die verdeling van Suid-Afrika se buitelandse laste volgens ekonomiese sektor is gekenmerk deur 'n afname in die aandeel van die privaatsektor ten koste van die monetêre sektor. Dit het plaasgevind veral vanweë buitelandse banke wat takke in Suid-Afrika geopen het en dan ook finansiering aan hierdie takke verskaf het. Die aandeel van die openbare owerhede en die openbare korporasies was, na 'n aanvanklik daling in die aandeel van die openbare owerhede en 'n aanvanklik styging in die aandeel van die openbare korporasies, feitlik onveranderd van die einde van 1989 tot die einde van 1996.

Oor die periode 1989 tot 1996 het daar 'n verskuiwing plaasgevind vanaf langtermyn na korttermyn buitelandse laste, alhoewel daar heelwat skommelings oor die tydperk plaasgevind het. Dit is egter moeilik om 'n tendens in die verdeling tussen kort- en langtermyn buitelandse laste te identifiseer, vanweë die volatiliteit van korttermyn kapitaalbewegings. Faktore wat 'n rol speel in die verandering van korttermyn laste verander gewoonlik binne 'n baie kort tydperk, wat tot gevolg het dat die korttermyn laste op jaareindes nie altyd 'n goeie aanduiding is van wat deur die jaar gebeur het nie.



Terwyl Europa nog steeds die belangrikste bron van buitelandse kapitaal vir die Suid-Afrikaanse ekonomie is, het sy aandeel in Suid-Afrika se totale buitelandse laste afgeneem van 64,3 persent tot 57,8 persent ten gunste van Afrika, Asië en in 'n mindere mate die Amerika's. Die regstreekse belegging van Afrikalande in Suid-Afrika het egter minder as 10 persent van Afrikalande se totale belegging verteenwoordig aan die einde van 1996.

Sekere sektore van 'n ekonomie trek tradisioneel volgens die aard van die bedrywigheid, nie werklik buitelandse beleggings nie. Oor die periode 1989 tot 1996 het die sektore landbou, bosbou en vissery, mynbou en steengroewery, elektrisiteit, gas en water, groot- en kleinhandel, verversing en akkommodasie sowel as vervoer, opberging en kommunikasie se aandeel in Suid-Afrika se buitelandse laste gedaal, teenoor stygings by die sektore fabriekswese, finansies, versekering, vaste eiendom en sakedienste sowel as gemeenskaps-, maatskaplike en persoonlike dienste.

In hoofstuk 6 gaan 'n historiese ontleding van Suid-Afrika se buitelandse bates vanaf 1989 tot 1996 gedoen word. Die ontleding word gedoen volgens groei in buitelandse belegging, regstreekse en onregstreekse buitelandse belegging en buitelandse belegging volgens ekonomiese sektor, instrument en termyn sowel as geografiese indeling. Daar sal ook gekyk word na Suid-Afrika se netto internasionale verpligtinge oor die periode onder beskouing.

## HOOFSTUK 6

### SUID-AFRIKA SE BUITELANDSE BATES VIR DIE PERIODE 1989 - 1996

#### 6.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk doen 'n ontleding van Suid-Afrika se buitelandse bates van 1989 tot 1996, deur gebruik te maak van dieselfde klassifikasies wat in hoofstuk 4 gebruik is. Daar sal gepoog word om verwantskappe te kry tussen Suid-Afrika se buitelandse bates en ander ekonomiese groothede.

Die politieke en daaropvolgende ekonomiese veranderings wat plaasgevind het vanaf 1989 het 'n selfs groter uitwerking gehad op Suid-Afrika se buitelandse bates as op die buitelandse laste van Suid-Afrika. Dit was veral vanweë die positiewe sentiment wat geheers het jeens Suid-Afrika, na die vreedsame oorgang na demokrasie, wat die owerhede in staat gestel het om valutabeheer stelselmatig te liberaliseer en daardeur Suid-Afrikaners in staat te stel om buitelandse bates aan te koop. Alhoewel Suid-Afrikaanse instellings, wat aan sekere kriteria voldoen het, in die verlede toegelaat is om direkte buitelandse beleggings aan te gaan, kon institusionele beleggers sedert 1995 ook portefeulje- (onregstreekse) beleggings in die buiteland verkry. Die grootste gedeelte van hierdie beleggings is gedoen deur middel van die bateruilmeganisme wat gedurende 1995 in werking getree het en daarop gemik is om reserweneutraal te wees.

Die portefeuljebeleggings deur institusionele beleggers het hulle in staat gestel om hul beleggingsportefeulje te diversifiseer en daardeur die risiko van hul portefeulje te verminder. Die diversifikasie van 'n portefeulje deur die aankoop van buitelandse bates is van groot belang, veral vir 'n belegger in 'n land soos Suid-Afrika wat geklassifiseer word onder die opkomende markte kategorie. Die belangrikste rede vir die aankoop van buitelandse bates is om 'n belegger te verskans teen die depresiasie van die rand, omrede buitelandse bates wat in VSA-dollar gedenomineer is, sal styg in randterme indien die wisselkoers van die rand depresseer teen die VSA-dollar. Institusionele beleggers het dan ook die voordeel van die vergunning om in die buiteland te belê deurgegee aan individuele beleggers deur middel van die beskikbaarstelling van

internasionale effektetrustfondse waarin klein beleggers eenmalig of maandeliks kan belê. Dieselfde beginsel met betrekking tot die diversifikasie van 'n portefeulje geld ook vir 'n individuele belegger.

## 6.2 Groei in buitelandse belegging

Alhoewel die groeikoers van Suid-Afrika se buitelandse bates oor die periode 1989 tot 1996 sterk geskommel het, was die koers van toename deurentyd positief gewees. Tabel 56 toon dat die groeikoers van Suid-Afrika se buitelandse bates gewissel het van 'n laagtepunt van 7,4 persent in 1990 tot 'n hoogtepunt van 32,9 persent in 1996. Met die uitsondering van 1992, het Suid-Afrika se buitelandse bates slegs matige groei getoon tot aan die einde van 1994. Die skerp styging in die groeikoers van Suid-Afrika se buitelandse bates gedurende 1992 was nie die gevolg van 'n uitvloei van kapitaal uit Suid-Afrika nie, maar wel van 'n waardasieaansuiwering. Die skerp styging in die groeikoers van Suid-Afrika se buitelandse bates gedurende 1995 en 1996 was weer die uitvloeisel van die stelselmatige liberalisering van valutabeheermaatreëls op Suid-Afrikaanse inwoners.

**Tabel 56: Persentasie groei in die buitelandse bates van Suid-Afrika op jaareindes en persentasie verandering van die jaareinde Rand/VSA-dollar wisselkoers**

Aan einde van	Buitelandse bates	Rand/VSA-dollar
1989	14,7	-6,7
1990	7,4	-0,6
1991	16,1	-6,6
1992	23,4	-10,2
1993	10,4	-10,1
1994	12,1	-4,1
1995	26,9	-2,9
1996	32,9	-22,1

**Bron: SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)**

Indien die groeikoers van Suid-Afrika se buitelandse bates vergelyk word met die jaarlikse persentasieverandering in die jaareinde Rand/VSA-dollar wisselkoers, kan daar weereens 'n inverse korrelasie waargeneem word, met slegs 'n paar uitsonderings. Dit is slegs in 1992 en 1995



**Tabel 57 - Buitelandse bates van Suid-Afrika - 1989 - 1996**

R miljoene

Einde van	1989	1990	1991	1992	1993	1994	1995	1996
<b>Regstreekse belegging</b>								
Monetêre sektor.....	292	300	357	633	755	643	958	2969
Langtermyn.....	290	299	331	465	635	634	866	1772
Korttermyn.....	2	1	26	168	120	9	92	1197
Nie-monetêre-privaat sektor.....	33040	38164	43872	53864	60385	67064	84125	112241
Langtermyn.....	32236	37455	43344	52887	59078	65568	81561	109735
Gewone en ander aandele, nominale waarde.....	1717	2142	2342	2901	4917	7138	7291	11586
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins.....	29983	34713	40054	47664	50983	52509	68748	93774
Saldo's van takke en vennootskappe.....	18	20	55	52	23	38	44	58
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite.....	3	3	3	4	4	39	63	20
Verbande en langtermynlenings.....	481	540	821	2197	3082	5792	5381	4257
Ander.....	34	37	69	69	69	52	34	40
Korttermyn.....	804	709	528	977	1307	1496	2564	2506
<b>Totale regstreekse belegging.....</b>	<b>33332</b>	<b>38464</b>	<b>44229</b>	<b>54497</b>	<b>61140</b>	<b>67707</b>	<b>85083</b>	<b>115210</b>
<b>Onregstreekse belegging</b>								
Openbare owerhede.....	3481	3668	3652	5615	6243	7230	8657	10057
Langtermyn.....	3279	3414	3649	5609	6236	7226	8651	10051
Korttermyn.....	202	254	3	6	7	4	6	6
Openbare korporasies.....	791	257	538	512	568	677	717	949
Langtermyn.....	237	236	251	195	51	29	33	39
Korttermyn.....	554	21	287	317	517	648	684	910
Monetêre sektor.....	7314	7526	10354	13028	12790	15694	19736	17065
Langtermyn.....	724	715	905	1653	1699	1677	1640	1463
Korttermyn.....	3703	3180	3753	5292	5415	8893	12677	9693
Goudreserwes.....	2883	3626	5690	6083	5635	5120	5401	5903
Spesiale trekkingsregte.....	4	5	6	-	41	4	18	6
Nie-monetêre-privaat sektor.....	6239	5005	4975	5042	6126	6110	9387	20938
Langtermyn.....	1024	369	425	727	625	1064	2656	12584
Gewone en ander aandele, nominale waarde.....	58	32	40	37	39	41	43	45
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins.....	609	96	120	119	120	123	172	225
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite.....	87	87	128	119	122	134	1533	11488
Verbande en langtermynlenings.....	225	117	101	416	308	729	860	721
Ander.....	45	37	36	36	36	37	48	105
Korttermyn.....	5215	4636	4550	4315	5501	5046	6731	8354
<b>Totale onregstreekse belegging.....</b>	<b>17825</b>	<b>16456</b>	<b>19519</b>	<b>24197</b>	<b>25727</b>	<b>29711</b>	<b>38497</b>	<b>49009</b>
<b>Totale belegging</b>								
Openbare owerhede.....	3481	3668	3652	5615	6243	7230	8657	10057
Langtermyn.....	3279	3414	3649	5609	6236	7226	8651	10051
Korttermyn.....	202	254	3	6	7	4	6	6
Openbare korporasies.....	791	257	538	512	568	677	717	949
Langtermyn.....	237	236	251	195	51	29	33	39
Korttermyn.....	554	21	287	317	517	648	684	910
Monetêre sektor.....	7606	7826	10711	13661	13545	16337	20694	20034
Langtermyn.....	1014	1014	1236	2118	2334	2311	2506	3235
Korttermyn.....	3703	3181	3779	5460	5535	8902	12769	10890
Goudreserwes.....	2883	3626	5690	6083	5635	5120	5401	5903
Spesiale trekkingsregte.....	4	5	6	-	41	4	18	6
Nie-monetêre-privaat sektor.....	39279	43169	48847	58906	66511	73174	93512	133179
Langtermyn.....	33260	37824	43769	53614	59703	66632	84217	122319
Gewone en ander aandele, nominale waarde.....	1775	2174	2382	2938	4956	7179	7334	11631
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins.....	30592	34809	40174	47783	51103	52632	68920	93999
Saldo's van takke en vennootskappe.....	18	20	55	52	23	38	44	58
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite.....	90	90	131	123	126	173	1596	11508
Verbande en langtermynlenings.....	706	657	922	2613	3390	6521	6241	4978
Ander.....	79	74	105	105	105	89	82	145
Korttermyn.....	6019	5345	5078	5292	6808	6542	9295	10860
<b>Totale buitelandse bates.....</b>	<b>51157</b>	<b>54920</b>	<b>63748</b>	<b>79694</b>	<b>86867</b>	<b>97418</b>	<b>123580</b>	<b>164219</b>

Bron: SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)

dat die persentasie groei in die buitelandse bates van Suid-Afrika redelik sterk afgewyk het van die persentasie verandering in die jaareinde Rand/VSA-dollar wisselkoers (Tabel 56). Die groei in Suid-Afrika se buitelandse bates gedurende 1992 is grotendeels gedryf deur 'n toename van ongeveer R10 miljard in regstreekse buitelandse belegging. Hierdie styging is teweeg gebring deur 'n toename van meer as R7 miljard in die reserwe item wat veroorsaak is deur 'n toename in herbelegde verdienste van buitelandse maatskappye wat regstreeks uit Suid-Afrika beheer word (Tabel 57).

Gedurende 1995 is daar daadwerklik begin met die uitfasering van valutabeheermaatreëls wat van toepassing was op inwoners sowel as nie-inwoners. Dié maatreëls is ingestel en uitgebrei met die doel om die binnelandse ekonomie sowel as die land se buitelandse reserwes te beskerm teen negatiewe ekonomiese aksies wat deur politieke besluite gemotiveer word. 'n Voorbeeld hiervan is die sanksies wat teen Suid-Afrika ingestel is. Sodra hierdie eksterne faktore egter nie meer 'n invloed op 'n die ekonomie uitoefen nie, is dit nodig om hierdie maatreëls af te skaf op 'n manier wat die kleinste negatiewe effek op die ekonomie uitoefen. Dit is egter nie so maklik nie omrede hierdie maatreëls aanleiding gee tot probleme met administrasie, die verwringing van die vlak van wisselkoerse, rentekoerse sowel as die pryse van plaaslike finansiële bates. Die effek van die uitfasering van valutabeheermaatreëls van toepassing op nie-inwoners, wat grotendeels 'n invloed het op Suid-Afrika se buitelandse laste, is reeds bespreek in hoofstuk 5.

Gedurende die middel van 1995 is die eerste valutabeheermaatreëls, van toepassing op Suid-Afrikaanse inwoners, verslap met die inwerkingtreding van die bateruilmeganisme. Hierdie meganisme bepaal dat Suid-Afrikaanse institusionele beleggers 'n mandjie Suid-Afrikaanse bates aan 'n buitelandse party kan ruil vir 'n mandjie buitelandse bates van ooreenstemmende waarde. Met institusionele beleggers word bedoel pensioenfondse, langtermynversekeraars sowel as effektetrustbestuursmaatskappye. Daar is egter 'n beperking geplaas, wat van tyd tot tyd aangepas word, op die waarde van die buitelandse bates wat 'n institusionele belegger mag hou. Hierdie hoeveelheid word bepaal deur die institusionele belegger se buitelandse bates uit te druk as 'n persentasie van sy totale bates. Die bates betrokke by bateruiltransaksies is aandele en effekte.

'n Verdere vergunning wat aan institusionele beleggers gemaak is, is dat hulle ook 'n persentasie



van hul jaarlikse netto invloei van fondse kan oorplaas na die buiteland vir die verkryging van buitelandse bates, sonder enige teenprestasie deur 'n buitelandse party. Hierdie bedrae is egter heelwat kleiner as die bedrae betrokke by bateruiltransaksies. Suid-Afrikaanse inwoners is bevoordeel deur hierdie vergunnings deurdat hulle pensioenfondse, versekeraars en effektrusts hul bates kan diversifiseer en so die risiko van hul beleggers kan versprei.

Soos met enige maatreeël wat nie suiwer op markbeginsels gegrond is nie, is dit in die praktyk egter vir die Suid-Afrikaanse Reserwebank nie so maklik om die bateruiltransaksies te monitor nie. Die rede hiervoor is dat dit nie prakties moontlik is om te bepaal of die buitelandse party nog die Suid-Afrikaanse bates besit nie, omrede die buitelandse party vry is om byvoorbeeld een aandeel te verkoop en 'n ander aandeel aan te koop. Al is die meganisme nie foutloos nie, het dit ten minste die groot vraag deur Suid-Afrikaanse inwoners na buitelandse bates tot 'n mate bevredig.

Om op te som word die status van valutabeheermaatreëls aan die einde van 1996 hieronder aangedui:

- (i) Suid-Afrika voldoen volkome aan die vereistes van die Internasionale Monetêre Fonds met betrekking tot valutabeheermaatreëls wat van toepassing is op lopende rekening transaksies.
- (ii) Daar is nie meer enige valutabeheer, op kapitaal- of lopende transaksies, van toepassing op nie-inwoners nie.
- (iii) Plaaslike maatskappye word onder sekere omstandighede toegelaat om regstreekse belegging in die buiteland te maak.
- (iv) Soos reeds genoem word institusionele beleggers toegelaat om portefeuljebeleggings in die buiteland te maak deur middel van die bateruilmeganisme sowel as die persentasie van hul totale invloei.
- (v) Privaat individue word nie toegelaat om enige beleggings in die buiteland te maak nie (Dit sou na 1996 verander).
- (vi) Fondse wat behoort aan voormalige inwoners (emigrante) van Suid-Afrika word nog steeds gehou in geblokkeerde rekeninge in Suid-Afrika.



Die verkryging van buitelandse bates deur Suid-Afrikaners was dan ook grootliks verantwoordelik vir die sterk groei in Suid-Afrika se buitelandse bates gedurende 1995 en 1996. Die depresiasie van die rand teen die VSA-dollar gedurende 1996 het verder bygedra tot die hoogste groeikoers in Suid-Afrika se buitelandse bates vir die tydperk onder beskouing. Die gemiddelde jaarlikse koers van toename van Suid-Afrika se buitelandse bates het vir die tydperk onder beskouing te staan gekom op 18,1 persent, wat goed vergelyk met die 15,8 persent gemiddelde toename in Suid-Afrika se buitelandse laste sowel as die gemiddelde depresiasie van die rand teen die VSA-dollar van 7,5 persent (SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)).

### **6.3 Regstreekse en onregstreekse belegging**

Die mate waartoe onregstreekse belegging, deur die privaatsektor, in die buiteland deur valutabeheer beïnvloed is, kan gesien word aan die verdeling per item van die privaatsektor se buitelandse bates van 1989 tot 1994. Werklike portefeuljebeleggings in aandele en effekte in buitelandse maatskappye word aangetoon onder die items aandele, reserwes en obligasies. Die korttermyn onregstreekse belegging van die privaat sektor bestaan hoofsaaklik uit krediet verleen deur Suid-Afrikaanse maatskappye aan buitelandse maatskappye wat ontstaan uit die uitvoer van Suid-Afrikaanse goedere en dienste. Die items aandele, reserwes en obligasies van die privaat sektor as 'n persentasie van totale onregstreekse belegging in die buiteland het van 1989 tot 1994 'n dalende neiging getoon en aan die einde van 1994 op slegs 1 persent te staan gekom. Aan die einde van 1995 het hierdie persentasie egter gestyg tot 4,5 persent en aan die einde van 1996 tot 24 persent (Tabel 57).

Alhoewel Suid-Afrikaners sedert 1995 toegelaat is om onregstreekse beleggings in die buiteland te maak, soos vroeër in hierdie hoofstuk bespreek, het die regstreekse belegging in die buiteland nog steeds teen 'n vinniger koers gestyg as onregstreekse belegging, en teen die einde van 1996 op 70,2 persent te staan gekom (Tabel 58). Die toename in direkte belegging gedurende 1996 van ongeveer R30 miljard kan grotendeels toegeskryf word aan die styging van ongeveer R29 miljard in die items vir aandele en reserwes van buitelandse beheerde privaat sektor maatskappye, sowel as 'n styging van ongeveer R2 miljard in die buitelandse bates van die monetêre sektor (Tabel 57). Die toename in die item vir aandele en reserwes is hoofsaaklik gedryf deur herbelegde verdienste



van bestaande buitelandse filiale van Suid-Afrikaanse maatskappye sowel as nuwe beleggings in die buiteland wat deur die valutabeheerowerhede goedgekeur is. Suid-Afrikaanse banke het, soos as hulle buitelandse eweknieë, ook buitelandse takke geopen om daardeur hul winsmarges te verhoog en beter diens aan hul kliënte te bied.

**Tabel 58: Verhouding van regstreekse en onregstreekse buitelandse bates tot totale buitelandse bates soos op jaareindes (persentasie)**

Aan die einde van	Regstreekse belegging	Onregstreekse belegging	Totale belegging
1989	65,2	34,8	100,0
1990	68,9	31,1	100,0
1991	69,4	30,6	100,0
1992	69,3	30,7	100,0
1993	70,4	29,6	100,0
1994	69,5	30,5	100,0
1995	68,8	31,2	100,0
1996	70,2	29,8	100,0

**Bron: SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)**

Dit is belangrik vir 'n land om direkte beleggings te maak om verskeie redes, waaronder dividend-inkomste en die bevordering van uitvoer maar twee faktore is wat voordelig is vir die direkte belegger land. Tabel 58 skets 'n positiewe prentjie van Suid-Afrika se belegging in die buiteland. Die probleem is net dat hierdie situasie verwring is deur die beperkings wat op Suid-Afrikaanse inwoners geplaas is om vrylik in die buiteland te belê na hulle eie goedgeken. Dit is reeds bemoedigend dat, met die liberalisering van valutabeheer gedurende 1995 en 1996, die verhouding van regstreekse belegging tot totale belegging toegeneem het oor hierdie periode. Die tekens is egter daar dat hierdie situasie stelselmatig sal normaliseer en dat die bostaande tabel dan 'n ware refleksie sal weergee van Suid-Afrika se buitelandse bates volgens regstreekse en onregstreekse belegging, gegrond op markvoorkeure eerder as valutabeheer.

#### **6.4 Buitelandse belegging volgens ekonomiese sektor**

Oor die periode 1989 tot 1995 was die verdeling van Suid-Afrika se buitelandse bates volgens ekonomiese sektor feitlik onveranderd gewees. Dit was slegs die monetêre sektor wat enige

noemenswaardige styging getoon het ten koste van die openbare korporasies en die privaatsektor. Hierdie styging was egter grotendeels toeskryfbaar aan die toename in die land se buitelandse valutareserwes, wat onderhewig is aan korttermynfluktuasies.

Groot verskuiwings in die verdeling van Suid-Afrika se buitelandse bates volgens ekonomiese sektor het egter plaasgevind vanaf die einde van 1995 tot aan die einde van 1996. Die verskuiwings tussen die ekonomiese sektore is teweeg gebring deur die aanval op die rand wat gedurende Februarie 1996 begin het na aanleiding van 'n artikel deur 'n Switserse bank dat die rand oorgewaardeer is sowel as valse gerugte met betrekking tot die gesondheidstoestand van die staatspresident. Dit het veroorsaak dat die aandeel van die privaat sektor met 5,4 persent toegeneem ten koste van die openbare owerhede en veral die monetêre sektor. Die afname in die aandeel van die monetêre sektor het plaasgevind vanweë die daling in Suid-Afrika se buitelandse valutareserwes wat veroorsaak is deur die uitvloeï van kapitaal.

**Tabel 59: Verspreiding van buitelandse bates volgens ekonomiese sektor soos op jaareindes (persentasie)**

Aan die einde van	Openbare Owerhede	Openbare Korporasies	Monetêre Sektor	Privaatsektor	Totaal
1989	6,8	1,5	14,9	76,8	100,0
1990	6,7	1,3	14,2	77,8	100,0
1991	5,7	0,9	16,8	76,6	100,0
1992	7,1	0,7	17,4	74,8	100,0
1993	7,2	0,7	15,6	76,5	100,0
1994	7,4	0,7	16,8	75,1	100,0
1995	7,0	0,6	16,7	75,7	100,0
1996	6,1	0,6	12,2	81,1	100,0

**Bron: SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)**

Die aandeel van die privaatsektor bestaan in 'n groot mate uit maatskappyreserwes, wat natuurlik in buitelandse geldeenhe gedenomineerd is. Die styging in die aandeel van die privaatsektor van 1995 tot 1996 was dan ook in 'n groot mate die gevolg van 'n waardasieaansuiwering wat plaasgevind het as gevolg van die depresiasie van die rand vanaf die einde van 1995 tot aan die einde van 1996. Verder is die styging in die aandeel van die privaatsektor gedryf deur bateruiltransaksies. Terwyl buitelandse partye wat by bateruil betrokke is in al vier die

geïdentifiseerde sektore in Suid-Afrika belê, word die grootste gedeelte van Suid-Afrika se bates in die buiteland, wat spruit uit bateruil, belê deur die privaatsektor. Dit blyk ook uit die data wat beskikbaar is dat buitelanders oorwegend meer in Suid-Afrikaanse effekte belê as in aandele, terwyl Suid-Afrikaanse instellings se voorkeur is om die grootste gedeelte van hul fondse in buitelandse aandele te belê en minder in buitelandse effekte (SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)).

Dit is bemoedigend om te sien dat die privaatsektor die grootste gedeelte van Suid-Afrika se buitelandse bates besit. Veral met die oog op die bevordering van uitvoer en die uitruiling van kennis is dit belangrik dat die privaatsektor se belegging in die buiteland steeds sterk groei toon. Laastens behoort Suid-Afrika ook die vrugte te pluk van 'n verbetering in die diensterekening van die betalingsbalans soos wat die rente en dividendinkomste op buitelandse beleggings vanuit die buiteland begin styg.

#### **6.5 Buitelandse belegging volgens instrument en termyn**

Indien daar slegs gekyk word na die verdeling van Suid-Afrika se buitelandse bates volgens termyn aan die einde van 1989 en aan die einde van 1996, blyk dit dat die langtermynkomponent slegs marginaal toegeneem het ten koste van die korttermynkomponent. Daar was egter 'n groot toename in langtermyn buitelandse bates tussen 1989 en 1996, met die langtermynkomponent wat 'n hoogtepunt bereik het van 84,7 persent aan die einde van 1992. Hierdie hoogtepunt is hoofsaaklik gedryf deur 'n toename van R18,4 miljard in aandele en reserwes van die privaatsektor en in 'n mindere mate toenames in die langtermyn buitelandse bates van ongeveer R2,3 miljard van die openbare owerhede, R1,1 miljard van die monetêre sektor en R1,9 miljard deur lenings van die privaat sektor vanaf die einde van 1989 tot aan die einde van 1992 (Tabel 60).

Vanaf die einde van 1992 tot aan die einde van 1996 het Suid-Afrika se korttermyn buitelandse bates weer teen 'n hoër koers toegeneem as die langtermyn buitelandse bates. Oor hierdie periode is die styging in die korttermyn buitelandse bates veral gedryf deur toenames van R5,4 miljard in die monetêre sektor en R5,6 miljard in die privaat sektor (Tabel 60). Die toename in die korttermyn buitelandse bates van die monetêre sektor is verteenwoordig deur 'n opbou van

reserwes deur die kommersiële banke sowel as die SA Reserwebank, terwyl die toename in korttermyn buitelandse bates van die privaatsektor gedryf is deur 'n groter mate van krediet wat toegestaan is aan buitelandse partye wat Suid-Afrikaanse produkte aangekoop het.

**Tabel 60: Verspreiding van buitelandse bates volgens termyn soos op jaareindes (goudreserwes uitgesluit) (persentasie)**

Aan die einde van	Korttermyn	Langtermyn	Totaal
1989	21,7	78,3	100,0
1990	17,2	82,8	100,0
1991	15,8	84,2	100,0
1992	15,3	84,7	100,0
1993	15,9	84,1	100,0
1994	17,4	82,6	100,0
1995	19,3	80,7	100,0
1996	20,3	79,7	100,0

**Bron: SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)**

Vanaf die einde van 1989 tot aan die einde van 1996 het die verhouding van die aandeelpremie, reserwes en onverdeelde winste tot totale buitelandse bates (uitgesonderd goudreserwes) afgeneem van 63,4 persent tot 59,4 persent. Die neiging van 'n stygende verhouding van die aandeelpremie, reserwes en onverdeelde winste tot totale buitelandse bates (uitgesonderd goudreserwes) vanaf 1956 tot 1988 is dus omgekeer in die periode 1989 tot 1996. Terwyl die aandeelpremie, reserwes en onverdeelde winste vir die hele periode van 1989 tot 1996 'n stewige positiewe groei koers behaal het, was die koers van toename van die ander items hoër as die van die aandeelpremie, reserwes en onverdeelde winste. Dit was veral die item obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite, wat vanweë die bateruiltransaksies skerp gestyg het gedurende 1995 en 1996, wat vir die afname in die aandeel van die aandeelpremie, reserwes en onverdeelde winste verantwoordelik was.

## 6.6 Geografiese verdeling van buitelandse bates

Die verdeling van Suid-Afrika se buitelandse bates volgens geografiese gebied oor die periode van 1989 tot 1996 lewer interessante resultate omrede daar groot verskuiwings in die verdeling



**Tabel 61 - Buitelandse bates van Suid-Afrika volgens geografiese gebied - 1996**

R miljoene

	Totaal	Europa	Noord- en Suid- Amerika	Afrika	Asië	Oseanië	Internas- ionale or- ganisasies	Nie toegedeel- nie
<b>Regstreekse belegging</b>								
Monetêre sektor.....	2969	2043	162	217	546	1	-	-
Langtermyn.....	1772	1246	149	40	337	-	-	-
Korttermyn.....	1197	797	13	177	209	1	-	-
Nie-monetêre-privaat sektor.....	112241	101839	5189	4442	164	599	-	8
Langtermyn.....	109735	100597	5026	3383	132	591	-	6
Gewone en ander aandele, nominale waarde.....	11586	10330	916	149	2	189	-	-
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins.....	93774	86420	3863	3083	-	402	-	6
Saldo's van takke en vennootskappe.....	58	7	42	6	3	-	-	-
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite.....	20	-	-	20	-	-	-	-
Verbande en langtermynlenings.....	4257	3817	204	109	127	-	-	-
Ander.....	40	23	1	16	-	-	-	-
Korttermyn.....	2506	1242	163	1059	32	8	-	2
<b>Totale regstreekse belegging.....</b>	<b>115210</b>	<b>103882</b>	<b>5351</b>	<b>4659</b>	<b>710</b>	<b>600</b>	-	<b>8</b>
<b>Onregstreekse belegging</b>								
Openbare owerhede.....	10057	6	-	89	-	-	9962	-
Langtermyn.....	10051	-	-	89	-	-	9962	-
Korttermyn.....	6	6	-	-	-	-	-	-
Openbare korporasies.....	949	434	134	358	23	-	-	-
Langtermyn.....	39	38	1	-	-	-	-	-
Korttermyn.....	910	396	133	358	23	-	-	-
Monetêre sektor.....	17065	2594	6314	1215	595	13	6	6328
Langtermyn.....	1463	222	47	965	227	-	-	2
Korttermyn.....	9693	2372	6267	250	368	13	-	423
Goudreserwes.....	5903	-	-	-	-	-	-	5903
Spesiale trekkingsregte.....	6	-	-	-	-	-	6	-
Nie-monetêre-privaat sektor.....	20938	8465	7961	1810	2289	223	-	190
Langtermyn.....	12584	4486	6332	280	1376	101	-	9
Gewone en ander aandele, nominale waarde.....	45	-	-	45	-	-	-	-
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins.....	225	-	-	225	-	-	-	-
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite.....	11488	4265	5782	-	1374	67	-	-
Verbande en langtermynlenings.....	721	180	500	-	-	33	-	8
Ander.....	105	41	50	10	2	1	-	1
Korttermyn.....	8354	3979	1629	1530	913	122	-	181
<b>Totale onregstreekse belegging.....</b>	<b>49009</b>	<b>11499</b>	<b>14409</b>	<b>3472</b>	<b>2907</b>	<b>236</b>	<b>9968</b>	<b>6518</b>
<b>Totale belegging</b>								
Openbare owerhede.....	10057	6	-	89	-	-	9962	-
Langtermyn.....	10051	-	-	89	-	-	9962	-
Korttermyn.....	6	6	-	-	-	-	-	-
Openbare korporasies.....	949	434	134	358	23	-	-	-
Langtermyn.....	39	38	1	-	-	-	-	-
Korttermyn.....	910	396	133	358	23	-	-	-
Monetêre sektor.....	20034	4637	6476	1432	1141	14	6	6328
Langtermyn.....	3235	1468	196	1005	564	-	-	2
Korttermyn.....	10890	3169	6280	427	577	14	-	423
Goudreserwes.....	5903	-	-	-	-	-	-	5903
Spesiale trekkingsregte.....	6	-	-	-	-	-	6	-
Nie-monetêre-privaat sektor.....	133179	110304	13150	6252	2453	822	-	198
Langtermyn.....	122319	105083	11358	3663	1508	692	-	15
Gewone en ander aandele, nominale waarde.....	11631	10330	916	194	2	189	-	-
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins.....	93999	86420	3863	3308	-	402	-	6
Saldo's van takke en vennootskappe.....	58	7	42	6	3	-	-	-
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite.....	11508	4265	5782	20	1374	67	-	-
Verbande en langtermynlenings.....	4978	3997	704	109	127	33	-	8
Ander.....	145	64	51	26	2	1	-	1
Korttermyn.....	10860	5221	1792	2589	945	130	-	183
<b>Totale buitelandse bates.....</b>	<b>164219</b>	<b>115381</b>	<b>19760</b>	<b>8131</b>	<b>3617</b>	<b>836</b>	<b>9968</b>	<b>6526</b>

Bron: SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)



plaasgevind het vanweë die liberalisering van valutabeheer sedert 1995 (Tabel 61). Die aandeel van Suid-Afrika se buitelandse bates in Europa het verder gegroei en verteenwoordig nou meer as 70 persent van die totale buitelandse bates (Tabel 62). Dit is egter verbasend dat Suid-Afrika se buitelandse bates in Europa nie verder gestyg het tussen die einde van 1993 en die einde van 1996 met die liberalisering van valutabeheer nie. Sekere Europese stede, soos byvoorbeeld Londen en Zurich, word geag as van die grootste en modernste finansiële sentrums in die wêreld en daar is groot aantal beleggingsmoontlikhede vir Suid-Afrikaanse instellings wat sedert 1995 toegelaat is om in die buiteland te belê.

Die antwoord op die vraag: "Waar het Suid-Afrikaanse instellings belê met die liberalisering van valutabeheer?" word egter gevind by die styging in die aandeel van die Amerika's in Suid-Afrika se totale buitelandse bates. Die aandeel van die Amerika's, en meer spesifiek die Verenigde State van Amerika, het na afloop van 'n skerp daling vanaf 10,4 persent aan die einde van 1989 tot 5,5 persent aan die einde van 1993, skerp gestyg tot 'n vlak van 12,0 persent aan die einde van 1996 (Tabel 62). Die rede hiervoor is te vinde in die prestasie van die aandelemarkte in die VSA, wat sedert die begin van die negentigerjare in 'n bulfase is. Die styging in die aandeel van die Amerika's is dus 'n teken dat Suid-Afrikaanse instellings hul huiswerk gedoen het met betrekking tot buitelandse portefeuljebeleggings, en hul geld belê het in 'n mark wat van die beste opbrengste lewer. 'n Verdere bydraende faktor is die sterkte van die VSA-dollar teenoor Suid-Afrikaanse

**Tabel 62: Verspreiding van buitelandse bates van Suid-Afrika volgens geografiese gebied soos op uitgesoekte jaareindes (persentasie)**

Geografiese gebied	Aan die einde van		
	1989	1993	1996
Europa	68,4	70,9	70,3
Amerika's	10,4	5,5	12,0
Afrika	6,9	5,9	4,9
Asië	2,0	2,9	2,2
Oseanië	0,1	0,1	0,5
Internasionale Organisasies	6,3	7,1	6,1
Nie toegedeel	5,9	7,6	4,0
Totaal	100,0	100,0	100,0

**Bron: SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)**



rand, wat reeds vir die belegger 'n opbrengs lewer deur die verswakking van die rand teenoor die VSA-dollar.

Die aandeel van Afrika in Suid-Afrika se buitelandse belegging, oor die tydperk onder beskouing, het weereens teleurstellend verloop. Afrika het aan die einde van 1996 minder as 5 persent van Suid-Afrika se buitelandse bates besit (Tabel 62). Hierdie persentasie sal moet styg indien die ideaal van groter samewerking, handel en beleggings tussen Suid-Afrika en die res van Afrika gaan realiseer. Die feit van die saak is egter dat Afrikalande eers hul eie huis in orde moet kry voordat enige noemenswaardige beleggings, en meer spesifiek langtermyn direkte beleggings, na die kontinent sal vloei. Geen belegger stel belang in 'n land waar korrupsie en misdaad hoogty vier, daar 'n beperking op die vrye vloei van kapitaal is, belastingkoerse te hoog is en vakbonde nie bereid is om saam met die besigheidsektor te werk om arbeidsprobleme op te los nie.

Terwyl die aandeel van Oseanië in Suid-Afrika se buitelandse bates tekens toon dat die gebied besig is om 'n groter deel van Suid-Afrika se buitelandse belegging te trek, is die aandeel van Asië oor die periode onder beskouing grotendeels onveranderd. Asië se aandeel in Suid-Afrika se buitelandse bates is in die negentiger jare negatief beïnvloed deur die Japanese aandelebeurs wat 'n beerfase beleef. Japan bly egter een van die belangrikste spelers in die wêreld ekonomie, en tesame met China wat veral sedert die vroeë negentiger jare op die voorgrond getree het, behoort Asië se aandeel in Suid-Afrika se buitelandse bates in die toekoms te styg.

Die aandeel van die Internasionale Organisasies, wat verteenwoordig word deur die beskikbare fasiliteit van Suid-Afrika by die IMF, het na 'n toename van die einde van 1989 tot aan die einde van 1993, weer teruggesak en aan die einde van 1996 was die aandeel slegs marginaal laer as aan die einde van 1989. Die verandering in die aandeel van die Internasionale Organisasies verteenwoordig nie 'n vloei van kapitaal nie en word egter hoofsaaklik beïnvloed deur wisselkoers bewegings. Dit is bemoedigend om te sien dat die aandeel van buitelandse bates wat nie aan enige gebied toegedeel word nie, afgeneem het sedert 1993 (Tabel 61). Hierdie neiging behoort voort te duur, omrede Suid-Afrikaanse maatskappye sedert die oorgang na 'n demokratiese regering gedurende 1994 nie werklik meer 'n rede het om nie die lande bekend te maak waarin hulle belê

nie.

## 6.7 Netto internasionale verpligtinge van Suid-Afrika

Terwyl Suid-Afrika se netto internasionale verpligting in die meeste jare voor 1989 toegeneem het, het daar in die tydperk 1989 tot 1996 dalings in drie periodes plaasgevind (Tabel 63). Wat egter duidelik na vore kom indien daar na die meegaande tabel gekyk word, is dat die persentasie verandering van Suid-Afrika se netto internasionale verpligtinge oor die tydperk onder beskouing baie gewissel het. Verder blyk dit dat die positiewe korrelasie wat bestaan het tussen die persentasie verandering in die netto internasionale verpligtinge en die persentasie verandering in die bruto binnelandse produk gedurende die periode 1956 tot 1988 nie meer bestaan het oor die periode 1989 tot 1996 nie.

Die persentasie verandering van die netto internasionale verpligtinge het na 'n aanvanklike negatiewe groei in 1989 en 1990 begin styg en veral sterk groei getoon van 1992 tot 1994. Aan die einde van die tydperk het die netto internasionale verpligtinge weer negatiewe groei aangeteken. Die dalings in die netto internasionale verpligtinge in 1989 en 1990 het voorgekom as gevolg van die terugbetaling van buitelandse skuld na afloop van die skuldstilstandooreenkoms sowel die as gebrek aan investering in Suid-Afrika. Daar was ook disinvestering uit Suid-Afrika.

Die netto internasionale verpligtinge van Suid-Afrika het positiewe groei aangeteken vanaf 1991 tot 1995 vanweë die ontbaning van politieke organisasies en die vooruitsig van demokratiese verkiesings wat 'n positiewe klimaat geskep het vir buitelandse beleggers. Vanaf die einde van 1991 tot die einde van 1994 het Suid-Afrika se netto internasionale verpligtinge inder waarheid meer as verdubbel, met die grootste styging van 39,6 persent wat gedurende 1994 aangeteken is (Tabel 63). Hierdie toename gedurende 1994 van buitelandse belegging in Suid-Afrika was die gevolg van die vreedsame verkiesing gedurende April 1994 wat buitelandse kapitaal gelok het en 'n skerp toename in buitelandse laste tot gevolg gehad het, sowel as die beperkings op Suid-Afrikaanse inwoners om in die buiteland te belê en sodoende die groeikoers van Suid-Afrika se buitelandse bates onderdruk het. Die invloed van kapitaal gedurende 1994 het dan ook die weg gebaan vir die afskaffing van die finansiële rand in Maart 1995.

Met die liberalisering van valutabeheer gedurende 1995, en die daaropvolgende beleggings van

**Tabel 63: Suid-Afrika se netto internasionale verpligtinge en groei in bruto binnelandse produk**

Aan die einde van	R miljoene	Jaarlike persentasie groei	Persentasie groei in BBP
1989	35265	-1,2	2,4
1990	34664	-2,8	-0,3
1991	34766	0,3	-1,0
1992	42435	22,1	-2,2
1993	51739	21,9	1,3
1994	72235	39,6	2,7
1995	77224	6,9	3,4
1996	76779	-0,6	3,2

**Bron: SARB, Kwartaalblad (Verskeie uitgawes)**

Suid-Afrikaanse instellings in die buiteland, het die groeikoers van Suid-Afrika se buitelandse bates ook gestyg en het die koers van toename van Suid-Afrika se netto internasionale verpligtinge gevolglik ook begin afneem. Dit sal interessant wees om te sien of die daling in Suid-Afrika se netto internasionale verpligtinge sal voortduur en of die afname gedurende 1996 net 'n eenmalige daling is. Dit behoort in 'n groot mate af te hang van die vordering wat deur die owerhede gemaak word met die verdere liberalisering van valutabeheer, wat weer bepaal sal word deur Suid-Afrika se betalingsbalansposisie.

Indien ons kyk na verduidelikings vir die gebrekkige korrelasie tussen die groei in netto internasionale verpligtinge en die groei in die bruto binnelandse produk, kan die oplossing eerstens gevind word in die grootskaalse veranderings waaraan die Suid-Afrikaanse ekonomie gedurende die negentigerjare onderworpe was. Verder blyk dit dat ook die wêreld ekonomie onderwerp is aan veranderings wat tot gevolg het dat sekere korrelasies, wat in die verlede duidelik uitgestaan het, besig is om te vervaag. Wat veral by die vooraf genoemde 'n rol speel is die groter wordende rol wat spekulante in die wêreldmarkte speel en die gemak waarmee kapitaal oor landsgrense heen geskuif kan word.

## 6.8 Samevatting

Suid-Afrika se buitelandse bates het oor die periode 1989 tot 1996 merkwaardige veranderinge ondergaan vanweë die politieke verwickelinge wat gelei het tot die herinskakeling van Suid-Afrika in die wêreld ekonomie. Die gemiddelde jaarlikse koers van toename van Suid-Afrika se buitelandse bates het vir die tydperk onder beskouing het op 18,2 persent te staan gekom, wat grotendeels gedryf is deur die liberalisering van valutabeheermaatreëls sowel as die depresiasie van die Suid-Afrikaanse rand gedurende 1996.

Suid-Afrika se regstreekse belegging in die buiteland het steeds teen 'n vinniger tempo as onregstreekse belegging toegeneem en teen die einde van 1996 meer as 70 persent van totale buitelandse bates verteenwoordig. Hierdie toename het plaasgevind nieteenstaande die toename in onregstreekse belegging wat voortgevloei het uit die bateruilmeganisme en ander vergunnings wat gelei het uit die verslapping in valutabeheer.

Terwyl slegs die monetêre sektor se aandeel in Suid-Afrika se totale buitelandse bates enige noemenswaardige groei aangeteken het van 1989 tot 1995, het die privaatsektor se aandeel tydens 1996 skerp gestyg en aan die einde van 1996 op meer as 80 persent te staan gekom. Hierdie toename kan toegeskryf word aan die verslapping van valutabeheer, herbelegde verdienste en die depresiasie van die rand gedurende 1996.

Die verhouding van Suid-Afrika se lang- en korttermyn buitelandse bates aan die einde van 1989 en aan die einde van 1996 was feitlik onveranderd, terwyl daar 'n toename voorgekom het ten gunste van die langtermyn buitelandse bates van 1990 tot 1992 en weer 'n afname van 1992 tot 1996. Aan die einde van 1996 het die langtermyn buitelandse bates ongeveer 80 persent van die totale buitelandse bates verteenwoordig.

Die geografiese verdeling van Suid-Afrika se buitelandse bates is oor die periode gekenmerk deur veranderings wat voortgevloei het uit die verslapping in valutabeheer. Terwyl die aandeel van Europa gestyg het tot meer as 70 persent, is die grootste gedeelte van die beleggings wat gemaak is deur die bateruilmeganisme belê in die Verenigde State van Amerika. Die aandeel van Afrika



het teruggesak tot minder as 5 persent.

Die persentasie verandering van Suid-Afrika se netto internasionale verpligtinge het oor die tydperk onder beskouing baie gewissel. Die positiewe korrelasie wat bestaan het tussen die persentasie verandering in die netto internasionale verpligtinge en die persentasie verandering in die bruto binnelandse produk gedurende die periode 1956 tot 1988 het ook nie meer bestaan oor die periode 1989 tot 1996 nie. Die gebrekkige korrelasie tussen die groei in netto internasionale verpligtinge en die groei in die bruto binnelandse produk, kan toegeskryf word aan die grootskaalse veranderings waaraan die Suid-Afrikaanse ekonomie gedurende die negentigerjare onderworpe was sowel as die veranderings waaraan die wêreld ekonomie onderworpe is, wat tot gevolg het dat sekere korrelasies, wat in die verlede duidelik uitgestaan het, besig is om te vervaag.

In hoofstuk 7 word die samevatting en bevindinge wat gemaak is met betrekking tot veranderlikes wat 'n invloed op 'n land se buitelandse laste en bates uitoefen, en hul onderlinge verwantskappe, uiteengesit.

## HOOFSTUK 7

### SAMEVATTING EN BEVINDINGE

#### 7.1 Samevatting

Die doel van hierdie hoofstuk is om 'n samevatting van die studie te verskaf en bevindinge wat gemaak is met betrekking tot veranderlikes wat 'n invloed op 'n land se buitelandse laste en bates uitoefen, en hul onderlinge verwantskappe, te bespreek.

Akkurate data met betrekking tot 'n land se buitelandse laste en bates is vir ekonomiese en meer spesifiek monetêre beleidsvorming van belang, omrede dit 'n invloed uitoefen op die betalingsbalans in sy geheel. Om hierdie rede word die Suid-Afrikaanse Reserwebank genoodsaak om sensusprojekte van stapel te stuur en daardeur nuwe hoogtemerke te bepaal om te verseker dat die data betroubaar bly in 'n veranderende ekonomiese klimaat. Die Suid-Afrikaanse Reserwebank maak gebruik van duidelik afgebakende riglyne vir die indeling van Suid-Afrika se buitelandse laste en bates.

Die Internasionale Monetêre Fonds verskaf riglyne vir die opstel van 'n land se buitelandse laste en bates in die betalingsbalanshandleiding-publikasie. Die Internasionale Monetêre Fonds verplig egter nie lidlande om hul state volgens vaste riglyne op te stel nie omrede omstandighede van individuele lande 'n rol speel in die wyse waarop elke land sy state sal opstel. Daar is egter sekere inligting wat elke land moet insamel met die oog op internasionale vergelykbaarheid tussen verskillende lande.

##### 7.1.1 Buitelandse laste van Suid-Afrika

Oor die periode 1956 tot 1988 het daar heelwat skommelings plaasgevind in die *groeiakoers van Suid-Afrika se buitelandse laste*, maar oor die periode as 'n geheel het Suid-Afrika se buitelandse laste stewige groei van gemiddeld 11,1 persent per jaar getoon. Oor die periode 1960 tot 1988 was die gemiddelde jaarlikse inflasiekoers 8,7 persent gewees, wat dui op 'n positiewe reële

groeikoers in Suid-Afrika se buitelandse laste. Daar het oor hierdie periode ook 'n duidelike korrelasie bestaan tussen die groeikoers van Suid-Afrika se buitelandse laste en die tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans. Oor die periode 1989 tot 1996 het die groeikoers van Suid-Afrika se buitelandse laste egter versnel en teen 'n gemiddelde jaarlikse koers van 15,8 persent toegeneem. Oor die ooreenstemmende periode was Suid-Afrika se gemiddelde jaarlikse inflasiekoers 11,7 persent gewees. Dit beteken dat Suid-Afrika se buitelandse laste oor die periode 1989 tot 1996 'n hoër reële groeikoers aangeteken het as vir die periode 1956 tot 1988. Die inverse korrelasie tussen die saldo op die lopende rekening en die groei in buitelandse laste is egter nie so duidelik waarneembaar oor periode 1989 tot 1996 nie.

Wat betref die verdeling van Suid-Afrika se *buitelandse laste volgens regstreekse en onregstreekse belegging*, is dit duidelik dat daar oor die periode 1956 tot 1988 'n grootskaalse verskuiwing plaasgevind het vanaf regstreekse belegging na onregstreekse belegging, alhoewel daar feitlik deurentyd stygings plaasgevind het in beide hierdie tipes belegging. Die toename in die aandeel van onregstreekse belegging het plaasgevind vanweë die toenemende belangstelling van buitelandse partye in Suid-Afrika se aandele- en effektebeurse, wat geklassifiseer word as onregstreekse belegging. Regstreekse buitelandse laste is ook gedurende die tagtigerjare geraak deur disinvestering deur buitelandse beleggers gedurende die sanksietydperk. Die verhouding van regstreekse en onregstreekse belegging tot totale belegging het vanaf 1989 tot 1996 feitlik onveranderd gebly, met slegs 'n marginale styging in regstreekse belegging ten koste van onregstreekse belegging oor die hele periode. Terwyl albei tipe beleggings toegeneem het, is die styging in onregstreekse buitelandse belegging gedryf deur die buitelandse aankope van Suid-Afrikaanse aandele en effekte, en die regstreekse buitelandse belegging veral deur die herbelegging van inkomste. Suid-Afrika het egter nie die verlangde regstreekse buitelandse belegging getrek om sodoende die werkloosheidsprobleem effektief aan te spreek nie.

Die ontleding van Suid-Afrika se *buitelandse laste volgens ekonomiese sektor* wys daarop dat, oor die periode 1956 tot 1996, die belegging in die privaatsektor die grootste gedeelte van Suid-Afrika se buitelandse laste verteenwoordig. Die aandeel van die privaatsektor het egter gedaal van 1956 tot 1988 ten gunste van veral die openbare owerhede en die openbare korporasies en vanaf 1989 tot 1996 ten gunste van die monetêre sektor. Die styging in die aandeel van die monetêre



sektor het plaasgevind vanweë buitelandse banke wat takke in Suid-Afrika geopen het en finansiering aan hierdie takke verskaf het. Data volgens ekonomiese sektor is egter oor die periode 1956 tot 1996 nie in geheel vergelykbaar nie, omrede lenings wat uit die buiteland verkry is deur die banksektor en dan deurgeleen is aan die ander drie sektore vir die periode 1956 tot 1988, toegedeel is as 'n buitelandse las van die eindgebruiker van die lening, naamlik die openbare owerhede, openbare korporasies en die privaatsektor, terwyl al hierdie lenings toegedeel is aan die banksektor vir die periode 1989 tot 1996.

Die *termynstruktuur van Suid-Afrika se buitelandse laste* van 1956 tot 1988 het geleidelik verskuif ten gunste van korttermyn buitelandse laste, met langtermyn buitelandse laste wat beweeg het van ongeveer 84 persent van totale buitelandse laste aan die einde van 1956 tot ongeveer 64 persent aan die einde van 1988. Terwyl die toename in langtermyn buitelandse laste relatief konstant was, was die korttermyn buitelandse laste onderhewig aan heelwat skommelings. Na afloop van 'n styging in die verhouding van langtermyn buitelandse laste tot korttermyn buitelandse laste van 1988 tot 1989, het die neiging van 'n verskuiwing vanaf langtermyn na korttermyn buitelandse laste oor die periode 1989 tot 1996 voortgeduur, alhoewel daar heelwat skommelings oor die tydperk plaasgevind het. Dit is egter moeilik om 'n tendens in die verdeling tussen kort- en langtermyn buitelandse laste te identifiseer, vanweë die volatiliteit van korttermyn kapitaalbewegings. Hierdie volatiliteit in korttermyn buitelandse laste vind plaas vanweë 'n verskeidenheid faktore waaronder ekonomiese beleidsmaatreëls, rentekoersverskille, werklike en verwagte wisselkoersveranderings en die waarde van goedere-invoer die belangrikste is.

Oor die periode 1956 tot 1988 was Europa verantwoordelik vir die grootste gedeelte van *Suid-Afrika se buitelandse laste volgens geografiese gebied*. Europa se aandeel het egter gedaal van ongeveer 76 persent in 1956 tot ongeveer 64 persent in 1988. Hierdie daling het plaasgevind vanweë 'n styging in die aandeel van die Amerika's en in 'n mindere mate Asië. Die toename in die belegging van die Amerika's in Suid-Afrika kan toegeskryf word aan die opkoms van die Verenigde State van Amerika as 'n supermoondheid. Vanaf 1989 tot 1996 was Europa nog steeds die belangrikste bron van buitelandse kapitaal vir die Suid-Afrikaanse ekonomie, al het Europa se aandeel in Suid-Afrika se totale buitelandse laste oor hierdie periode afgeneem. Terwyl die buitelandse laste teenoor Afrika van 1989 tot 1996 amper verdubbel het, is die regstreekse

belegging van Afrikalande in Suid-Afrika egter minder as 10 persent van Afrikalande se totale belegging in Suid-Afrika aan die einde van 1996.

Omrede betroubare data van die verdeling van Suid-Afrika se *buitelandse laste volgens die standaardnywerheidsklassifikasie*, wat ooreenstem met hersienings wat gedoen is op Suid-Afrika se buitelandse laste, slegs beskikbaar is vanaf 1989, kan die verdeling van Suid-Afrika se buitelandse laste volgens die standaardnywerheidsklassifikasie slegs gehanteer word vir die periode 1989 tot 1996. Die sektor finansies, versekering, vaste eiendom en sakedienste trek die grootste hoeveelheid buitelandse belegging en verteenwoordig bykans 'n derde van Suid-Afrika se totale buitelandse laste, terwyl die sektor landbou, jag en vissery die kleinste hoeveelheid buitelandse laste verteenwoordig met minder as 1 persent. Dit is egter so dat sekere sektore van 'n ekonomie tradisioneel volgens die aard van die bedrywigheid, nie werklik buitelandse beleggings trek nie. Oor die periode 1989 tot 1996 het die sektore landbou, bosbou en vissery, mynbou en steengroewery, elektrisiteit, gas en water, groot- en kleinhandel, verversing en akkommodasie, sowel as vervoer, opberging en kommunikasie se aandeel in Suid-Afrika se buitelandse laste gedaal het ten koste van die sektore fabriekswese, finansies, versekering, vaste eiendom en sakedienste sowel as gemeenskaps-, maatskaplike en persoonlike dienste.

### **7.1.2 Buitelandse bates van Suid-Afrika**

Vir die periode van 1956 tot 1988 was die gemiddelde *groeiakoers van Suid-Afrika se buitelandse bates* 13,2 persent per jaar. Die groeiakoers van Suid-Afrika se buitelandse bates oor die voorafgenoemde periode kan egter in twee fases ingedeel word. Die eerste fase was van 1956 tot 1977 toe die gemiddelde jaarlikse groeiakoers 9,5 persent was, en die tweede fase van 1977 tot 1988 toe die gemiddelde jaarlikse groeiakoers van Suid-Afrika se buitelandse bates tot 20,7 persent versnel het. Die gemiddelde jaarlikse koers van toename van Suid-Afrika se buitelandse bates vir die tydperk 1989 tot 1996 was 18,1 persent. Oor hierdie periode het die groeiakoers van Suid-Afrika se buitelandse bates sterk geskommel, maar deurentyd positief gebly. Oor die tydperk van 1956 tot 1996 het daar 'n sterk inverse korrelasie bestaan tussen die groeiakoers van Suid-Afrika se buitelandse bates en die jaarlikse persentasieverandering in die jaareind Rand/VSA-dollar wisselkoers, met slegs 'n paar uitsonderings.

Die verhouding van *regstreekse en onregstreekse buitelandse belegging* tot totale buitelandse belegging dui daarop dat regstreekse buitelandse belegging vanaf 1956, toe regstreekse belegging oor die tydperk onder beskouing op 'n algehele laagtepunt was, van 29,6 persent toegeneem tot 70,2 persent aan die einde van 1996, wat daarop dui dat Suid-Afrikaners as gevolg van valutabeheer nie toegang gehad het tot portefeulje-(onregstreekse) beleggings in die buiteland nie. Hierdie toename in regstreekse belegging het plaasgevind nieteenstaande die toename in onregstreekse belegging sedert 1995, wat voortgevloei het uit die bateruilmeganisme en ander vergunnings wat gelei het uit die verslapping in valutabeheer. Die grootste gedeelte van Suid-Afrika se regstreekse belegging in die buiteland, soos weergegee deur aandelekapitaal en reserwes, word verteenwoordig deur slegs 'n paar van Suid-Afrika se groot konglomerate. Die verdeling tussen regstreekse en onregstreekse belegging is oor die periode onder beskouing beïnvloed deur ekonomiese beleid waarvan valutabeheer die grootste invloed gehad het.

Die verdeling van *Suid-Afrika se buitelandse bates volgens ekonomiese sektor* dui daarop dat, behalwe vir die feit dat die privaatsektor die grootste gedeelte van Suid-Afrika se buitelandse laste en buitelandse bates besit, die verdeling tussen ekonomiese sektor van Suid-Afrika se buitelandse laste en bates merkbaar van mekaar verskil. Daar was 'n sterk toename in die aandeel van buitelandse bates van die privaatsektor vanaf ongeveer 53 persent in 1956 tot ongeveer 75 persent in 1988 en ongeveer 91 persent in 1996. Groot verskuiwings in die verdeling van Suid-Afrika se buitelandse bates volgens ekonomiese sektor het egter plaasgevind vanaf die einde van 1995 tot aan die einde van 1996. Dié verskuiwings is teweeg gebring deur die depresiasie van die rand gedurende 1996, sowel as die verslapping van valutabeheer. Die monetêre sektor besit naas die privaatsektor die grootste gedeelte van Suid-Afrika se buitelandse bates.

Terwyl die verdeling van *Suid-Afrika se buitelandse bates volgens termyn* heelwat volatiliteit getoon het, was daar tog 'n verskuiwing vanaf korttermyn buitelandse bates na langtermyn buitelandse bates van 1956 tot 1996. Hierdie volatiliteit kan toegeskryf word aan die groot skommelings in korttermyn buitelandse bates. Die korttermyn buitelandse bates word beïnvloed deur veranderlikes wat oor 'n kort tydperk 'n invloed op hierdie tipe bates kan uitoefen, soos byvoorbeeld rente- en wisselkoersveranderings. Die verdeling van *Suid-Afrika se buitelandse bates volgens instrument* dui daarop dat vanaf die einde van 1989 tot aan die einde van 1996 die

verhouding van die aandeelpremie, reserwes en onverdeelde winste tot totale buitelandse bates (uitgesonderd goudreserwes) afgeneem het van 63,4 persent tot 59,4 persent. Die neiging van 'n stygende verhouding van die aandeelpremie, reserwes en onverdeelde winste tot totale buitelandse bates (uitgesonderd goudreserwes) vanaf 1956 tot 1988 is dus omgekeer in die periode 1989 tot 1996.

*Die geografiese verdeling van Suid-Afrika se buitelandse bates* het van 1956 tot 1988 aanmerklik verander. Buitelandse bates in Europa het meer as verdubbel om ongeveer 70 persent van Suid-Afrika se buitelandse bates teen die einde van 1996 te verteenwoordig. Daarteenoor het Suid-Afrika se buitelandse bates in Afrika 'n skerp afname getoon vanaf ongeveer 31 persent in 1956 tot minder as 5 persent in 1996. Die aandeel van Suid-Afrika se buitelandse bates wat nie toegedeel is nie het ook baie gewissel, maar oor die periode as 'n geheel ook 'n stewige afname getoon. Hierdie bewegings en uiteindelijke afname kan toegeskryf word aan die wisselende vlak van Suid-Afrika se goudreserwes soos op jaareindes, sowel as die hoër groeikoers wat behaal is op Suid-Afrika se ander buitelandse bates relatief tot die groeikoers van die goudreserwes. Die geografiese verdeling van Suid-Afrika se buitelandse bates is vanaf 1995 gekenmerk deur veranderings wat voortgevloei het uit die verslapping in valutabeheer. Terwyl die aandeel van Europa gestyg het tot meer as 70 persent, is die grootste gedeelte van die beleggings wat gemaak is deur die bateruilmeganisme belê in die Verenigde State van Amerika.

*Netto internasionale verpligtinge* word eenvoudig gedefinieer as die verskil tussen 'n land se buitelandse laste en bates. Suid-Afrika se netto internasionale verpligtinge was oor die hele periode deurentyd positief, wat beteken dat Suid-Afrika se buitelandse laste groter as sy buitelandse bates was. Vir die periode 1956 tot 1988 het tydperke van betreklik hoë groei in die binnelandse ekonomie gepaard gegaan met 'n vinniger koers van toename in die netto internasionale verpligtinge, vanweë skerp toenames in die kapitaalinvloeiing vir die finansiering van infrastrukturele ontwikkeling en ander vorms van vaste investering. Die positiewe korrelasie wat bestaan het tussen die persentasie verandering in die netto internasionale verpligtinge en die persentasie verandering in die bruto binnelandse produk gedurende die periode 1956 tot 1988, het nie meer bestaan oor die periode 1989 tot 1996 nie. Die gebrekkige korrelasie tussen die groei in netto internasionale verpligtinge en die groei in die bruto binnelandse produk, kan

toegeskryf word aan die grootskaalse veranderings waaraan die Suid-Afrikaanse ekonomie gedurende die negentigerjare onderworpe is. 'n Land se netto internasionale verpligtinge word dus beïnvloed deur die ekonomiese groeikoers sowel as die stand van die totale betalingsbalansposisie. Op sy beurt word die ekonomiese groeikoers ook geraak deur politieke stabiliteit in 'n land.

## 7.2 Bevindinge

Soos enige ander ekonomiese grootheid word 'n land se buitelandse laste en bates beïnvloed deur 'n verskeidenheid veranderlikes. Die somtotaal van hierdie veranderlikes lei tot 'n verandering in die ekonomiese grootheid. Ons gaan nou kyk na die veranderlikes wat 'n invloed op 'n land se buitelandse laste en bates uitoefen. Daar sal in totaal twaalf veranderlikes bespreek word, nie noodwendig in rangorde van belangrikheid nie, waarvan sommige op beide 'n land se buitelandse laste en bates 'n invloed uitoefen, terwyl ander slegs 'n invloed uitoefen op of buitelandse laste of buitelandse bates.

In die *eerste* plek beïnvloed die *saldo op die lopende rekening van die betalingsbalans* van 'n land die buitelandse laste sowel as buitelandse bates. Die invloed wat deur hierdie veranderlike uitgeoefen word is van toepassing op 'n land se korttermyn buitelandse laste en bates, deur onderskeidelik die hoeveelheid krediet wat aan 'n binnelandse party toegestaan word wanneer produkte en dienste ingevoer word en die hoeveelheid krediet wat aan 'n buitelandse party toegestaan word wanneer produkte en dienste uitgevoer word. Hierdie veranderlike sal veroorsaak dat beide 'n land se buitelandse laste en bates styg wanneer invoer- en uitvoeromset toeneem en daal wanneer invoer- en uitvoeromset afneem. Die saldo op die lopende rekening van die betalingsbalans sal weer die bepalende faktor wees of die netto verpligtinge (gewoonlik korttermynverpligtinge) van 'n land sal styg of daal. Indien 'n land 'n surplus op die lopende rekening van die betalingsbalans aanteken, sal die netto korttermyn buitelandse verpligtinge van daardie land afneem, terwyl 'n tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans sal lei tot 'n toename in die netto korttermyn buitelandse verpligtinge van daardie land. 'n Tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans sal lei tot 'n versnelling in die groeikoers van buitelandse laste terwyl 'n surplus op die lopende rekening van die betalingsbalans sal lei tot 'n verlangsaming in die groeikoers van buitelandse laste. Die omgekeerde geld ook vir die buitelandse bates van 'n

land.

In die *tweede* plek beïnvloed die *vlak van wisselkoerse* sowel as *verwagte wisselkoerse* die buitelandse laste en bates van 'n land. Die vlak van wisselkoerse het grootliks 'n invloed op die buitelandse bates van 'n land omrede die buitelandse bates hoofsaaklik in buitelandse geldeenhede gedenomineer is en die waardasie van buitelandse bates gedoen word teen jaareind-wisselkoerse. 'n Depresiasie van 'n land se wisselkoers sal dus lei tot 'n verhoging in buitelandse bates as gevolg van die waardering van die land se bates teen 'n swakker wisselkoers. Dieselfde prinsipe geld in 'n mindere mate vir 'n land se buitelandse laste omrede die grootste gedeelte van 'n land se buitelandse laste in die land se eie geldeenheid gedenomineer is. Dit sal egter afhang van die hoeveelheid lenings van 'n land wat in buitelandse valuta gedenomineer is. Die verwagtings met betrekking tot 'n land se wisselkoers sal 'n omgekeerde uitwerking op buitelandse laste hê teenoor buitelandse bates. Indien buitelandse beleggers verwag dat 'n land se wisselkoers gaan depresieer, sal beleggers nie in daardie land belê nie, omrede die depresiasie veroorsaak dat die opbrengs op hul beleggings, in hul eie geldeenheid, deur die verswakking van die wisselkoers verwater word. Die verwagte opbrengs op beleggings in daardie land moet dus die verwagte depresiasie van die land se wisselkoers oorskry voordat 'n reële opbrengs in die belegger se geldeenheid moontlik is. Die verwagting van 'n depresiasie in 'n land se wisselkoers het dus 'n negatiewe uitwerking op beleggings in daardie land. Die buitelandse bates van 'n land behoort egter weer te styg indien daar verwag word dat die land se wisselkoers gaan depresieer, omrede die depresiasie van die wisselkoers reeds vir die belegger 'n opbrengs lewer nog voordat die belegger rente, dividende of kapitaalwins in die buiteland verdien het. Die verwagting van 'n depresiasie in 'n land se wisselkoers het dus 'n positiewe uitwerking op beleggings in die buiteland. Die omgekeerde is natuurlik ook waar in beide gevalle indien 'n appresiasie van 'n land wisselkoers verwag word.

In die *derde* plek beïnvloed *rentekoersdifferensiale* die buitelandse laste en bates van 'n land. Hierdie veranderlike het veral 'n invloed op die belegging in effekte. Rentekoerse word, eenvoudig gestel, bepaal deur die vraag na en aanbod van geld. Verder word rentekoerse beïnvloed deur risiko, inflasie sowel as 'n land se wisselkoers. Dit is dus nie so eenvoudig dat 'n mens kan sê omrede Suid-Afrika se rentekoers op staatseffekte byvoorbeeld 15 persent is en die Verenigde State van Amerika byvoorbeeld 6 persent is, dat dit 'n beter belegging is om in Suid-Afrika se



staatseffekte te belê nie. Dit is egter so dat indien alle veranderlikes wat 'n keuse tussen twee beleggings in twee verskillende lande beïnvloed gelyk is aan mekaar, die land met die hoogste reële rentekoers die meeste beleggings sal trek.

In die *vierde* plek oefen 'n land se *ekonomiese groeikoers* 'n invloed uit op die buitelandse laste en bates van daardie land. 'n Hoë ekonomiese groeikoers sal 'n styging in 'n land se buitelandse laste veroorsaak, omrede maatskappywinste hoër sal wees in 'n land met 'n hoë ekonomiese groeikoers as in 'n land met 'n lae ekonomiese groeikoers. 'n Hoë ekonomiese groeikoers verhoog die aantreklikheid van 'n land vir buitelandse beleggers. Die buitelandse bates van 'n land behoort in 'n mindere mate te styg met 'n hoë ekonomiese groeikoers. Die rede hiervoor is dat die binnelandse belegger groter winste kan maak in sy eie land as in die buiteland. Hoë ekonomiese groei sal egter die welvaart van die mense in 'n land verhoog, wat aan hulle meer fondse besorg om in die buiteland te belê om hul beleggings te diversifiseer.

In die *vyfde* plek beïnvloed 'n land se wetgewing ten opsigte van *belasting en arbeid* die buitelandse laste en bates van dié land. 'n Meer omvattende begrip hiervoor is die beleggingsklimaat wat geskep word in 'n land. Dit is vir 'n buitelandse belegger nodig om vertrouwd te wees met alle faktore wat tot die beleggingsklimaat bydra, alvorens enige fondse in die buiteland belê word. Dit is veral belangrik vir 'n land wat direkte buitelandse beleggings wil verdien om 'n balans te handhaaf tussen belastinginkomste, en die afskrik van buitelandse beleggers deur die instel van 'n te hoë belastingkoers op maatskappye. Verder kan belastings op dividende en kapitaalwinste ook buitelandse portefeuljebeleggings verlaag. Rigiede en onpraktiese arbeidswetgewing sal op sy beurt lei tot 'n daling in produktiwiteit en 'n styging in arbeidskoste wat weer lei tot 'n gepaardgaande daling in winste. Buitelandse beleggers hou dus ook die arbeidsituasie in 'n land fyn dop wanneer 'n besluit gemaak moet word om in 'n land te belê. Die beleggingsklimaat het dus 'n uitwerking op beide 'n land se buitelandse laste en bates.

In die *sesde* plek sal *valutabeheer* 'n negatiewe invloed op 'n land se buitelandse laste en bates uitoefen. Buitelandse beleggers stel nie belang om in 'n land te belê indien hulle nie seker is dat hulle hul kapitaal kan onttrek wanneer hulle wil nie. Op die korttermyn kan valutabeheer die uitvloei van kapitaal uit 'n land vertraag, maar die verlies aan toekomstige beleggings is veel groter



as die huidige behoud van kapitaal. Die buitelandse bates van 'n land sal natuurlik ook benadeel word omrede die owerhede slegs sekere tipe buitelandse beleggings toelaat en selfs kan vereis dat sekere bestaande buitelandse beleggings gelikwieder en gerepatrieer moet word, wat 'n verlaging in buitelandse bates teweeg bring.

In die *sewende* plek sal die *kapitaalintensiteit van die produksieproses* die buitelandse laste van 'n land beïnvloed. 'n Toename in die kapitaalintensiteit van die produksieproses sal lei tot 'n toename in die vraag na kapitaaltoerusting. Indien hierdie toerusting nie deur binnelandse vervaardigers geproduseer word nie, sal dit van die buiteland af ingevoer word. Kapitaaltoerusting is gewoonlik duur en moet deur middel van binnelandse en/of buitelandse lenings gefinansier word. In die geval van buitelandse finansiering sal die buitelandse laste van 'n land toeneem. Met die integrasie van Suid-Afrika as deel van die wêreld ekonomie in die negentigerjare moes maatskappye rasionaliseer wat beteken dat daar 'n styging in die invoer van kapitaaltoerusting plaasgevind het. Hierdie styging het ook bygedra tot die toename in Suid-Afrika se buitelandse laste.

In die *agste* plek beïnvloed die *binnelandse spaargeneigdheid* die buitelandse laste en bates van 'n land. 'n Hoë vlak van binnelandse besparing sal in 'n groot mate in die binnelandse investeringsbehoefte voorsien en dus die behoefte aan buitelandse kapitaal vir binnelandse investering verminder. Suid-Afrika het egter, aan internasionale standarde gemeet, 'n lae binnelandse besparingsvlak en 'n groot behoefte aan buitelandse kapitaal om binnelandse investering te finansier, wat lei tot 'n toename in buitelandse laste. 'n Lae vlak van binnelandse besparing beteken ook dat Suid-Afrikans nie oor die fondse beskik om groot buitelandse beleggings te maak nie, wat ook lei tot 'n laer vlak van buitelandse bates as wat andersins moontlik sou gewees het.

In die *negende* plek beïnvloed die *politieke stabiliteit*, of liever die gebrek daaraan, die buitelandse laste van 'n land. Politieke onstabielheid skrik buitelandse beleggers af wat lei tot die uitvloei van beleggingskapitaal en die gepaardgaande afname in buitelandse reserwes. Hierdie veranderlike het veral 'n invloed op ontwikkelende lande soos Suid-Afrika. Suid-Afrika is ook veral kwesbaar omrede die land 'n jong demokrasie is. Die senuagtigheid voor 'n verkiesing lei ook

gewoonlik daartoe dat gerugte die rondte doen, van veranderings wat beplan word na afloop van die verkiesing, en daardeur kan lei tot 'n uitvloei van kapitaal.

In die *tiende* plek beïnvloed die *vlak van buitelandse reserwes* die buitelandse bates van 'n land. Omrede die buitelandse goud- en valutareserwes ingesluit is in die buitelandse bates van Suid-Afrika, beïnvloed die vlak van buitelandse reserwes op jaareinde die buitelandse bates van Suid-Afrika. Hierdie invloed het egter kleiner geword soos wat Suid-Afrika se ander buitelandse bates gegroei het en die aandeel van buitelandse reserwes in buitelandse bates minder belangrik geword het. In die vroeër jare het die vlak van Suid-Afrika se goudreserwes veral 'n beduidende invloed op die bewegings van Suid-Afrika se buitelandse bates gehad.

In die *elfde* plek beïnvloed die *ontwikkelingsvlak* die buitelandse laste en bates van 'n land. 'n Ontwikkelende land het 'n groter behoefte aan buitelandse kapitaal as 'n ontwikkelde land en het terselfdertyd nie die kapitaal beskikbaar om in die buiteland te belê nie. Dit volg dus hieruit dat 'n ontwikkelende land se netto internasionale verpligtinge groter sal wees as dié van 'n ontwikkelde land. 'n Ontwikkelende land het dan ook 'n groot behoefte aan direkte belegging uit die buiteland om daardeur infrastruktuur te ontwikkel en werksgeleenthede te skep.

*Laastens* speel die *leningsbehoefte van die sentrale regering* 'n rol in die vlak van 'n land se buitelandse laste. Die buitelandse finansiering van 'n land se begrotingstekort lei tot 'n toename in buitelandse laste. Dit is nie noodwendig negatief vir 'n land indien die regering van buitelandse finansiering gebruik maak nie, omrede buitelandse finansiering die druk op die binnelandse kapitaalmark verlig en dus 'n groter hoeveelheid kapitaal beskikbaar stel aan die privaatsektor. Indien die sentrale regering egter oormatig van buitelandse finansiering gebruik maak, sal die regering se buitelandse rentebetelings druk op die lopende rekening van die betalingsbalans plaas. Dit sal lei tot 'n daling in buitelandse reserwes en 'n verswakking in die wisselkoers van die land. Die meerderheid van die sentrale regering se buitelandse lenings is in buitelandse geldeenhede gedenomineer en 'n verswakking in die wisselkoers sal dus lei tot 'n hoër terugbetalingsbedrag in rand op die vervaldatum van die lenings.

Die voorafgaande navorsing het getoon dat daar 'n noue verwantskap bestaan tussen die



betalingsbalans en buitelandse laste en bates van 'n land. Verder bestaan daar ook verwantskappe met ander ekonomiese en politieke veranderlikes wat hierbo uiteengesit is. Die buitelandse laste en bates van 'n land is net die resultate van die invloed van al die ekonomiese en politieke veranderlikes, maar deur 'n historiese ontleding sien ons dat daar heelwat lesse te leer is uit hierdié resultate. 'n Land soos Suid-Afrika, wat op die opwindende ekonomiese pad van globalisering beweeg, sal moet aandag gee aan al die veranderlikes wat sy buitelandse laste en bates beïnvloed, indien die land saam met die groot spelers in die wêreld ekonomie wil beweeg. Dit is veral met die oog op werkskepping en die lae vlak van binnelandse besparing, dat die klem moet val op die ontwikkeling van Suid-Afrika as 'n aantreklike beleggingsbestemming, wat veral in staat is om direkte buitelandse belegging te lok.

## ADDENDUM 1

### Hoofdelings, Afdelings en Hoofgroepe van die Kodestelsel van die Standaardnywerheidsklassifikasie

Titel van kategorie	Afdeling	Hoofgroep
<u>Hoofafdeling 1: Landbou, jag, bosbou en vissery</u>		
Landbou, jag en verwante dienste	11	
Gewasverbouing; groentetuine; tuinbou		111
Veeboerdery		112
Kweek van gewasse gekombineer met veeboerdery (gemengde boerdery)		113
Landbou- en veeteeltdienste, uitgesonderd veeartsenywerksaamhede		114
Jag, vang van wild en wildeelt, insluitende verwante dienste		115
Produksie van organiese misstof		116
Bosbou-, houtkappery en verwante dienste	12	
Bosbou- en verwante dienste		121
Houtkappery en verwante dienste		122
Vissery, die bedryf van vistelerye en -plase	13	
Diepsee- en kusvissery		131
Vistelerye en -plase		132
<u>Hoofafdeling 2: Mynwese en steengroefwerk</u>		
Steenkool- en ligietontginning	21	210
Ekstrahering van ru-petroleum en natuurlike gas; dienswerksaamhede bykomstig tot ekstrahering van olie en gas, met uitsluiting van opmeting	22	221
Ontginning van goud- en uraanerts	23	230
Ontginning van metaalerts, uitgesonderd goud en uraan	24	
Ontginning van ystererts		241
Ontginning van nie-ystermetaalhoudende ertse, uitgesonderd goud en uraan		242
Ander mynbedrywighede en steengroewe	25	



Steen-, klei- en sandgroewe		251
Ontginning van diamante (met inbegrip van alluviale diamante)		252
Myn- en steengroefbedrywighe n.e.g.		253
Dienswerkzaamhede bykomstig by ontginning van minerale	29	290
<b>Hoofafdeling 3: Fabriekswese</b>		
Vervaardiging van voedselprodukte, drank en tabakprodukte	30	
Produksie, verwerking en preservering van vleis, vis, vrugte, groente, olies en vette		301
Vervaardiging van suiwelprodukte		302
Vervaardiging van graanmeulprodukte, stysels en styselprodukte en bereide veevoer		303
Vervaardiging van ander voedselprodukte		304
Vervaardiging van drank		305
Vervaardiging van tabakprodukte		306
Vervaardiging van tekstielstowwe, klerasie en leergoedere	31	
Spin, weef en afwerk van tekstielstowwe		311
Vervaardiging van ander tekstielstowwe		312
Vervaardiging van gebreide en gehekelde materiaal en artikels		313
Vervaardiging van klerasie, behalwe klere van pels		314
Bewerking en kleur van pels; vervaardiging van pelsartikels		315
Looi en afwerk van leer; vervaardiging van bagasie; handsakke, saals en tuie		316
Vervaardiging van skoeisel		317
Vervaardiging van hout en van produkte van hout en kurk, behalwe meubels; vervaardiging van artikels van strooi- en vlegmateriaal; vervaardiging van papier en papierprodukte; uitgewery en reprodusering van opgeneemde media	32	
Saag en skaaf van hout		321
Vervaardiging van produkte van hout, kurk, strooi en vlegmateriaal		322
Vervaardiging van papier en papierprodukte		323

Uitgewery		324
Drukwerk en dienswerkzaamhede verwant aan drukwerk		325
Reprodusering van opgeneemde media		326
Vervaardiging van kooks, geraffineerde petroleumprodukte en kernbrandstof; vervaardiging van chemikalieë en chemiese produkte; vervaardiging van rubber- en plastiekprodukte	33	
Vervaardiging van produkte van kooksoonde		331
Petroleumraffinaderye/-sintetiseerders		332
Verwerking van kernbrandstof		333
Vervaardiging van basiese chemikalieë		334
Vervaardiging van ander chemiese produkte		335
Vervaardiging van kunsvesels		336
Vervaardiging van rubberprodukte		337
Vervaardiging van plastiekprodukte		338
Vervaardiging van ander nie-metaalhoudende mineraalprodukte	34	
Vervaardiging van glas en glasprodukte		341
Vervaardiging van nie-metaalhoudende mineraalprodukte n.e.g.		342
Vervaardiging van basiese metale, vervaardigde metaalprodukte, masjinerie en uitrusting en van kantoor-, reken- en rekenaarmasjinerie	35	
Vervaardiging van basiese yster en staal		351
Vervaardiging van basiese edel en nie-ystermetale		352
Giet van metale		353
Vervaardiging van struktuurmetaalprodukte, tenks, reservoirs en stoomopwekkers		354
Vervaardiging van ander gefabriseerde metaalprodukte; dienswerkzaamhede vir metaalwerk		355
Vervaardiging van masjinerie vir algemene doeleindes		356
Vervaardiging van masjinerie vir spesiale doeleindes		357
Vervaardiging van huishoudelike toestelle n.e.g.		358
Vervaardiging van kantoor-, boekhou-, en rekenaarmasjinerie		359
Vervaardiging van elektriese masjinerie en apparaat n.e.g.	36	



Vervaardiging van elektriese motore, generators en transformators		361
Vervaardiging van elektrisiteitsverspreidings- en beheerapparatuur		362
Vervaardiging van geïsoleerde draad en kabel		363
Vervaardiging van akkumulators, primêre selle en primêre batterye		364
Vervaardiging van elektriese lampe en verligtingsuitrusting		365
Vervaardiging van ander elektriese uitrusting n.e.g.		366
Vervaardiging van radio-, televisie-, en kommunikasie-uitrusting en apparaat van mediese, presisie- en optiese instrumente, horlosies en uurwerke	37	
Vervaardiging van elektroniese lampe en buise en ander elektroniese komponente		371
Vervaardiging van televisie- en radiosenders en apparaat vir lyntelefonie en lyntelegrafie		372
Vervaardiging van televisie- en radio-ontvangstoestelle, klank- en video opname- of reproduksie-apparaat en verwante goedere		373
Vervaardiging van mediese toestelle en instrumente en toestelle vir meet-, kontrole-, toets-, navigasie- en ander doeleindes, behalwe optiese instrumente		374
Vervaardiging van optiese instrumente en fotografiese uitrusting		375
Vervaardiging van horlosies en uurwerke		376
Vervaardiging van vervoeruitrusting	38	
Vervaardiging van motorvoertuie		381
Vervaardiging van bakwerk vir motorvoertuie; vervaardiging van sleepwaens en leunwaens		382
Vervaardiging van onderdele en toebehore vir motorvoertuie en hulle enjins		383
Bou en herstel van skepe en bote		384
Vervaardiging van spoorweg- en tremweglokomotiewe en rollende materiaal		385
Vervaardiging van vliegtuie en ruimtetuie		386
Vervaardiging van vervoeruitrusting n.e.g.		387
Vervaardiging van meubels; vervaardiging n.e.g.; herwinning	39	
Vervaardiging van meubels		391





Vervaardiging n.e.g.		392
Herwinning n.e.g.		395
<u>Hoofafdeling 4: Elektisiteit-, gas- en watervoorsiening</u>		
Elektrisiteit-, gas-, stoom- en warmwatervoorsiening	41	
Produksie, versameling en verspreiding van elektrisiteit		411
Vervaardiging van gas; verspreiding van gasagtige brandstof deur hoofleidings		412
Stoom- en warmwatervoorsiening		413
Versameling, suiwering en verspreiding van water	42	420
<u>Hoofafdeling 5: Konstruksie</u>		
Konstruksie	50	
Terreinvoorbereiding		501
Bou van volledige konstruksies of dele daarvan; siviele ingenieurswese		502
Bouinstallasie		503
Bouafwerking		504
Verhuur van konstruksie- of slopingsuitrusting met bestuurders/bedieners		505
<u>Hoofafdeling 6: Groot- en kleinhandel; herstel van motorvoertuie, motorfietse en persoonlike en huishoudelike goedere; hotelle en restaurante</u>		
Groothandel en kommissiehandel, behalwe van motorvoertuie en motorfietse	61	
Groothandel op 'n vergoeding- of kontrakbasis		611
Groothandel in onverwerkte lanboumateriaal, lewende hawe, voedsel, drank en tabak		612
Groothandel in huishoudelike goedere		613
Groothandel in nie-landbou intermediêre produkte en afval		614
Groothandel van masjinerie, toerusting en voorraad		615
Ander groothandel		619



Kleinhandel, behalwe motorvoertuie en motorfietse, herstel van huishoudelike en persoonlike goedere	62	
Nie-gespesialiseerde kleinhandel in winkels		621
Kleinhandel in voedsel, drank en tabak in gespesialiseerde winkels		622
Ander kleinhandel in nuwe goedere in gespesialiseerde winkels		623
Kleinhandel in tweedehandse goedere in winkels		624
Kleinhandel nie in winkels nie		625
Herstel van persoonlike en huishoudelike goedere		626
Verkope, instandhouding en herstel van motorvoertuie en motorfietse; kleinhandel in brandstof	63	
Verkope van motorvoertuie		631
Instandhouding en herstel van motorvoertuie		632
Verkope van motorvoertuigonderdele en -toebehore		633
Verkope, instandhouding en herstel van motorfietse en verwante onderdele en toebehore		634
Kleinhandelverkope van motorbrandstof		635
Hotelle en restaurante	64	
Hotelle, kampeerterreine en ander voorsiening vir kortverblyfakkommodasie		641
Rsetaurante, kroee en kantiene		642
<u>Hoofafdeling 7: Vervoer, opberging en kommunikasie</u>		
Landvervoer; vervoer per pypeleiding	71	
Spoorwegvervoer		711
Ander landvervoer		712
Vervoer per pypeleiding		713
Watervervoer	72	
See- en kuswatervervoer		721
Binnelandse watervervoer		722
Lugvervoer	73	730



Ondersteunende en hulpwerkzaamhede verwant aan vervoer; werkzaamhede van reisagente	74	741
Pos en telekommunikasie	75	
Pos- en verwante koerierwerkzaamhede		751
Telekommunikasie		752
<u>Hoofafdeling 8: Finansiële tussengangs-, versekering-, vaste-eiendoms- en besigheidsdienste</u>		
Finansiële tussengang, behalwe versekering en pensioenbefondsing	81	
Monetêre tussengang		811
Ander finansiële tussengang n.e.g.		819
Versekerings- en pensioenbefondsing, behalwe verpligte bestaansbeveiliging	82	821
Hulpwerkzaamhede vir finansiële tussengang	83	
Hulpwerkzaamhede vir finansiële tussengang, behalwe versekerings- en pensioenbefondsing		831
Hulpwerkzaamhede vir versekerings- en pensioenbefondsing		832
Vaste-eiendomswerkzaamhede	84	
Vaste-eiendomswerkzaamhede met eie of gehuurde eiendom		841
Vaste-eiendomswerkzaamhede op 'n vergoedings- of kontrakbasis		842
Verhuur van masjinerie en uitrusting, sonder bedieners, en van persoonlike en huishoudelike goedere	85	
Verhuur van vervoeruitrusting		851
Verhuur van ander masjinerie en uitrusting		852
Verhuur van persoonlike en huishoudelike goedere n.e.g.		853
Rekenaar- en verwante werkzaamhede	86	
Apparatuurraadgewing		861
Programmatuurraadgewing en -voorsiening		862
Dataverwerking		863
Databasiswerkzaamhede		864
Instandhouding en herstel van kantoor-, boekhou- en rekenaarmasjinerie		865



Ander rekenaarverwantewerksaamhede		869
Navorsing en ontwikkeling	87	
Navorsing en eksperimentele ontwikkeling i.v.m. natuurwetenskappe en ingenieurswese		871
Navorsing en eksperimentele ontwikkeling i.v.m. sosiale en geesteswetenskappe		872
Ander besigheidswerksaamhede	88	
Regs-, rekening-, boekhou- en ouditeringsdienste; belastingkonsultering; marknavorsing en openbare meningspeiling; besigheids- en bestuurskonsultering		881
Argiteks-, ingenieurs- en ander tegniese werksaamhede		882
Reklame		883
Besigheidswerksaamhede n.e.g.		889
<u>Hoofafdeling 9: Gemeenskaps-, maatskaplike en persoonlike dienste</u>		
Publieke-administrasie en verdedigingswerksaamhede	91	
Sentrale-owerheidswerksaamhede		911
Streeksdiensteradewerksaamhede		912
Plaaslike-owerheidswerksaamhede		913
Onderwys	92	
Onderwysdienste		920
Gesondheids- en maatskaplike werk	93	
Mensgerigte gesondheidswerksaamhede		931
Veeartsenywerksaamhede		932
Maatskaplike-werkwerksaamhede		933
Ander gemeenskaps-, maatskaplike en persoonlike werksaamhede	94	
Riool- en vullisverwydering, sanitasie en soortgelyke werksaamhede		940
Werksaamhede van lede-organisasies n.e.g.	95	
Werksaamhede van besigheids-, werkgewers- en professionele organisasies		951
Werksaamhede van vakverenigings		952



Wersaamhede van ander lede-organisasies		959
Ontspannings-, kulturele en sportwersaamhede	96	
Rolprent-, radio-, televisie- en ander vermaaklikheidswersaamhede		961
Nuusagentskapwersaamhede		962
Biblioteek-, argief-, museum- en ander kulturele wersaamhede		963
Sport- en ander ontspanningswersaamhede		964
Ander dienswersaamhede	99	990
<u>Hoofafdeling 0: Private huishoudings, eksterritoriale organisasies, verteenwoordigers van buitelandse regerings en ander wersaamhede nie voldoende omskryf nie</u>		
Private huishoudings met persone in diens	01	010
Eksterritoriale organisasies	02	020
Verteenwoordigers van buitelandse regerings	03	030
Ander wersaamhede nie voldoende omskryf nie	09	090

**Bron: Statistieke Suid-Afrika, 1993:3-10.**

**BIBLIOGRAFIE**

BROWN W.S. 1988: *Macroeconomics*. Prentice-Hall Inc, New Jersey: 219.

FRANKEL, S.H. 1938: *Capital Investment in Africa*. Oxford University Press, London: 75.

INTERNASIONALE MONETÊRE FONDS. 1993. Balance of Payments Compilation Manual (Fifth Edition). Washington D.C.: IMF.

INTERNASIONALE MONETÊRE FONDS. 1995. Balance of Payments Compilation Guide. Washington D.C.: IMF.

STALS, C.L. 1996. Exchange control: How critical is it? Toespraak gelewer by die Europa-Suid-Afrika Besigheids en Finansies Forum. Cannes, Jun.

STATISTIEKE SUID-AFRIKA (SSA). 1993. Standaardnywerheidsklassifikasie van alle Ekonomiese Bedrywighede (Vyfde Uitgawe): iii-xi en 3-10, Maart.

SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK. 1958. Die buitelandse laste en bates van die Unie van Suid-Afrika - Finale resultate van die 1956-sensus. Bylaag tot die Statistiese Kwartaalblad: 7-12, Des.

SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK. 1960. Die buitelandse laste en bates van die Unie van Suid-Afrika 1956-1959. Bylaag tot die Statistiese Kwartaalblad: 3-4, Sept.

SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK. 1962. Die buitelandse laste en bates van die Republiek van Suid-Afrika 1956-1961. Bylaag tot die Statistiese Kwartaalblad: 5-8, Des.

SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK. 1965. Die kapitaalbewegings in die Suid-Afrikaanse betalingsbalans vir die jare 1956 tot 1964. Kwartaalblad: xxxv, Jun.



SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK. 1976. Die tweede Sensus van Buitelandse Transaksies, Laste en Bates, 31 Desember 1973. Bylae tot die Suid-Afrikaanse Reserwebank Kwartaalblad: 7-13, Maart.

SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK. 1982. Derde Sensus van Buitelandse Transaksies, Laste en Bates, 31 Desember 1980. Bylaag tot die Kwartaalblad: 9-15, Des.

SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK. 1988. Opmerkings oor Suid-Afrika se buitelandse laste en bates. Kwartaalblad: 58, Mrt.

SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK. 1993. Vierde Sensus van Buitelandse Transaksies, Laste en Bates, 31 Desember 1989. Bylaag tot die Suid-Afrikaanse Reserwebank Kwartaalblad: 9-15, Maart.

SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK. 1993. Suid-Afrika se betalingsbalans 1946-1992. Bylaag tot die Suid-Afrikaanse Reserwebank Kwartaalblad: 3, Jun.

SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK. 1998. Vyfde Sensus van Buitelandse Transaksies, Laste en Bates, 31 Desember 1995. Bylaag tot die Suid-Afrikaanse Reserwebank Kwartaalblad: 11-18, Maart.

VAN DER MERWE E.J. EN BESTER M.C. 1983: Suid-Afrika se buitelandse laste en bates, 1956 tot 1981: 56-68, Junie.